# Lesing 1 van 7.8.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

Hoe waar is hierdie bostaande stelling nie. Dis ondenkbaar om ’n huis of huisgesin vir jouself voor te stel sonder ’n moeder. Sy, die versorger, die sagte een, die trooster, is die een wat die huis in stand hou, maar meer nog, sonder haar as die barende, sal daar nooit kinders wees nie en sal ’n huis nie kan voortbestaan nie. Daar sal geen gesin wees nie, geen kleinkinders of agterkleinkinders nie, geen saadlyn van die adamitiese mens nie.

As ons in die skepping van die natuur gaan kyk, sien ons dieselfde beginsel. Diere, voëls, insekte en visse kan nie voortbestaan sonder die vroulike wat baar of eiers lê nie. Die saad word vanaf die manlike ontvang en verwerk binne die vroulike baarmoeder tot ’n ewebeeld van die manlike of vroulike spesie en so plant die spesies al vir 6000 jaar voort. Ook is dit van toepassing op die planteryk. Daar sou geen planteryk gewees het sonder die vroulike nie. Stuifmeel bevrug die kelk en ’n vrug en/of saad word gevorm vir die volgende generasie. Dit vind plaas in die hele diere- en planteryk met ’n paar uitsonderings na.

As ons die Godheid of Elohim wil verstaan is dit tog logies om na Sy skepping te gaan kyk en antwoorde daar te soek. Omdat ons Skepper so goed en lief was vir ons, het Hy vir ons die geskrewe Woord gegee waarin ons ontdekkings kan maak ten opsigte van Hom, van onsself as mense en van Sy skepping. Dit stel ons dan in staat om Hom, JaHWeH, die Ewige, die Oneindige, die Alomteenwoordige ’n klein bietjie meer te verstaan. Dit kan mens gedeeltelik doen deur net pure logika te gebruik, MAAR, dan moet ons onsself eers ledig van alle vooropgestelde idees wat ons van die Elohim/Godheid gehad het. Dan moet ons bereid wees om 2000 jaar se menslike interpretasies van die Godheid te toets aan Waarheid, dus te toets of ons konsep van die Godheid die WET VAN LOGIKA sal deurstaan.

Nou wat is die WET VAN LOGIKA? Eenvoudig gestel. Dit is GELOOF. Maar ’n ware Geloof wat dan tog waar moet wees, ’n ware geloof moet logies wees, anders IS DIT ONGELOOF! Jy kan tog nie in iets glo as dit nie sin maak nie. Kom ons kyk na ’n eenvoudige wyshkundige aksioma.

As A gelyk is aan B en B is gelyk aan C, dan is A ook gelyk aan C. Hou dit in gedagte.

Terug by ons moeder van die huis. As ons huis ’n ewebeeld van die Goddelike Elohim-huis is, hoekom het ons eerste huis op aarde, naamlik Adam en Eva, ’n vader en ’n moeder, maar by die Godheid ontbreek die moeder, of eerder, ons is geleer dat daar net ’n Vader in die hemele is.

Vir duisende jare klink hierdie vraag al op: “Mevrou, na wie se beeld is u geskape”? Nêrens kon ek ooit enige geskrifte vind wat hierdie geheimenis kon uitklaar nie. Ek persoonlik het hierdie vraag al aan so baie vrouens gerig, en dan antwoord hulle almal, “maar na God se beeld, of na Jesus se beeld natuurlik, soos in **Génesis 1:26 tot 27**”. (*Alle aanhalings uit die Boek van Herinnering*)

**Gen 1:26:** *En Elohim het gesê: Laat ONS adamiete **maak na ONS beeld, na ONS gelykenis**, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die Hemele en oor die vee en oor die hele Aarde en oor al die diere wat op die Aarde kruip.*

**Gen 1:27:** *En Elohim het die adamiet **geskape na SY beeld; na die beeld van Elohim** het HY hom geskape; **man en vrou** het HY hulle geskape. **[**Maleagi_2:15]*

Hier kom die WET VAN LOGIKA nou in. As die eerste man en vrou in die vlees na die BEELD van Elohim geskape is en Elohim sê: “LAAT ONS”, dan is dit noodwendig dat daar ’n hemelse geestelike ewebeeld van Eva moet wees. As A gelyk is aan B en B is gelyk aan C, dan is A ook gelyk aan C.

Nou sê die kerk die volgende vir ons oor die DRIE-ENIGE GOD aan wie ons vir millennia blootgestel was: Aanhaling uit die **Nederlandse Geloofsbelydenis**:

“*Verder moet ons ook let op die besondere ampte en op die werkinge van die drie Persone met betrekking tot ons: Die Vader word ons Skepper deur sy krag genoem; die Seun is ons Saligmaker en Verlosser deur sy bloed; die Heilige Gees is ons Heiligmaker deur **SY** inwoning in ons hart.”*

**Die Geloofsbelydenis van Nicea,** eerste kerk-sinode:

“*Ons glo in die **HEILIGE GEES**, wat Here is en lewend maak. **HY** gaan van die Vader en die Seun uit, en **HY** word saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik. **HY** het deur die profete gespreek*.”

Hierdie twee stellings hierbo maak geen sin nie en is geensins logies nie. Hier word verklaar dat Vader, Seun en Heilige Gees DRIE MANSPERSONE in die Gees is. Die beeld van Elohim as ’n DRIE-MANLIKE EENHEID bots dus met **Genesis 1:26-27** wat sê dat die BEELD van Elohim ’n Geestelike vroulike “EVA” moet bevat.

Dus is die stelling vanuit die Nederlandse geloofs-belydenis, wat geskoei is op die Geloofsbelydenis van Nicea, VALS! Want A is nie gelyk aan B nie en daarom kan A nie gelyk wees aan C nie. DIE WET VAN LOGIKA. As die mens dan deur hierdie Nederlandse en Nicea-beeld van Elohim/God geskape moes gewees het, moes hulle dus “Adam and Steve” gewees het en nie “Adam and Eve” nie. Ook kyk ons daarmee saam na die voortspruitende onvermoë van so ’n manlike mensepaar om voort te plant. Die hele Skeppingsryk van manlik/vroulik skreeu ook uit dat dit nie so kan wees nie. Dus is die vraag. Waar is ons Elohim-Moeder?

# Lesing 2 van 8.8.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

Voordat ons verder gaan met ons soeke na die Geestelike Moeder, laat ons net ’n bietjie vertalingsbedrog oopvlek. Dit behels die woord “God” ENKELVOUD wat deurgaans in die Bybels, feitlik alle vertalings, voorkom. Hierdie woord word gebruik vir die Hebreeuse woord “Elohim” wat ’n MEERVOUDSWOORD is en wat ons destyds met die vertaling van Die Boek van Herinnering die naaste beskrywing kon gee as “Magtiges”. Dit is hoekom ons die woord “ONS” vind en nie “LAAT **EK** MENSE MAAK” wanneer na Elohim verwys word in **Genesis 1:26-27**. Dus **bewys** die “ONS” die meervoudsvorm Elohim.

Wanneer van enkelvoud God gepraat word in die Hebreeus, gebruik hulle die woorde “El, Elohey en Elowahh” Laasgenoemde woord, nl. **Elowahh is ’n vroulike woord,** want die “hh” agtervoegsel bepaal die geslagtigheid van woorde in Hebreeus. In Hebreeus is daar geen “dit” nie, maar slegs “hy of sy, hom of haar”. As ons dus van Vader wil praat, sal ons sê: “Die El van die Elohim” wat in ons taal beteken “die God van die Gode of die Magtiges”.

Nou voordat u dink ek propageer nou ’n meervoudige of veelkoppige Elohim, kom ons maak die begrip van ’n “EENHEIDSGOD” vas met die volgende verse:

***Deut 6:4*** *HOOR, JisraEl, JaHWeH onse Elohey,* ***JaHWeH [is] EEN.***

***Joh 10:30*** *(JaHshua spreek) Ek en die VADER is* ***EEN****.*

JaHWeH is EEN, Elohim is EEN, maar hulle is EEN “familie”, bestaande uit Vader, Seun en Heilige Gees, ook bestaande uit ’n oneindige magdom engele. Ons gevalle mense was ook eens deel van daardie familie sodat die Psalmdigter met reg kan sê:

**Psalm 82:6** “Ek self het gesê: JULLE IS ELOHIM, en julle is almal Seuns van die Hoogste El –“

Kyk hoe ons verder bedrieg is in die volgende vers: (Aanhaling uit die Ou King James met Strongs nommers daarna)

**Exo 20:2** I[H595] *am* the LORD[H3068] thy God,[H430] whiKron[H834] have brought thee out[H3318] of the land[H4480 H776] of Egypt,[H4714] out of the house[H4480 H1004] of bondage.[H5650]

**Exo 20:3** Thou shalt have[H1961] no[H3808] other[H312] gods[H430] before[H5921 H6440] me.

In vers 2 word die woord ELOHIM, Strongs no H430 vertaal as “GOD” enkelvoud, maar in vers 3 word dieselfde Hebreeuse woord ELOHIM, ook Strongs H430, as “GODE” meervoud vertaal. Hoekom sulke bedrog invoer? Op beide plekke is dit ’n Hebreeuse meervoudswoord, maar in die positiewe (Goddelike) konteks word dit sommer enkelvoud GOD gemaak, maar in die negatiewe (Sataniese) geval vertaal hulle dit wel as “GODE” meervoud.

Ek moes eers hierdie voorafgaande duidelik maak sodat u kan verstaan wat word bedoel met verse “Die El (enkelvoud) van die Elohim (meervoud)”. Dit verwys na of die Vader, of die Seun van die Elohim familie.

Kom ons gaan nou terug na ons familie in **Genesis 1:26-27**: Hier besluit die hele GODDELIKE FAMILIE (Elohim-meervoud) om die adamiet/mens te skep na HULLE beeld en gelykenis. Man EN VROU word hulle geskape, maar, en dis uiters belangrik, as ’n **androgene paar** as beeld van die androgene Elohim waar Vader en Gees EEN is en nie twee losstaande entiteite nie. Dus kan ons uit hierdie verse bewys dat die geslagtelikheid van die eerste geskape Adam/Gawahh ’n eenheid was soos Elohim, naamlik manlik en vroulik in EEN WESE. Eers in **Genesis 2:21-23** verander Vader hierdie androgene geskape eenheid na ’n losstaande paartjie, man apart en vrou apart. Gawahh word UIT die man geneem, maar is vlees van sy vlees en sy het steeds dieselfde asem van die lewe van **Genesis 2:7** in haar siel. Hoekom is nie nou ter sake nie, maar die redes word egter breedvoerig verduidelik in www.nuweopenbaring.co.za.

Hierdie twee, Adam en Eva, sou nou ook die eerste “gemeente” op aarde word, met hul kinders as lede van daardie gesinsgemeente. Daardeur lei ons af dat DIE GESIN DIE GEMEENTE IS en nie ’n kerk of party of enigiets anders nie. Die gesin vorm dus die bousteen van die geestelike huis wat Adam op aarde moes vestig. Helaas, slaan Nagash, die slang, toe in die paradys en rig sy aanslag direk op **die eenheid van die gesin** en vanuit ’n besoedelde baarmoeder van Eva kom ’n bedrieër en moordenaar voort genaamd Kain.

Terug by die Hebreeuse taal. Alle selfstandige naamwoorde is geslagtelik in Hebreeus, minder so in Grieks en Duits. In Afrikaans het hierdie eienskap ongelukkig verlore gegaan en ons sal byvoorbeeld sê: “Dit is ’n skip, of dit is ’n glas of dit is ’n Ark”. In Hebreeus sal dit as volg klink: “SY is ’n skip, of SY is ’n glas, of SY is die Ark”. So ook met die manlike: “HY is saad, HY is brood, HY is die Tabernakel, ens.”. Uit laasgenoemde kan u weer sien, die manlike Tabernakel, afbeelding van JaHshua, met die Ark, vroulike afbeelding van Sy innerlike daarbinne. Hierdie geslagtelike regstelling sluit vele geheimenisse oop vir die leser en daarom is die **Boek van Herinnering** sodanig reggestel sodat die oorspronklike Hebreeuse geslagtelikheids taalreëls geld en nie die Afrikaanse geslagtelikheids taalreëls nie. (**Die Boek van Herinnering** is beskikbaar by ons, maar u kan ook op die Internet gaan lees by www.nuweopenbaring.co.za) Hier volg ’n lys van woorde in die Skrifte met hul geslagtelikheid aangedui: U kan solank die tabel deurwerk en dan sal ons met die volgende aflewering verder gaan in ons soeke na

# Aanhangsel A - woorde en hul geslag.

| MANLIK | | VROULIK | | |
|---|---|---|---|---|
| Altaar | Oortreding | Aarde | Hoop | Seël |
| Bad | Pasga | Adamah | Hulp | Seën |
| Banier | Poort | Afspoelwa | Insetting | Seëninge |
| barmhartig | Pot | Angs | Jahh | Siel |
| Bedsprei | Purperrooi | Ark | Juk | Skip |
| Beeld | Ramshoring | Arm | Kamer | Skottel |
| Beesmis | Reg | Bed | Kandelaar | Slip |
| Bloed | Rots | Beeld | Karkoere | Sotheid |
| Boek | Ruitery | Beker | Kennis | Sout |
| **Boekrol** | Saadlyn | Besoedeling | Klaaglied | Spelonk |
| **Boom** | Saal | Blydskap | Klip | Spysbydrae |
| Brief | See | Boog | Klossies | Stad |
| Brood | Skouerkleed | **Boom** | Koek | Staf |
| Byl | Son | Boosheid | Koningsblou | Steen |
| Dam | Stem | Brandoffer | Koningskap | Skip |
| El | Stok | Bron | Kroon | Swaard |
| **Elohey** | Tabernakel | Bydrae | Kruik | Teken |
| Fees | Tent | Doderyk | Kuil | Tong |
| **`n gees** | Troon | Dood | Lied | Vaatjie |
| Gelofte | Volk | Dwaasheid | Liefde | Verbond |
| Glansrykheid | **Vuur** | Erfdeel | **Lig** | Vergadering |
| Hare | Wapens | **Elohey** | Maan | Verlossing |
| Hoogmoedighei | Water | Elowahh | Mandjie | Versoendeksel |
| d | **Weg** | Fontein | Mantel | Vloek |
| Huis | Wolkkolom | Gebooie | Melk | Voet |
| Keel | Woud | **Die Gees** | Muur | Voorhangsel |
| Kleed | Yster | Geloof | Net | Vrees |
| Koepel | Woord | Geregtigheid | Ongeregtigheid | **Vuur** |
| Lamp | | Gerug | Oog | Vye |
| Las | | Geskenk | Parskuip | Wa |
| **Lig** | | Grond | Pilaar | Waarheid |
| Linne | | Gruwel | Plaag | Warrelwind |
| Lossing | | Hand | Raad | Weë |
| Meel | | Handpalm | Regspraak | **Weg** |
| Mond | | Hart | Regterhand | Wet |
| Muur | | Heerskappy | Rol | Wond |
| Nasie | | Hoeksteen | Salfolie | Wysheid |

NOTA: Woorde wat verdik is, kom beide as manlik en vroulik voor.

**H430**

אֱלֹהִים

'ělôhîym

*el-o-heem'*

Plural of H433; *gods* in the ordinary sense; but specifically used (in the plural thus, especially with the article) of the supreme *God*; occasionally applied by way of deference to *magistrates*; and sometimes as a superlative: - angels, X exceeding, God (gods) (-dess, -ly), X (very) great, judges, X mighty.

**Total KJV occurrences: 2601**

Strong's Hebrew and Greek Dictionaries

# Lesing 3 van 9.8.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

Omdat **Genesis 1:26-27** dit onteenseglik stel dat daar ‘n Moeder in die Elohim-familie moet wees, sal ons nou verder moet gaan soek in die Skrifte of daar wel so-iets bestaan. Kom ons gaan kyk na JaHshua se woorde toe Sy leerlinge die kindertjies verhoed het om na Hom toe te gaan.

Ons as nasate van Adam en Eva is almal óf manlik, óf vroulik en kan ons nie eintlik `n volkome androgiene wese visualiseer nie. Ons kan wel `n volmaakte huwelik visualiseer en dit is dus nou die NAASTE BEELD VAN ELOHIM en nou ook die ENIGSTE BEELD VAN ELOHIM OP AARDE. Hoe moeilik is dit nou om so-iets vir jouself voor te stel. Selfs `n kind sal die volgende kan verstaan!

PAPPA,

MAMMA,

BOETIES en SUSSIES!

En dit, dierbare leser, is wie Elohim is, dis hoe Elohim aanmekaar gesit is.

VADER,

MOEDER

en KINDERS (engele en mense).

As jy dit nie wil verstaan of glo nie, kom luister wat sê JaHshua.

> ***Mat 11:25***: *... dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en geleerdes en dit **aan kindertjies** geopenbaar het.*
>
> ***Mat 18:3***; *en Hy sê: Voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie verander en **soos die kindertjies word nie**, sal julle nooit in die Koninkryk van die Hemele ingaan nie!*
>
> ***Mat 18:4***: *Elkeen dan wat homself **verneder soos hierdie kindjie**, hy is die grootste in die Koninkryk van die Hemele.*
>
> ***Mat 19:14***: *Maar JaHWèshua sê: Laat die kindertjies staan en verhinder hulle nie om na My te kom nie; want **aan sulkes behoort die Koninkryk van die Hemele**.*

Hier lees ek gladnie enigiets daarvan dat jy `n doktorsgraad in godgeleerdheid moet hê om die Koninkryk van die Hemele te verstaan nie. Maar helaas, die mens van vandag is so geïndoktrineer, dat slegs hierdie groot geleerdes se verhandelinge en preke nog indruk op hulle maak, want wat kan `n kind van 6 jaar jou nou vertel van die Drie-enige God! Niks nie. As die drie-enige worstelbegrip van die Godheid dan die korrekte een is, het Jahshua in al hierdie bostaande verse in Mattheus gelieg!

Dit is dus onmoontlik, want as Hy iets sê, dra SY WOORDE oneindige diepte en Krag. Gaan sit vir `n rukkie en bepeins hierdie bostaande verse en u sal tot dieselfde gevolgtrekking kom. Daarom kan ons slegs hieruit aflei dat die ELOHIM `N HEMELSE GESIN IS, want `n klein kindjie kan net PAPPA, MAMMA en BOETIES en SUSSIES verstaan. Daarom moet ons soos hierdie kindjie word en die Skrifte as sulks lees, as ons die Koninkryk van die Hemele wil beërwe.

Met die HOOF VAN ELOHIM het die deursnee Kronristen geen probleme nie. Dit is die HOOGSTE, die ALLERHOOGSTE, naamlik ONS HEMELSE VADER.

Met die begrip kinders in die vorm van ENGELE EN MENSE het die meeste ook geen probleem mee nie.

Maar, wie is die MOEDER?

## Die Trooster, die Gees van Waarheid

Hierdie Trooster word baie duidelik in die boek van Johannes belowe en die verskillende eienskappe van hierdie Trooster word ook genoem. Telkens verduidelik JaHshua iets aan die dissipels wat hulle nie verstaan nie en dan sê Hy vir hulle dat hulle net moet wag, want wanneer die Trooster gekom het, die Gees van Waarheid, sal hulle dit of dat verstaan.

Maar kom ons gaan terug na ons modelletjie toe, dis nou die model van die klein seuntjie wat vir ons moet vertel hoe werk die Hemelse dinge. Onthou u nog dat ons soos kindertjies moet word om die koninkryk te verstaan? Nou goed, kom ons vra hierdie denkbeeldige seuntjie van so 5 jaar. “Nou boetie, wie is die trooster in julle huis, is dit pappa of mamma?” Verseker is dit mamma sê hy, wat altyd die trane afvee, wat die pleisters opsit, wat kos inskep, wat sy klere versorg en wat hom vertroetel. Pa doen dit ook soms as hy huistoe kom, maar mamma doen dit altyd en is altyd by die huis.

Siedaar! Vol punte, die Trooster is `n vroulike wese met moederinstinkte. Asof dit nie genoeg is nie, sê JaHshua die volgende, en spreek Sy innerlike Vroulike polariteit vanuit Sy ewige androgiene wese hierdie volgende woorde:

> ***Matt 23:37*** *Jerusalem, Jerusalem, jy wat die Profete doodmaak en stenig dié wat na jou gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak **net soos ’n hen haar kuikens** onder die vlerke bymekaarmaak, en julle wou nie! [2 Ezra 1:30]*
>
> *Joh 14:16 EN Ek sal die VADER versoek, en HY sal julle **'n ander Trooster gee** om by julle te bly tot in ewigheid: [Odes van Salomo 7:9; JesegiEl 36:26]*
>
> ***Joh 14:17*** *die **Gees van die Waarheid** wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat sy Haar nie sien en Haar nie ken nie; maar julle ken Haar, omdat Sy by julle bly en in julle sal wees. [1 Ezra 4:33-40]*
>
> *Joh 14:18 Ek sal julle **nie as wese** agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe.*

# Lesing 4 van 10.8.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

## Die koninkryk is soos `n vrou wat drie mate meel inwerk

**Die volgende verborgenheid vind ons in Matthèüs 13:31-33:**

***Matt 13:31*** *‘N ANDER gelykenis het Hy hulle voorgehou en gesê: Die Koninkryk van die Hemele is soos ’n Mosterdsaad wat ’n Man neem en in Sy land saai;*

*32 wat wel die kleinste is van al die soorte saad, maar as Sy gegroei het, groter is as die groentesoorte en **’n Boom word**, sodat die **voëls van die Hemele kom en nes maak in Haar takke**.*

*33 ’n Ander gelykenis het Hy hulle vertel: **Die Koninkryk van die Hemele is soos suurdeeg wat ’n Vrou neem en in drie mate meel inwerk totdat sy heeltemal ingesuur is**.*

Hier is twee koninkryke ter sprake, die een ongevalle ryk van JaHWeH (**verse 31-32**) en die gevalle en nou herstelde ryk van Lucifer, wat eintlik nou, na die oorwinning by Golgota, JaHshua se ryk is (**vers 33**). Die eerste ryk het ontstaan uit die manlike saad (mosterd) en word `n androgiene boom waarin die hele heelal se ongevalle geeste in woon.

Die tweede herstelde ryk moet nou eers in drie fases ingesuur word deur die Moeder. Wie anders kan hierdie Vrou dan wees as die alreeds geïdentifiseerde Hemelse Moeder, naamlik die Trooster wat die Geestelike Huis in onsself bou. So **suur die Moeder ons in** met drie soorte suurdeeg, naamlik:

- Die **vlees** van die mens word ingesuur met die **Natuurlike Waarheid**
- Die **siel** van die mens word ingesuur met die **Geestelike Waarheid** en laastens
- Word die **gees** van die mens ingesuur met die **Hemelse Waarheid**

Kyk ook na hierdie vergelykende sinnebeeld in **Génesis 18** in die Ou Testament van Sarah wat ook drie mate meel moes inwerk:

***JaHWeH verskyn aan Abraham!***

***Gen18*** *1:DAARNA het JaHWeH aan hom verskyn by die terpentynbome van Mamre terwyl hy)* Abraham*) by die ingang van die tent sit op die warmste van die dag.*

*2 Toe hy sy oë opslaan en kyk, staan daar **drie Manne** voor hom. En toe hy hulle sien, loop hy hulle tegemoet van die ingang van die tent af en buig hom na die Aarde toe.*

*3 En hy sê: My Meester, as ek nou Guns in U Oë gevind het, gaan dan tog nie by U kneg verby nie.*

*4 Laat hulle tog ’n bietjie **water** bring, en was U voete, en **lê en rus onder die boom**.*

*5 En laat ek ’n **stukkie brood** gaan haal, en versterk U Hart - daarna kan U verder gaan - want daarom het U by U kneg aangekom. En Hulle antwoord: Doen soos u gesê het.*

*6 Toe loop Abraham haastig in die tent **na Sarah en sê: Maak gou, knie drie mate meel, die beste, en maak roosterkoeke.***

Weereens `n bevestiging van die herstelde koninkryk (Abraham en Sarah) wat deur die vrou, Sarah berei word vir die Hemelse besoekers van die ongevalle ryk of mosterdboom. Abraham, die manlike gee opdrag en Sarah, die vroulike voer die opdrag stiptelik uit. Die eintlike boodskap was dat Abraham en Sarah 9 maande later `n seun sou hê, `n afbeelding van JaHshua (Isak) wat moes kom, en wat ook uiteraard heenwys na die geestelike wedergeboorte wat nou moet plaasvind (**Openb 12:6**), maar wat ook, as ons die gedeelte in Génesis verder lees, in dieselfde tyd plaasvind as die vernietiging van Sodom en Gomorra, weereens `n afbeelding van die eindtyd oordeel van Babilon. Dus gaan die twee gebeure hand aan hand, naamlik wedergeboorte vir Sion/Sarah wat beteken, edelvrou en die vernietiging van Babilon.

## Seun, daar is jou moeder, vrou, daar is jou seun

Baie gedeeltes in die Skrif word slegs oppervlakkig deur die meeste mense gelees, soos die onderstaande. Sodra `n mens egter dieper na elke vers begin kyk, sien mens die drie vlakke van openbaring daarin, naamlik die natuurlike, die geestelike en die hemelse waarheid in ons Meester se woorde.

***Joh 19:25*** *En by die folterpaal van JaHWèshua het gestaan Sy moeder en Sy moeder se suster, Mirjam, die vrou van Klopas, en Mirjam die Migdalieth.*

*26 En toe JaHWèshua Sy moeder sien en die student wat Hy liefgehad het, by haar staan, sê Hy vir Sy moeder: **Vrou, dáár is u seun**!*

*27 Daarop sê Hy vir die student: **Dáár is jou moeder**! En van daardie uur af **het die student haar in sy huis geneem.***

Natuurlik het Hy geweet dat sy dissipels na Sy moeder sal omsien, dus waarom spreek Hy hierdie woorde uit, feitlik Sy laaste woorde aan die vloekhout. Omdat Johannes die voorstelling van die hemelse waarheid is, omdat hy die hoogste geestelike ontwikkelingsvlak bereik het van al die apostels, word hy gekies, nie net om die aardse moeder van Jahshua in sy aardse huis te neem nie, maar Jahshua bied hom nou die toekomende Moedergees van die Hemele aan, wie Hy binnekort (sowat 53 dae daarna) sou uitstort oor die wêreld en daarom kon Johannes Haar in sy geestelike huis verwelkom, want hy was nou gereed vir die wedergeboorte!

# Lesing 5 van 11.8.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

Het die profete en die Apostels kennis besit van die Geestelike Moedergees? Kom ons gaan kyk in die Skrifte of daar wel bewyse bestaan:

**2 Johannes 1:1**

DIE oudste **aan die Uitverkore Vrou en aan Haar kinders** - wat ek in Waarheid liefhet, en nie ek alleen nie, maar ook almal wat die Waarheid leer ken het;

2Jn 1:2 **ter wille van die Waarheid** wat in ons bly en by ons vir ewig sal wees -

2Jn 1:3 Guns, Barmhartigheid, Vrede sal met julle wees van die Elohim; die VADER en van onse Meester JaHWèshua die Gesalfde, die Seun van die VADER, in **Waarheid en Liefde**.

2Jn 1:4 EK was baie bly dat ek van U kinders gevind het wat **in die Waarheid wandel**, soos ons 'n Gebod van die VADER ontvang het.

2Jn 1:5 En nou bid ek U, Uitverkore Vrou, nie asof ek U 'n nuwe Gebod skryf nie, maar een wat ons van die begin af gehad het: dat ons mekaar moet liefhê.

2Jn 1:6 En **Sy is die Liefde**, as ons wandel volgens **Haar Gebooie**. Sy is die Gebod soos julle van die begin af gehoor het dat julle in Haar moet wandel. [Sirah 24:18 -20]

Aan wie anders kan hierdie brief gerig wees, naamlik aan die Moedergees van Waarheid wat uit die Liefde kom wie JaHshua Self is. Ons, die kinders van die **Uitverkore Vrou**.

In die voorafgaande tabel van manlike en vroulike woorde in lesing 2 sien ons dat “klip of steen” vroulike woorde is. Dit ontsluit dan vir ons die volgende waarheid, naamlik wie die Hoeksteen is wat verwerp is in **1Petrus 2:1-10:**

1Pe 2:1 LÊ dan af alle besoedeling en alle bedrog en geveinsdheid en afguns en alle haatspraak;

1Pe 2:2 en verlang sterk soos **pasgebore kindertjies na die onvervalste Melk van die Woord,** dat julle deur haar kan opgroei,

1Pe 2:3 as julle ten minste gesmaak het dat ons Meester vol Medelye is.

1Pe 2:4 **Kom na Haar toe**, die **Lewende Steen** wat deur die adamiete wel verwerp is, maar by Elohim uitverkore en kosbaar is; [Psalm 118:22]

1Pe 2:5 en laat julle ook soos lewende stene opbou, tot 'n **geestelike Huis**, 'n priesterdom van Apartheid, om geestelike aanbiedinge te bring wat aan Elohim welgevallig is deur JaHWèshua die Gesalfde.

1Pe 2:6 Daarom staan dit ook in die Skrif: **Kyk, EK lê in Sion 'n Grondsteen,** [‘n beproefde Klip,] ‘n kosbare Hoek[steen wat ‘n vaste fondament is,] hy wat vertrou, sal nie haastig wees nie. [JeshaJaH 28:16]

1Pe 2:7 Vir julle dan wat glo, **is Sy kosbaar**; maar vir die ongelowiges geld die Woord: Die Klip wat die bouers verwerp het, **Sy het 'n Hoeksteen geword**; [Psalm 118:22] en: 'n Klip van aanstoot en 'n Rots van struikeling – [JeshaJaH 8:14]

1Pe 2:8 vir dié wat hulle teen Hom stamp, omdat hulle aan die Woord ongehoorsaam is, waarvoor hulle ook bestem is. [JeshaJaH 8:14]

**Mat 2:17:**

Toe is vervul wat deur JirmeJaH, die Profeet, gespreek is toe hy gesê het:

Mat 2:18 ‘n Stem word gehoor in Rama, geklaag, bitter geween; **Ragel ween oor haar kinders**; sy weier om getroos te word oor haar kinders, omdat hulle daar nie is nie. [JirmeJaH 31:15]

**Jer 31:12**

En hulle sal kom en op die Hoogte van Sion jubel en toestroom na die seëninge van JaHWeH, na die koring en die vars wyn en die olie en na die jong skape en beeste; en hulle siel sal wees soos ‘n welbesproeide Tuin, en hulle sal verder nie meer kwyn nie.

Jer 31:15 So sê JaHWeH: ‘n Stem word gehoor in Rama (*hoogte*), geklaag, bitter geween; **Ragel ween oor Haar kinders**; Sy weier om getroos te word oor Haar kinders, omdat hulle daar nie is nie. [MattithJaHûW 2:18]

Jer 31:22 Hoe lank sal Jy bly aarsel, o afkerige Dogter? Want JaHWeH het iets nuuts op die Aarde geskape: **Die Vrou sal die Krygsman omarm**. [Odes van Salomo 12]

**Mal 2:11**

JeHûWdah het verraderlik gehandel, en 'n gruwel is in JisraEl en in Jerusalem gepleeg; want JeHûWdah het die **Apartheid van JaHWeH, wat Hy liefhet, vermeng**, en hy is **besitter van die dogter van 'n volksvreemde god**. [JirmeJaH 3:8]

Mal 2:14 En julle vra: Waarom? Omdat JaHWeH getuie is **tussen jou en die Vrou van jou jeug** wie jy verraai het, terwyl sy tog jou metgesel is en **die Vrou van jou Verbond.**

Mal 2:15 Het Hy dan nie een [adamiet] gemaak nie, hoewel Hy gees oorgehad het? En waarom die een? Hy het 'n saadlyn van Elohim gesoek. Neem julle dan in ag ter wille van julle gees **en verraai nie die Vrou van jou jeug nie.** [Génesis 1:27]

**Jesaja_53:6-7**

Isa 53:6 Ons almal het gedwaal soos skape, Ons het elkeen Ons eie pad geloop; **maar JaHWeH het die skuld van Ons almal se ongeregtigheid op Hom laat neerkom.**

Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het Sy mond nie oopgemaak nie; soos 'n **Lam** wat na die slagplek gelei word **en soos 'n Ooi** wat stom is voor die aangesig van Haar skeerders - ja, Hy het Sy Mond

# Lesing 6 van 12.8.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

## Satan is ook beide manlik en vroulik in die Skrifte

As die positiewe Elohim manlik en vroulik is en dit is sekerlik `n bewese feit, dan moet die getuienis oor Lucifer ook tog leidrade verskaf van manlike en vroulike eienskappe. Lucifer was eens geskape as die mees aanskoulikste engel in die hemele. Hy was die Lig, die eerste geestelike wese, geskape na die Beeld van die Allerhoogste Elohim. Hy was `n vrye wese, geskape met `n vrye wil. Omdat hy die beeld was van Elohim, moes hy ook tog manlik en vroulik in homself gehad het. Dit is so en ek heg `n belangrike aanhaling uit die NO, **Groot Johannes Evangelie Boek 2, Hfs 156** aan waar die Engel Rafael getuig oor androgiene (tweeslagtige) aard van aartsengele, wat Lucifer eens ook was voor sy val die dieptes in.

***Die manlike en die vroulike van die engele***

*[11]* ***Die hoofman*** *vra: .... Is daar by julle ook geslagtelike verskille?"*

*[12]* ***Die engel*** *(Rafael) sê: "Hoewel dit `n ietwat ontaktiese vraag is, wil ek, omdat jy dit slegs maar uit weetgierigheid vra, antwoord met nee! In ons bestaan van oergeskape geeste vind jy by ons, wat ontelbaar is, sonder uitsondering slegs maar die manlik-positiewe wese, maar tog is ook die vroulik-negatiewe grondbeginsels in elkeen van ons volkome aanwesig, en daarom vind jy in elke engel die volmaakte huwelik van die hemele van Elohim. Dit hang heeltemal van onsself af, na gelang of ons onsself in één en dieselfde geestelike omhulsel in die manlike of in die vroulike vorm wil laat sien.*

*[13] Weens die feit dat ons in onsself dubbele wesens is, lê ook die rede waarom ons nie ouer kan word nie, omdat die twee pole in ons mekaar ewiglik bly ondersteun. By julle mense is die pole geskei deur `n geslagtelik geskeie persoonlikheid en het daarom, omdat elkeen apart is, geen steun vir mekaar nie.*

*[14] As die geskeie persoonlike pole hulself egter uiterlik raak, neem hul krag af en lyk hulle soos `n wynsak wat steeds rimpelagtiger word namate `n mens hom meer van sy geesryke inhoud beroof het. As jy jou egter `n wynsak sou kon voorstel wat self steeds dit sou kon produseer wat mens daaruit haal, dan sou jy op sy oppervlak nooit die voue en rimpels ontdek wat sy uiterlike daar so oud laat uitsien nie. -*

*[19]* ***Die hoofman*** *sê: "Word daar dan nie in die hemel ook geëet en gedrink nie?"*

*[20]* ***Die engel*** *sê: "O ja, maar nie soos op die aarde nie, maar geestelik! Ons het die eeue deur die Woord van Elohim ook in ons, soos wat hemel en skepping deur die Woord bestaan en heeltemal daarmee vervul is. Die Woord is voorlopig ons wesenlike bestaan en vir dié bestaan is dit ook die enigste werklike lewensbrood en die egte lewenswyn. In ons are stroom dit net soos die bloed wat by julle stroom, en ons ingewande is gevul met die brood van Elohim."*

Lucifer was `n groot skeppende entiteit en het die saad geproduseer met sy manlike polariteit en geskep met sy vroulike polariteit. Dink aan ons mense wat maar net ons eie beeld as mens kan produseer, terwyl hy as self `n androgiene wese, `n hele skepping uit homself kon voortbring, naamlik engele, mense, diere, plante en vaste bodem. Dit is presies wat engele gedoen het, maar in daardie skeppingstyd kon die Vader nie deur die engele gesien word nie, hulle kon die Godheid of Elohim slegs ervaar as `n Gees, as `n sagte skeppende briesie van Krag (NO).

Die hele skepping het die GROOT GEES aanbid, alhoewel hulle Hom nie kon sien nie, vanweë sy grootsheid en glansrykheid. Gaandeweg het Lucifer se hoogmoed toegeneem en hy ontken hierdie GEESTES-KRAG en laat weet sy hele skepping dat hy die Elohim/ God is en dat alle krag vanuit hom ontstaan. Hierdie verheffing veroorsaak toe `n val in die dieptes van duisternis vir hierdie hele oneindige skepping van Lucifer. `n Derde van sy engele rebelleer saam met hom en die ander twee-derdes bly getrou aan Elohim. Hierdie rebellie is nie onmiddellik gestuit deur Vader nie, maar hierdie gevalle skepping het voortgegaan om verder en verder van Hom en Sy Gees af te beweeg. Omdat Lucifer `n vrye wese was, kon hy nog berou getoon en hom bekeer het. Omdat die krag van Elohim hom verlaat het, naamlik die Gees van Wysheid, het sy innerlike vroulike pool al hoe meer duister geword en bose skeppings begin voortbring. Ons lees in die **Openbaring van Henog 11** die volgende:

*53 Die Duiwel is die gees van besoedeling van benede, as 'n vlugteling het hy* ***<u>Satana</u>*** *(***sy nuwe duister vroulike gees***) van die Hemele gemaak omdat sy naam Sataniël was, so het hy verskillend van die boodskappers geword,*

*54 maar sy geaardheid het nie sy intellek [kennis] verander wat sy begrip van Geregtigheid en oortreding betref nie.*

Satan en hierdie gees, Satana, het hul hele voormalige volmaakte skepping vernietig met boosheid, tot op `n punt toe Vader sê: "Tot hiertoe en nie verder nie, ter wille van die twee-derdes wat my nie verlaat het nie, sal ek hierdie afwaartse proses nou stop". Hierdie Satana-gees is bymekaargemaak, van haar mag ontneem en hierdie hele oneindige gees is binne-in die aarde gedruk en staan nou bekend as die Doderyk. Hierdeur is Satan se mag oor sy ganse Skeppingsryk totaal ingeperk en is hy hoofsaaklik werksaam in die aardse sfeer van ons wêreld. Die hel/doderyk is

werklik binne-in die aarde en is `n fisiese plek waar alle gevalle engele (een-derde rebelle) gevange gehou word, asook alle onregverdige siele van mense wat op hierdie aarde geleef het van Adam se tyd af. Voordat JaHshua as offer gebring is, was alle regverdige siele vanaf Adam ook hier geherberg, wel in `n afsonderlike plek, maar steeds in die doderyk. Die "ter helle neer-daal van Jahshua" was dan juis om hierdie geredde siele, wat nog vasgevang gesit het in die mag van hierdie vroulike Satana-gees, te gaan uithaal en om hulle na die paradys, oftewel na die hemelse sfere, te bring. ***(Jakob Lorber, Bertha Dudde, Openbaring van Henog 11, Jesaja en Esegiël)**

Ons vind egter `n pragtige en duidelike bewys van hierdie androgiene aard van Satan en Doderyk (Satana) in die antieke geskrif, genaamd die Evangelie van Nikodemus. Hierdie is egter geen evangelie nie, maar `n wettige dokument van die Sanhedrin, deur Nikodemus as skrywer opgestel oor drie mense wat in die doderyk was ten tye van Jahshua se neerdaling in die hel en wat opgestaan het uit die dode. Die Sanhedrin het van hulle te hore gekom, hulle voor die Raad van Kajafas gedaag en elkeen moes afsonderlik voor die Sanhedrin getuig. Elkeen se verhaal was eenders en daarom moes hulle verhaal as waarheid verklaar word, want volgens die Wet van Moses berus die waarheid op die getuienis van twee of drie. Hierdie dokument word natuurlik verswyg deur die adder-geslag wat ons Verlosser vermoor het, tot vandag toe. Maar dank Vader, ons het die Boek van Herinnering waarin hierdie boek voorkom. Ek haal aan uit die gesprek tussen Satan en Satana (Doderyk) in die doderyk tydens JaHshua se neerdaling daarin.

***Satan en die Doderyk in beroering*.**

**2 Nikodemus Hfs 4** EN terwyl hulle almal so vreugde-vol was, kom **<u>Satan</u>**, die heerser oor die duisternis, en sê vir die **Doderyk/Sheol**: (manlik in gesprek met vroulik)

*1a Allesverslindende en Onversadigbare, luister na my woorde!* [Spreuke 30:16]

*1b Daar is iemand uit die geslag van die manne van JeHûWdah, JaHWèshua, wat Homself die Seun van Elohim noem, maar Hy is 'n adamiet en met ons medewerking het die Jode Hom gefolter.*

*1c En noudat Hy dood is, maak jou klaar sodat ons Hom hier in bewaring kan neem.*

*1d Want ek weet dat Hy 'n adamiet is en ek het Hom hoor sê: My Siel is uitermate bedroef, ja, tot die dood toe.*

*1e En Hy het my baie kwaad aangedoen in die bowe-wêreld onderwyl Hy tussen die adamiete verkeer het.*

*1f Want oral waar Hy my dienaars gekry het, het Hy hulle vervolg; en soveel adamiete as wat ek gebreklik of blind of lam of melaats of so iets gemaak het,*

*1g dié het Hy deur 'n enkele woord genees, en baie wat ek vir die graf gereed gemaak het, het Hy weer met 'n enkel woord lewendig gemaak.*

*2* ***<u>Doderyk/Sheol sê:</u>*** *En is Hy inderdaad so magtig dat Hy sulke dinge kan doen deur een enkele woord? Of kan jy Hom, as Hy so is, weerstaan?*

*2a Dit lyk vir my niemand sal Hom kan weerstaan nie. Maar as jy sê dat jy gehoor het dat Hy die Dood vrees, het Hy dit seker maar gesê om jou te bespot en uit te lag, terwyl Hy met 'n Sterke Hand op jou wil toeslaan. En wee, wee jou vir ewig!"*

*2b* ***<u>Satan sê:</u>*** *Allesverslindende en onversadigbare Doderyk/Sheol, het jy so bang geword noudat jy van ons gemeenskaplike vyand gehoor het?*

*2c Ek het Hom nie gevrees nie, maar ek het die Jode aangesit en hulle het Hom gefolter en Hom ook gal gemeng met asyn gegee om te drink.*

*2d Maak jou dus klaar om Hom, wanneer Hy kom, met krag te oorweldig."*

*3* ***<u>Doderyk/Sheol antwoord:</u>*** *Vors van die Duisternis, Seun van die verderf, jy het net nou vir my gesê dat Hy baie van hulle wat jy vir die graf gereed gemaak het, met 'n enkele woord weer lewendig gemaak;*

*3a as Hy dan baie ander van die graf bevry het, hoe en met watter mag sal Hy deur ons vasgehou word?*

*3b Self het ek 'n tydjie gelede 'n sekere dode met die naam van El-Azer (*Laserus*) ingesluk, en kort daarna het Iemand uit die lewendes hom weer deur 'n enkele woord uit my ingewande met geweld teruggeruk.* [JeHôWganan 11]

*3c Nou glo ek dat dit Hy is van wie jy praat. As ons Hom dus hier opneem, vrees ek dat ons miskien in gevaar verkeer ten opsigte van die ander [dodes] ook.*

*3d Want ek het alle adamiete van die begin af ingesluk, en kyk, ek merk dat hulle onrustig word en ek voel pyn in my ingewande;*

*3e en hierdie El-Azer wat reeds vroeër van my af weggeruk is, lyk vir my nie na 'n goeie teken nie, want hy het van my af weggevlieg, nie soos 'n dooie adamiet nie, maar soos 'n arend, só haastig het die Aarde hom uitgewerp.*

*3f Daarom besweer ek jou by jou gawes en by my eie dat jy Hom nie hierheen bring nie, want ek glo dat Hy hierheen kom om al die dodes op te wek.*

*3g En dit sê ek vir jou by die buitenste Duisternis, as jy Hom hierheen bring, sal nie een van al die dodes in my agterbly nie.*

# Lesing 7 van 14.8.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

**DROOM VAN JAMES**: Goeiedag almal. Ek het vroegmôre 'n droom gehad. Die droom is nou nog by my en herhaal soos 'n video op replay, dis kristal helder en die woorde en visioen van die droom maal in my hart.
Die droom laat my baie bewoë en emosioneel voel, dis 'n snaakse mengelmoes van emosies (bly maar ook hartseer, opgewonde maar ook treurig, rustig maar ook onrustig en 'n gevoel van op hete kole dat daar werk is wat nou gedoen moet word, nou, vandag, more is te laat.)

**Die droom:**

Dis warm, dis droog, die son besies skree skril, ons is 'n klein groepie maar ons is ook nie 'n groepie nie.
Ons (die gevoel is duidelik dit is ons en nie ek nie) is honger en dors en ons voel ons kan nie stop om te rus nie anders gaan ons te laat wees (daai gevoel van jy gaan jou vlug mis en dis die laaste vlug).
Ons stap op 'n pad, dis 'n steil kronkelende grond pad wat klip besaaid is. Die pad vorentoe is steil en die kruin van die hoogte is net voor ons.
Agter ons sien ons die pad kronkel in die vallei in af tot dit verdwyn in die grou van die afstand. Dis dag maar in die die afstand sien jy die swart silhoeëtte van geboue met flikkerende liggies dit is nag daar en ons sien ook die flikkering van vuur vlamme teen die silhoeëtte.
Op die pad agter ons is daar mense, hulle stap een een en groepies die een een sluit aan by groepies op die pad
Die pad het baie ander paadjies wat by die pad aansluit daar is ook mense op die paadjies. Almal stap in die rigting wat ons stap. Party stap flink, party drentel en ander sit lang die pad.
Dan is ons bo op die plato. Die valei agter ons is nou verberg in die newels. Dis koel, daar waai 'n koel wind, dis rustig.
In een oomblik sien jy 'n wit korbeel huis staan voor 'n groot land wat van klein groen saailinge tot geil goue ryp koring wat dik in die gerwe staan.
Die ryp koring is besig om geoes te word deur mense in wit met sekels jy kan nie sien of dit man of vrou is nie. Daar is 'n wit stoor met 'n massiewe wit albaster dorsvloer voor die stoor.
Dis bedrywig. Jy kry. 'n gevoel van hier word daar gewerk met 'n glimlag en 'n loflied in die hart.
Dan is ons voor die wit korbeel huis. Die huis in in 'n sirkel gebou met n koepel dak van wit klip en die plaveisel buite om die huis is van goue crocolite. Die vensters is van soliede gesnyde roos kwarts.
Die voordeur is van kiaat en die raam van imbuia. Die voordeur is oop. In die voor vertrek is daar 'n massiewe ronde geelhout tafel met 'n klomp riempie stoele om die tafel.
By die tafel sit 'n man in 'n sprankelende wit kleed. Hy sê vir ons "julle het amper julle maal gemis. Kom sit, eet en drink, die werk is veel en die nag is ophande. Stuur My boodskap vir My volk. Julle tyd van aarsel, van more, van nog 'n dag is minder as 'n paar siklusse van die aarde se suster, julle het twee keuses: laat my saad groei in julle of aanvaar die nag van 'n on ontkiemde saad wat nie smag na My lig om te groei tot My heerlikheid alleen nie. . MY oes is geil op My land en die gesaaides wat gesaai is moet nou wakker word en moet nou ontkiem, groei en ryp word vir My die Landbouer, die eienaar van My oes, voordat daar nooit meer gesaai word nie, Die sak van die die saaier is amper leeg en tyd van die saaier is amper verby"
Toe staan die man op en stap na die kombuis (die huis is klein van buite maar binne voel jy dit is oneindig groot) en die wit kleed verander in 'n lang wit rok en die man se hare word sagter, langer en sagter gekartel.
Die kombuis is bedrywig, langs die een muur staan daar silver bins met flip lids vol koring meel.
Op die lang kombuis tafel is daar groot erde skottels. In van skottels is daar nog net meel, in ander is daar deeg wat gemeng en geknie word en ander is vol en toe onder 'n kaasdoek om te rus en van ander word die deeg afgeknie en in koper bak panne gesit. Die panne word dan op die lys voor die drie bakoonde met geel koper deure gesit om weer te rus hulle dan gebak word in die bak oonde wat een van die kombuis se mure beslaan. Die vure in die bakoonde word gemaak van wingerd wortels wat in hoppers onder die oonde lê
Die vrou kom uit die kombuis met 'n skinkbord vol vars brood en bekers vol melk. Sy sê vir ons "Sit word rustig en eet, drink en word versterk die werk wag en die nag is ophande".
Ons gaan sit aan die tafel. Die Vrou kom sit by die tafel en haar hare verander weer na die van die Man en die rok in 'n wit kleed.
Ons eet die brood en drink die melk. Die man sê vir ons "Eet en drink klaar julle hoef julle nie weer te haas vir brood en melk nie, haas julle wel vir my werk. Julle brood en melk is nou vir julle beskikbaar wanner en waar julle honger en dors het, al wat julle moet doen is om te eet en drink. Julle moet nie honger ly weens julleself nie. Maak seker julle eet en drink gereeld van nou af al voel julle nie honger of dors nie, julle het werk om te doen en julle het al die krag nodig. Dis nou die tyd om te werk. Moenie jouself verwyt dat jy in die oestyd gerus het nie. Die tyd van inval vir die oes is ophande."
Die man staan op en sê "volg my, julle het werk wat nie kan wag nie" ons stap agter die man en die kleed word effe nouer en korter.
Ons volg die man tot by die wit albaster dorsvloer. Die man draai om, sy hare is anders maar dieselfde, sy gesig is anders maar dieselfde.
Die man sê vir ons "Die tyd van die oes is op hande. Julle moet dors en die kaf skei, dis Augustus en die tyd is min. Dit is die maand van die wind en en die maand van die wind is amper verby. My tydraam is nie julle tydraam nie. Wanneer die wind nie meer waai nie dan kan julle nie meer die kaf van My koring skei nie, Werk nou sonder rus en moet nie vir My sê julle kan nie die kaf van koring skei omdat die wind stil gemaak is nie. Die stilte van die wind en die donker van die nag is op hande. Julle moet nou woeker met dit wat julle toevertrou is sonder rus, sonder twyfel I, sonder ophou.

**Einde van die droom**

# Lesing 8 van 15.8.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

*Die Erekoning oorwin die Doderyk.*

**Hfs 5** TERWYL Satan en Doderyk/Sheol besig was om so met mekaar te praat, klink daar **‘n groot Stem**, soos van donder, wat sê:

*1a Hef op jul poorte, o vorste, en verhef julle, ewige deure, en die Erekoning sal binnetree! [Psalm 30:3; Odes van Salomo 17:9-11]*

*1b Toe **Doderyk/Sheol** dit hoor, sê sy vir Satan: Gaan buitentoe as jy kan en weerstaan Hom.*

*1c Satan het toe buitentoe gegaan. Voorts het Doderyk/ Sheol vir haar demone gesê: Verseker goed en stewig die koperpoorte en die ystergrendels en verseker my slotte, en staan reg en bewaak alle punte, want as Hy hierheen kom, sal Weë ons oorval! [Psalm 107:16]*

*2 Toe die **voorvaders** dit hoor, begin hulle haar almal te hoon en te sê: Allesverslindende en Onversadigbare! maak oop dat die Erekoning kan binnekom.*

*2a Die profeet Dawid sê: Weet jy nie, blinde, dat toe ek op die Aarde geleef het, ek daardie woord geprofeteer het nie: Hef op jul poorte, o vorste?*

*2b JeshaJaHûW sê: Deur die Gees van Apartheid het ek dit vooruitgesien en geskrywe: Die dodes sal opstaan, en die wat in die grafte is, sal herlewe, en die wat op die Aarde is, sal jubel, en weer: O Dood waar is jou prikkel? O Doderyk/Sheol, waar is jou oorwinning?*

*3 Toe kom daar weer eens **‘n Stem** wat sê: Hef op die poorte!*

*3a Toe **Doderyk/Sheol** vir die tweede keer die stem hoor, antwoord sy asof sy naamlik niks bemerk het nie, en sê: Wie is die Erekoning? [Psalm 24:10]*

*3b **Die Boodskapper van JaHWeH sê:** JaHWeH, geweldig en magtig! JaHWeH magtig in die stryd! [Psalm 24;8]*

*3c En ineens, saam met die woord, is die koperpoorte tot stukke verbreek en die ystergrendels verkrummel, en al die gebonde dodes is bevry van hul boeie, en ons met hulle, en die Erekoning het binnegekom, in gedaante soos ‘n adamiet; en al die donker plekke van die Doderyk/ Sheol verlig. [Odes van Salomo 29:4]*

**Hfs 6:** ONMIDDELLIK het **Doderyk/Sheol uitgeroep**: Ons is oorwin, wee ons! Maar wie is U wat so ‘n groot vermoë en mag het?

*1c Is U dan dié JaHWèshua van wie Satan, die owerste, vir ons gesê het dat U deur die folterpaal en dood die hele wêreld sou beërwe?*

*2 Toe gryp die **Erekoning** vir Satan, die owerste, aan sy kop en oorhandig hom aan die Boodskappers en sê:*

*2a Bind sy hande en sy voete, sy nek en sy mond met ysterboeie! Daarop gee Hy hom aan Doderyk/Sheol oor en sê: Neem hom en bewaar hom veilig tot by My wederkoms!*

**Hfs 7:** EN toe **Doderyk/Sheol** Satan vat, sê sy vir hom: Beëlsebul, erfgenaam van vuur en straf, vyand van die apartes, wat het jou daartoe gedryf om te bewerk dat die Erekoning gefolter word, sodat Hy hierheen kom en ons van ons mag beroof?

*1a Draai jou om en sien dat geen enkele dode in my agtergebly het nie, maar al wat jy deur die Boom van Kennis in jou mag gekry het, dit het jy weer alles deur die Boom van die Folterpaal verloor.*

*1b En al jou Vreugde is in droefheid verander. En toe jy die Erekoning wou doodmaak, **het jy jouself doodgemaak,** want aangesien ek jou ontvang het om in veilige bewaring te hou, sal jy deur ervaring leer hoeveel besoedeling ek teen jou sal onderneem.*

Hierdie breedvoerige gesprek bevestig tog duidelik die tweeslagtige aard van Satan, met die verskil dat dit blyk dat hulle na hul val, ook geskei is en nie meer as `n eenheid funksioneer nie, soos wat JaHshua vir ons sê in **Matteus 12:25** *“`n Huis of koninkryk wat in homself verdeel is, kan nie staan nie”*.

Waarom hierdie gedeelte belangrik is om te verstaan, is omdat talle mense hierdie denke van Vader/Moeder gaan aanval en sê dat ons nou die hemelkoningin begin te aanbid. Dit is so dat die aanbidding van die hemelkoningin in die son en die maan as Astarte, Semiramis, Ishtar of Isis alles nabootsings is deur Satan self. Na sy val was Lucifer nooit weer in staat om iets oorspronklik te skep nie. Alles was `n verwatering en verhoering van dit wat bestaan het. U kan vir uself indink hoe kwaad hierdie twee karakters hierbo moes gewees het, toe die Moedergees hulle verlaat het en hulle slegs meer en meer duister begin word het. Dit is mos logies dat hulle hul eie bose moeder sou skep, volgens die beeld en aard van Satana, en die mense dwing om haar te aanbid. Dit het na die vloed begin in die tyd van Nimrod en Semiramus toe Satan en Satana deur beide begin werk het om hierdie heidense geloof te vestig op aarde.

In elke heidense geloof kry mens hierdie moederwese wat aanbid word, in die Buddisme, Hindu, Hari Krishna, voorvadergees aanbidding, Moslem en vele ander.

Die feit dat hulle `n moeder in hulle geloof erken en aanbid, maak nie dat daar nie `n ware Hemelse Moeder bestaan nie, nee dit bevestig dit net, want onthou, hy het nie meer oorspronklike denke nie, Satan en Satana is deur hulleself gereduseer tot “copycats”.

*Ons aanbid NOOIT ons Moeder nie, ons EEN en ENIGSTE Elohim is nou JaHshua, as volkome androgiene wese met ons Trooster-Moeder in Homself, Wie as Gees vir ons uitgestort is en Wie ons by die hand neem en teruglei na Sy koninkryk toe, sodat ons, die Bruid, ook volkome androgiene engelwesens kan word, net soos wat Hy dit is en om die plek in te neem in hierdie gevalle skepping en om dit te herstel wat daardie twee karakters, wat nou gedeeltelik in die hel geboei is, verdorwe het.*

Die Bruid neem die plek in van Satana in hierdie skepping wat geval het, met JaHshua as nuwe Hoof en Vader in die plek van die gevalle Lucifer, en ons begin die skoonmaakproses hier op die aarde, die kleine hartkamertjie van die skepping, waar Lig binnekort die hele gevalle skeppingsmens sal verlig en terugbring na die ongevalle koninkryk van JaHWeH.

# Lesing 9 van 16.8.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

Die volgende gedeeltes word aangehaal uit die Bybel, maar is nie noodwendig die enigste plekke nie.

## Wie het vir JaHWeH gesien of Sy Stem gehoor?

**Joh 5:36**

Maar Ek het 'n groter getuienis as dié van JeHôW-ganan, want die werke wat die VADER My gegee het om te vervolmaak, die werke self wat Ek doen, getuig van My dat die VADER My gestuur het.

Joh 5:37 En die VADER wat My gestuur het, HY het van My getuig. **Julle het nog nooit SY Stem gehoor of SY Gedaante gesien nie.**

Joh 5:38 En julle het SY Woord nie as iets blywends in julle nie, omdat julle Hom wat HY gestuur het, nie glo nie.

### EERSTE SIEN VAN SY GEDAANTE

**Exo 33:18**

Daarop vra hy (*Moses*): Laat my tog U Glansrykheid sien.

Exo 33:19 Maar Hy antwoord: Ek sal al My Suiwerheid by jou laat verbygaan en voor jou die Naam van JaHWeH uitroep; maar Ek sal Guns betoon aan wie Ek Guns wil betoon, en My ontferm oor wie Ek My wil ontferm. [Boekrol van Henog 92:4]

Exo 33:20 Verder het Hy gesê. **Jy kan My Aangesig nie sien nie, want geen adamiet kan My sien en bly lewe nie.**

Exo 33:21 Ook het JaHWeH gesê: Kyk, hier is 'n plek by My waar jy op die rots kan gaan staan.

Exo 33:22 En as **My Glansrykheid** verbygaan, sal Ek jou in die skeur van die rots stel en jou met My handpalm oordek totdat Ek verbygegaan het.

Exo 33:23 En as Ek My handpalm wegneem, sal **jy My van agter sien; maar My Aangesig kan nie gesien word nie.**

### EERSTE HOOR VAN SY STEM

**Exo 20:18**

En toe die hele volk die **donderslae en die blitse en die geluid van die ramshoring** en die rokende berg bemerk, het die volk dit gesien en gebewe en op 'n afstand bly staan.

Exo 20:19 En hulle het vir Moshè gesê: Spreek u met ons, dat ons kan luister; maar **laat Elohim nie met ons spreek nie, anders sterwe ons**.

Exo 20:20 Toe antwoord Moshè die volk: Wees nie bevrees nie, want die Elohim het gekom om julle te beproef en dat Sy Vrees voor julle oë mag wees, sodat julle nie oortree nie.

Exo 20:21 So het die volk dan op 'n afstand bly staan. Maar Moshè het nader gegaan na die wolkedonker-heid waar die Elohim [is].

Exo 20:22 Toe sê JaHWeH vir Moshè: So moet jy met die kinders van JisraEl spreek: **Julle het self gesien dat Ek met julle van die Hemele af gespreek het**.

### TWEEDE HOOR VAN SY STEM

**Luk 3:21**

EN nadat Jahwèshua en hulle wat teenwoordig was, gewas/gedoop is, **het die Hemele oopgegaan** terwyl Hy besig was om te bid;

Luk 3:22 en die **Gees van die Apartheid** het in liggaamlike gedaante **soos 'n Duif** op Hom neergedaal; en 'n **Stem** het uit die Hemele gekom wat sê: **U IS MY GELIEFDE SEUN; IN U HET EK 'N WELBEHAE.** [Odes van Salomo 24:1-2]

### DERDE HOOR VAN SY STEM

**Mat 17:1**

EN **ná ses dae** het JaHWèshua vir Petrus en Jakobus en JeHôWganan, sy broer, saamgeneem en hulle op 'n **hoë berg** in die eensaamheid gebring.

Mat 17:2 En Hy het voor hulle van gedaante verander, en Sy Aangesig het geglans soos die son, en Sy klere het wit geword soos die Lig.

Mat 17:3 En kyk, daar verskyn aan hulle Moshè en EliJaHûW in gesprek met Hom.

Mat 17:4 Toe begin Petrus vir JaHWèshua te sê: Meester, dit is goed dat ons hier is; as U wil, laat ons hier drie takskuilings maak: vir U een en vir Moshè een en een vir EliJaHûW.

Mat 17:5 Terwyl hy nog spreek, oordek 'n **helder-verligte Wolkkolom** hulle meteens en daar sê 'n Stem uit die Wolkkolom: **DIT IS MY GELIEFDE SEUN IN WIE EK 'N WELBEHAE HET. LUISTER NA HOM!**

Mat 17:6 En toe die studente dit hoor, het hulle op hul aangesig geval en was baie bevrees.

Mat 17:7 En JaHWèshua het nader gekom en hulle aangeraak en gesê: Staan op en moenie vrees nie.

As niemand dus ooit die Vader gesien het nie, niemand nog ooit Sy Stem gehoor het nie, Wie is dan gesien en wie is gehoor?

Wie kan sê dus "My Seun" as dit nie Vader is nie?

Antw: A=B en A=C dan is B=C

**Moeder!!**

# Lesing 10 van 17.8.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

Wie was op die berg Sinai bedags in die Wolkkolom en snags in die Vuurkolom? Wie was in die Allerheiligste van die Tabernakel?

**Exodus 19:9**

En **JaHWeH** het met Moshè gespreek: Kyk, Ek sal in 'n dik **Wolkkolom** na jou toe kom, dat die volk kan hoor as Ek met jou spreek, en hulle ook vir altyd aan jóu kan glo. Want Moshè het die woorde van die volk aan JaHWeH meegedeel.

Exo 19:18 En die hele berg Sinai het gerook, omdat die **Aangesig van JaHWeH in vuur** daarop neergedaal het. En Sy rook het opgetrek soos die rook van 'n oond, en die hele berg het vreeslik gebewe.

**Exo 40:34**

Toe het die **Wolkkolom** die Tent van Samekoms oordek, en die **Glansrykheid** van JaHWeH het die Tabernakel gevul, [Exodus 25:22; Wysheid van Sirah 24:10]

Exo 40:35 sodat Moshè nie in die Tent van Samekoms kon ingaan nie, omdat die Wolkkolom daarop gerus en die Glansrykheid van JaHWeH die Tabernakel gevul het.

Exo 40:36 En as die Wolkkolom van die Tabernakel af optrek, het die kinders van JisraEl elke keer weggetrek op al hulle togte;

Exo 40:37 maar as die Wolkkolom nie optrek nie, dan trek hulle nie weg nie, totdat dit weer optrek.

Exo 40:38 Want die **Wolkkolom** van JaHWeH was **bedags** op die Tabernakel, en **vuur was snags daarin**, voor die oë van die hele huis van JisraEl, op al hulle togte.

**Die Wet: Exodus 20:1**

**Exo 20:1** TOE het die Elohim al hierdie woorde gespreek en gesê:

**Ek** is JaHWeH jou Elohey wat jou uit die Aarde van Egipte, uit die slawehuis, uitgelei het. [2 Ezra 7:88-108]

Exo 20:3 Jy mag geen gode van andere voor **My** Aangesig hê nie,

Exo 20:4 jy mag vir jou geen gesnede afbeelding of enige beliggaming maak van wat bo in die Hemele is, of van wat in die Aarde is, of van wat in die waters onder die Aarde is nie,

Exo 20:5 jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want **Ek, JaHWeH jou Elohey**, is 'n jaloerse El wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde [geslag] van die wat **My** haat.

Exo 20:6 En bewys Barmhartigheid aan duisende van die wat **My** liefhet en **My** Gebooie onderhou.

Exo 20:7 Jy mag die **Naam van JaHWeH** jou Elohey nie verydel nie, want JaHWeH sal die een wat **Sy** Naam verydel, nie ongestraf laat bly nie.

Exo 20:8 Gedenk die Sabbatdag, deur dit apart te stel,

Exo 20:9 ses dae moet jy arbei en al jou werk doen;

Exo 20:10 maar die sewende dag is die Sabbat van **JaHWeH jou Elohey**; [dan] mag jy géén werk doen nie - jy of jou seun of jou dogter, [of] jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of die besoeker wat in jou poorte is nie

Exo 20:11 want in ses dae het **JaHWeH** die Hemele en die Aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het **HY** gerus. Daarom het JaHWeH die Sabbatdag geseën deur dit apart te verklaar.

**Exodus 23:20**

Kyk, **Ek** stuur 'n **Boodskapper** voor jou uit om jou op die pad te bewaar en om jou na die plek te bring wat **Ek** gereedgemaak het. [Exodus 32:34; 33:2; JeshaJaH 37:36; JeségiEl 1:28; 43:6]

Exo 23:21 Neem jou in ag vir **Hom** en luister na **Sy** Stem; wees nie opstandig teen **Hom** nie; want **Hy** sal julle oortreding nie verskoon nie, want **My Naam is in Hom.** [2 Ezra 1:4, 5; 10:27]

*(Joh 5:43 **Ek** het gekom in die **Naam van My VADER**, en julle neem **My** nie aan nie. As 'n ander een in sy eie naam kom, hóm sal julle aanneem.)*

Exo 23:22 Maar as jy terdeë na **Sy Stem** luister en alles doen wat **Ek** sal sê, sal **Ek** die vyand van jou vyande en die teëstander van jou teëstanders wees.

Exo 23:23 Want **My** Boodskapper sal voor jou uit gaan en jou bring na die Amoriete en Hetiete en Feresiete en Kanaäniete, Hewiete en Jebusiete; en **Ek** sal hulle vernietig.

Exo 23:24 Jy mag jou voor hulle gode nie neerbuig en hulle nie dien nie, ook mag jy nie doen na hulle werke nie; maar jy moet hulle heeltemal omverwerp en hulle torings heeltemal afbreek.

Exo 23:25 En julle moet **JaHWeH julle Elohey** dien; dan sal **Hy** jou brood en water seën, en **Ek** sal siektes uit jou midde verwyder.

**Sir 24:1**

DIE **Wysheid** prys **Haarself** en te midde van **Haar** volk word **Sy** geëer.

Sir 24:8 Toe het HY, die Formeerder van die heelal, My beveel, en My Formeerder het My woonplek vasgestel; en HY het gesê: Onder **Jakob** moet Jy woon en in **JisraEl** moet Jy [jou] Erfdeel besit.

Sir 24:10 In die **Tabernakel van Apartheid** het Ek voor HOM gedien en so was Ek in Sion gevestig. [Exodus 25:8 ; 25:22; Exodus 40:34; Deuteronómium 30:12; Wysheid van Sirah 19:20; JeshaJaH 63:11]

Sir 24:18 **Ek is die Moeder van regverdige Liefde, en Vrees, en Kennis, en die Belofte van Apartheid:**

# Lesing 11 van 18.8.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

**Lees met jou innerlike oog en sien die Twee entiteite in die Elohim wat met mekaar spreek.**

**Exodus 19:1**
IN die derde maand ná die uittog van die kinders van JisraEl uit die Aarde van Egipte, op dieselfde dag, het hulle in die wildernis Sinai gekom – [Boekrol van die Opregte 82:6]
Exo 19:2 hulle het van Ráfidim af opgebreek en in die wildernis **Sinai** gekom en in die wildernis laer opgeslaan. En JisraEl het daar **teenoor die berg laer opgeslaan.**
Exo 19:3 Maar Moshè het opgeklim na die Elohim toe, en **JaHWeH** het hom van die berg af toegeroep en gesê: So moet jy aan die **huis van Jakob** sê en aan die **kinders van JisraEl** verkondig:
Exo 19:4 Julle het self gesien wat **Ek** aan die Egiptenaars gedoen het, en dat **Ek** julle op **Arendsvlerke** gedra en julle na **My** toe gebring het.
Exo 19:5 As julle dan nou terdeë na **My** Stem luister en **My** Verbond hou sal julle **My** persoonlike eiendom uit al die volke wees, want die hele Aarde is **Myne**.
Exo 19:6 En julle sal vir **My** 'n **koninkryk van priesters en 'n aparte nasie wees**. Dit is die woorde wat jy aan die **kinders van JisraEl** moet meedeel.
Exo 19:7 En Moshè het gekom en die oudstes van die volk laat roep en hulle al hierdie woorde voorgehou wat JaHWeH hom beveel het.
Exo 19:8 Toe antwoord die hele volk eenparig en sê: **Alles wat JaHWeH spreek, sal ons doen**. En Moshè het die woorde van die volk aan JaHWeH oorgebring.
Exo 19:9 En **JaHWeH** het met Moshè gespreek: Kyk, **Ek** sal in 'n **dik Wolkkolom** na jou toe kom, **dat die volk kan hoor as Ek met jou spreek**, en hulle ook vir altyd aan jóu kan glo. Want Moshè het die woorde van die volk aan JaHWeH meegedeel.
Exo 19:10 Verder het **JaHWeH** aan Moshè gesê: Gaan na die volk en sonder hulle af, vandag en môre, en **laat hulle hul klere was**
Exo 19:11 en hulle gereed hou teen die derde dag. Want op die derde dag sal ***JaHWeH*** voor die oë van die hele volk op die berg Sinai afdaal.
Exo 19:12 Ook moet jy vir die volk 'n grens rondom aanwys en sê: Pas op dat julle nie op die berg klim of sy voet aanraak nie. Elkeen wat die berg aanraak, moet sekerlik gedood word.
Exo 19:13 Geen hand mag hom aanraak nie; maar hy moet sekerlik gestenig of sekerlik met 'n pyl geskiet word; of dit 'n wilde wese of 'n mens is - hy mag nie lewe nie. As die ramshoring lang geluide blaas, mag hulle op die berg klim.
Exo 19:14 Toe het Moshè van die berg af na die volk gegaan en die volk in gereedheid gebring, en hulle het hul klere gewas.
Exo 19:15 En hy het aan die volk gesê: Hou julle klaar teen die derde dag; **moenie naby die vroue kom nie**. [Openbaring 14:4]
Exo 19:16 En op die derde dag toe dit môre word, was daar **donderslae en blitse en 'n swaar Wolkkolom op die berg en die geluid van 'n baie sterk ramshoring**, sodat die hele volk wat in die laer was, gebeef het. [Openbaring 10]
Exo 19:17 Daarop het Moshè die volk uit die laer gelei om die Elohim te ontmoet, en hulle het gaan staan by die voet van die berg.
Exo 19:18 En die hele berg Sinai het gerook, omdat die ***Aangesig van JaHWeH*** **in vuur** daarop neergedaal het. En **Sy** rook het opgetrek soos die rook van 'n oond, en die hele berg het vreeslik gebewe.
Exo 19:19 Toe die geluid van die ramshoring sterker en sterker word, het Moshè gespreek, **en Elohim het hom telkens hardop geantwoord.**
Exo 19:20 Terwyl ***JaHWeH*** op die berg Sinai neerdaal, **op die top van die berg**, het **JaHWeH** Moshè na die top van die berg geroep, en Moshè het opgeklim.
Exo 19:21 En **JaHWeH** het vir Moshè gesê: Klim af, waarsku die volk dat hulle nie na ***JaHWeH*** toe deurbreek om te sien en baie van hulle dan val nie.
Exo 19:22 En ook die priesters wat naby ***JaHWeH*** kom, moet hulleself apart hou, sodat ***JaHWeH*** nie teen hulle losbreek nie.
Exo 19:23 Toe het Moshè **JaHWeH** geantwoord: Die volk kan nie op die berg Sinai klim nie, want **U** het ons self gewaarsku en gesê: Baken die berg af en stel dit apart.
Exo 19:24 Daarop sê **JaHWeH** vir hom: Gaan heen, klim af. Dan moet jy, en Aäron saam met jou, opklim; maar die priesters en die volk mag nie deurbreek om na ***JaHWeH*** toe op te klim nie, sodat **Hy** nie teen hulle losbreek nie.

**Wysheid van Salomo 10:1 SY** het die eersgeskape vader van die wêreld beskerm toe hy die enigste skepsel was, en **Sy** het hom uitgelei uit sy val
Wysh 10:4 Vanweë hom is die Aarde oorstroom, **maar deur die Wysheid gered**, wat die regverdige geloods het op nietige hout. [Boekrol van Henog 67:2]
Wysh 10:15 'n **Apartgestelde volk en 'n suiwer saadlyn** het Sy verlos uit 'n nasie van verdrukkers.
Wysh 10:16 Sy het ingegaan in die siel van JaHWeH se dienskneg en aan skrikwekkende konings teenstand gebied deur wonders en tekens.
Wysh 10:17 Sy het die apartes die beloning gegee vir hulle inspanning en hulle gelei op 'n wonderlike weg; **bedags** was Sy vir hulle 'n beskerming gewees en **snags** 'n lig soos van Sterre.

# Lesing 12 van 19.8.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

**HUISHOUDING VAN ELOHIM BOEK 3 HFS 27**

**Die deur Elohim gewilde beperking van die menslike kennis. Die uiteensetting van die Meester oor die manlike en die vroulike in Elohim en mens. Die skepping van Lucifer.**

(28 April 1843)

27 2. Maar aangesien die Alwetende dit tog baie goed gemerk het, wend Hy Hom tot Henog en sê aan hom: "Kan by jou ook nog dinge wees waarop jy kan broei soos `n hen op los eiers?!

3. Ek sê jou egter dat dit nie so moet wees dat die mens in alle dieptes van My Wysheid moet deurdring tydens sy aardse lewe nie, want daarvoor het Ek immers `n ewige lewe vir julle voorberei!

4. Julle wil Ek verlos van dit alles wat julle so swaar druk; **maar slegs aan julle en aan niemand anders sal dit vertel word nie!** Luister dus na My:

5. **Ek is tegelyk `n man en `n vrou** in die diepte van My godheid; maar nie soos julle dit begryp nie, maar slegs as volg:

6. As man is Ek ewig **die liefde self**, die **vrye lewe** self en **alle mag en daadkrag** self; daarom openbaar die egte liefde homself in elke man as die volledige ewebeeld van My liefde, waartoe die **bors** van die ydele vrou wel ewig nooit in staat sal wees nie.

7. In daardie manlike ewebeeld van My liefde is die man dan ook kragtig soos Ek, en magtiger in sy bors as alle vrouens in hulle los borste, **wat wel melk bied aan die vlees van `n kind om dit te soog**, maar nie die melk van die innerlike lewe aan die gees kan bied nie, omdat die hoë, sterk liefde van die man nie in hulle bors woon nie, ofskoon dit wel daarin sou kan woon, indien die vrou vanself nie so dwaas en ydel sou wees nie!

8. So is Ek van die ewigheid as Man bepaal deur Myself; julle kan dit begryp!

9. Aangesien ek egter ook in die vrou tuis is, **moet Ek dan nie ook die vrou heeltemal in My bevat nie**? Sekerlik; luister, **hoe kon Ek anders `n vrou skep**?!

10. Hoe dit egter moontlik is, wil Ek dadelik ietwat aan julle verduidelik; want in die vrou lê immers lis en verstand, `n skerp gees en slimheid steeds begrawe; netso praat die vrou ook nooit openlik nie en probeer steeds haar lig en haar hart te verskans. Wie dus op die bors van die vroue vertrou, bou op los sand.

11. Daarom kan Ek vanuit My vroulike sfeer ook nie net so begryplik praat as vanuit die van die man nie, omdat die **vroulike deel uit die Lig van My liefde stam** en as Wysheid, hoewel nie in Haarself nie, soos die stralende Lig is wat uit die verhewe oorspronklike oerlig stroom.

12. **So is die vrou dan in My die ewige stralende Lig van die Wysheid**, wat ewig sonder ophou in gelyke krag en sterkte in die Liefde opgewek word.

13. **Hierdie Wysheid is die ewig onafskeibare ware vrou van Elohim se liefde**, met wie Ek as ewig enigste Elohim **tog alle dinge verwek en geskape het**, en daar was in ewigheid **nooit `n ander vrou nodig** vir My, die enigste, ewig ware Elohim van liefde nie, die Man van ewighede af, ewig die Eerste en ewig die Laaste!

14. **Ewig het Ek met hierdie getroue vrou van My**, **tallose miljarde wesens geskep** , wie vir My sigbaar was, hoewel nog geen enkele wese hom kon en mag beskou het in homself nie.

15. Dog in My was ook ewig besluit om eens al die eindeloos baie in My gees verwekte wesens, **buite Myself te plaas** sodat hulle hulleself en My kon leer ken!

16. Daar het `n wil van My uitgegaan, en `n bo alles magtige "Laat dit geskied" volg dit na, deur al die eindelose verre dieptes van die mag en die helder verligtende heerskappy van My ewige Godheid.

17. Toe ontstaan uit al die ewig baie uitgaande strale,- luister en begryp dit,- één wese, één draer van al dit wat van ewigheid uit My, die Man en ewige Vrou, ooit in één gevloei het, in die strale van een wese, diep geestelik, eindeloos en ewig helder.

18. **Dié draer was die nuutgeskape vrou en sy was vry gevorm tot `n groot versamelplek van al die wesenlike Lig,** wat van ewighede in werklike oorvloed uit My gestroom het, sodat in haar die uitgegane vloed van wesens moedig en vry volledig sou rypword in die warmte van My voortdurende genadestrale, en sigbaar teenoor My, aangenaam deur vrye lewe, en so ook in staat om My te sien deur die Lig van My Liefde wat Ek aan haar gegee het.

19. En luister, die verwekking was geslaagd; julle sien en vat reeds aan My, julle Skepper!

20. Maar nog is die tyd van die volle vrug en die oes nie heeltemal ryp nie; groot dinge het ook groot tye nodig!

21. Begryp dit, maar swyg; want tydens `n soortgelyke wordingstryd om eens tot groot rypheid te kom, is dit nie goed om te veel te praat nie!

22. Want te gelegener tyd sal Ek dit soos aan julle, weer opnuut op My aarde verkondig, **en julle baie latere kinders sal dit in hulleself vind en hulle losmaak uit die aarde! Amen."**

23. Hierop het die drie hulle op hulle bors geslaan en gesê: "**O oneindige Wysheid van Elohim! Wie sal Jou ewig ooit begryp?!"**

24. Maar die Meester het gepraat: "Swyg nou oor dit alles, want kyk, die kinders snel My reeds met uitgestrekte arms tegemoet! Laat ons hulle ook

**Bertha Dudde 5806:** My teenstander werk met baie lis en slinksheid. Hy deins nie daarvoor terug om homself in 'n gewaad te hul nie; in die gewaad van **die Koningin van die hemel, van die suiwerste en mees ligvolle Wese, Wie My in vurige Liefde toegedaan is. Wie geen ander doel ken as om die mense op aarde na My toe te lei en Wie daarom nooit op die voorgrond wil tree om die gedagtes van die mens op Haarself te fokus, vanuit die insig van die lewensdoel en die bestemming van die mens op aarde nie.** Tog verhinder Ek nie My teenstander se werksaamheid nie, want al hierdie verskynings is die wonders van die valse Kronristusse en profete; die wonders wat uit verkeerde denke en verkeerde geloof voortkom, wat aan hom die reg en die vermoë gee om sigbaar te word en wat maar net homself versterk, sodat die dwaalleringe steeds vaster geglo word.

**Verdere korreksies mbt die Vroulikheid van die GEES**

**Job 33:4** Die Gees van El (**SY**) het my voortgebring, en die Asem van die Almagtige (**SY**) maak my lewend.

**Num 11:26** Maar twee manne het in die laer agtergebly: die naam van die een was El-Dad en die naam van die ander Medad; en die Gees (**SY**) het op hulle gerus - ....

**Psa 143:10** Leer My om U welbehae te doen, want U is My Elohim. Laat (**SY**), U Gees van Suiwerheid, My lei na 'n gelyk Aarde.

**Isa 9:6** Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n **Seun is aan ons gegee;** en die heerskappy is op Sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Magtige El, **Ewige Vader**, Vredevors - [Psalm 122:7; JeshaJaH 63:16]

Isa 9:7 tot vermeerdering van die Heerskappy en tot **Vrede sonder einde**, **op die Troon van Dawid** en oor Sy koninkryk, om **haar** te bevestig en **haar** te versterk deur Reg en deur Geregtigheid, van nou af tot in ewigheid. Die Ywer van JaHWeH van die skeppingsleërmagte sal dit doen.

**Isa 11:1** MAAR daar sal 'n Takkie uitspruit uit die **stomp van Isai**, en 'n Loot uit sy wortels sal vrugte dra; [2 ShemuEl 23:5; JeshaJaH 14:29]

**Isa 11:2** en op Hom sal (**SY**), die Gees van JaHWeH rus, die Gees van Wysheid en Verstand, die Gees van Raad en Sterkte, die Gees van Kennis en van die Vrees van JaHWeH. [Exodus 35:31; Boekrol van Henog 49:3; 61:10-11; JeshaJaH 30:30]

**Gen 1:2** En die Aarde, **sy** het verwoes en vormloos geword, en Duisternis was op die aangesig van die Afgrond, en die Gees van Elohim **(SY)** het gesweef oor die aangesig van die waters. [JeshaJaH 45:18; Pre 3:11]

**Exo 31:3** en Ek het hom vervul met (**HAAR**), die Gees van Elohim, met Wysheid en Verstand en Kennis om te werk,

**Exo 35:31** en Hy het hom met (**HAAR**) die Gees van Elohim vervul, met Wysheid, met Verstand en met Kennis om te werk; [Boekrol van Henog 49:3; JeshaJaH 11:2]

**Num 11:26** Maar twee manne het in die laer agtergebly: die naam van die een was El-Dad en die naam van die ander Medad; en die Gees **(SY)** het op hulle gerus - hulle het behoort by die wat opgeskrywe was, hoewel hulle nie na die Tent uitgegaan het nie - en hulle het in die laer geprofeteer.

**Num 24:2** Toe Bíleam sy oë opslaan en JisraEl sien soos hy volgens sy stamme in die laer staan, het **(SY)** die Gees van Elohim op hom gekom.

**Rigt 3:10** En die Gees van JaHWeH **(SY)** het op hom gekom, en hy het JisraEl gerig en uitgetrek om oorlog te voer; en JaHWeH het Kusan Risatáim, die koning van Aram, in sy hand gegee, sodat hy die oorhand oor Kusan Risatáim gekry het.

Rigt 6:34 En die Gees van JaHWeH **(SY)** het Gídeon beklee; en hy het op die ramshoring geblaas, en die Abiësriete is agter hom aan opgeroep.

Rigt 11:29 Toe het **(SY)** die Gees van JaHWeH op Jefta gekom, en hy het oorgetrek na Gílead en Manasse en verder deur na Mispe in Gílead; en van Mispe in Gílead het hy deurgetrek na die kinders van Ammon.

Rigt 13:25 En die Gees van JaHWeH **(SY)** het hom begin drywe in die laer van Dan tussen Sórea en Estáol.

Rigt 14:6 Maar die Gees van JaHWeH **(SY)** het oor hom vaardig geword; en hy het hom verskeur soos 'n mens 'n bokkie verskeur sonder dat daar iets in sy hand was; maar hy het sy vader en sy moeder nie vertel wat hy gedoen het nie.

Rigt 14:19 En die Gees van JaHWeH **(SY)** het oor hom vaardig geword. Toe gaan hy af na Askelon en slaan dertig man van hulle dood, en neem hulle uitrustings en gee die stelle klere aan die wat die raaisel uitgelê het; en hy het kwaad geword en opgegaan na die huis van sy vader.

Rigt 15:14 Toe hy tot by Legi kom, juig die Filistyne hom tegemoet; maar die Gees van JaHWeH **(SY)** het oor hom vaardig geword, en die toue wat aan sy arms was, het geword soos linnedrade wat in die vuur brand, en sy bande het versmelt van sy hande af.

# Lesing 13 van 21.8.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

**Die Moeder Wysheid in die Boek van Spreuke**

**Spr 1:8** My seun, luister na die tug van jou Vader, en verwerp die **Wet van jou Moeder** nie; [Wysheid van Sirah 15:2; 2 Ezra 2:5]
Spr 1:9 want **sy** is 'n lieflike Krans vir jou hoof en sierlike kettings vir jou hals.

Spr 1:20 DIE **Wysheid** roep hardop daarbuite, Sy verhef haar stem op die pleine,
Spr 1:21 op die hoek van die rumoerige strate roep Sy, by die ingange van die Poorte, in die Stad, spreek Sy Haar woorde:
Spr 1:22 Hoe lank sal julle, eenvoudiges, die eenvoudigheid liefhê en die spotters lus hê om te spot en die dwase Kennis haat?
Spr 1:23 Wend julle tot My Teregwysing, **dan laat Ek My Gees vir julle uitstroom**, wil Ek My woorde aan julle bekend maak.

**Spr 2:1** MY seun, as jy My Woorde aanneem en My Gebooie by jou bewaar,
Spr 2:2 sodat jy jou oor laat luister na Wysheid, jou hart neig tot Verstand;
Spr 2:6 **want JaHWeH gee Wysheid, uit Sy Mond kom Kennis en Verstand**,
Spr 2:7 en **Hy bewaar Wysheid vir die opregtes, Sy is 'n Skild vir die wat in rassuiwerheid wandel**
Spr 2:8 deurdat Sy die Paaie van die Reg bewaak en die Weg van Sy toegewydes bewaar;
Spr 2:10 Want Wysheid sal in jou hart kom, en Kennis vir jou siel lieflik wees;
Spr 2:11 Oorleg sal oor jou wag hou, Verstand sal jou bewaak,
Spr 2:12 om jou te red van die weg van besoedeling, **van die man wat valse dinge spreek**;
Spr 2:13 [van] die wat die Paaie van Opregtheid verlaat om op **weë van Duisternis** te wandel;
Spr 2:14 die wat hulle verheug in besoedeling, wat juig oor die valse streke van die besoedeldes,
Spr 2:15 **wie se lewenswyse verdraaid is, en wat afwyk van die Weg;**
Spr 2:16 om jou te red van **die verbasterde vrou**, van **die Ontugtige** wat met haar woorde vlei [Psalm 18:30]
Spr 2:17 **wat die Vriend van haar jeug verlaat**, en **die Verbond van haar Elohey vergeet**;

*(Mal 2:14 En julle vra: Waarom? Omdat JaHWeH getuie is tussen **jou en die Vrou van jou jeug** wie jy verraai het, terwyl sy tog jou metgesel is en die **Vrou van jou Verbond**.)*

Spr 2:18 want haar *(die verbasterde vrou—Satana -gees)* huis sink weg na die Dood en haar paaie na die skimme;
Spr 2:19 almal wat by haar ingaan, kom nie terug nie en bereik die paaie van die lewe nie
Spr 2:20 sodat jy kan wandel op die **Weg van Suiwerheid** en die paaie van die regverdiges kan hou;
Spr 2:21 want die opregtes sal hul in die Aarde vestig, en die rassuiweres sal in haar oorbly,
Spr 2:22 maar die besoedeldes sal uit die Aarde uitgeroei, en die verraaiers sal uit haar weggeruk word.

**Spr 3:13** Verbly is die adamiet **wat Wysheid gevind het**, en die adamiet wat Verstand verkry;
Spr 3:14 want **Haar wins** is beter as dié van silwer, en **Haar produkte** suiwerder as goud;
Spr 3:15 **Sy is kosteliker** as robyne, en al jou kleinode kan nie met Haar mee vergelyk word nie.
Spr 3:16 In **Haar regterhand** is lengte van dae, in **Haar linkerhand** rykdom en Eer;
Spr 3:17 **Haar Weë** is lieflike Weë, en al **Haar Paaie** is Vrede.
Spr 3:18 **Sy is die Lewensboom (Boom van die Lewe) vir die wat Haar aangryp**, en elkeen wat Haar vashou, sal reguit gaan. [Wysheid van Sirah 24:13; Génesis 3:22]
Spr 3:19 **JaHWeH het deur Wysheid die Aarde gegrond,** deur Verstand die Hemele vasgestel; [Wysheid van Salomo 9:9]

# Lesing 14 van 24.8.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

**Die Moeder Wysheid in die Boek van Spreuke**

Spr 4:1 HOOR, julle seuns, na **die Tug van die Vader**, en luister om Insig te leer ken;

Spr 4:2 want Ek gee aan julle lering van Suiwerheid, **verlaat nie My Wet nie**.

Spr 4:3 **Want toe Ek 'n Seun was by My Vader, teer en ‘n enigste voor My Moeder**,

Spr 4:4 het HY My geleer en vir My gesê: Laat U hart MY Woorde vashou; onderhou MY Gebooie, dan sal U lewe.

Spr 4:5 Verkry **Wysheid**, verkry Insig; vergeet nie en wyk nie af van die **Woorde van MY Mond** nie;

Spr 4:6 verlaat **Haar** nie, dan sal **Sy** U bewaar; kry **Haar** lief, dan sal **Sy** U bewaak.

Spr 4:7 Die beginsel van die Wysheid is: **Verwerf Wysheid en verwerf Insig** deur al wat U besit.

Spr 4:8 **Hou Haar hoog, dan sal Sy U verhoog**; Sy sal U eer as U Haar omhels.

Spr 4:9 **Sy sal 'n lieflike Krans gee vir U hoof, Sy sal U 'n sierlike Kroon verskaf**. [Odes van Salomo 20:7]

*(**Odes van Salomo 9:8 Waarheid is ‘n ewige Kroon**; geseënd is diegene wat Haar op hul hoofde plaas, [Exodus 28:36, 37; ZekarJaH 3:5; Openbaring 2:10]*

*9 **‘n Steen van groot waarde**; want die oorloë is as gevolg van die Kroon;*

*10 En Geregtigheid het Haar geneem, en Haar aan julle gegee. [JeshaJaH 60:17]*

*11 **Sit die Kroon op in die ware Verbond van JaHWeH**; en almal wat oorwin het, sal in Sy Boek opgeskryf* word; [Openbaring 21:27]

***Ode 1:1 JaHWeH is soos ‘n Krans op My hoof** en Ek sal Hom nie verlaat nie. [Exodus 28:36; ZekarJaH 3:5; Openbaring 2:10]*

*2 **Die Krans van Waarheid** is vir My gevleg, en Sy het U takke binne My laat bot; )*

Spr 4:10 Hoor, MY seun, en neem MY Woorde aan; dan sal die lewensjare vir U vermeerder word.

Spr 4:11 **In die Weg van die Wysheid onderrig EK U**, EK laat U die spore van opregtheid betree; [Odes van Salomo 1:3 - 4]

Spr 4:12 as U loop, sal U treë nie belemmer word nie, en as U hardloop, sal U nie struikel nie.

Spr 4:13 Hou vas aan die Tug, laat Haar nie los nie; bewaar Haar, want Sy is U lewe.

Spr 4:14 Kom nie op die pad van die besoedelde, en betree die weg van besoedeling nie.

Spr 4:15 Vermy haar, gaan nie daarop nie, wyk van haar af en gaan verby;

Spr 4:16 want hulle kan nie slaap as hulle geen kwaad doen nie; en hulle slaap is weg as hulle nie tot 'n val bring nie.

**Spr 4:17 Want hulle eet brood van besoedeling en drink wyn van verkeerdheid.** [Amos 2:8]

**Spr 5:1** MY seun, luister na **My Wysheid**, neig jou oor tot My Insig,

Spr 5:2 dat jy volle oorleg kan behou en jou lippe Kennis kan bewaar;

Spr 5:3 want die **lippe van die verbasterde vrou** drup heuningstroop, en haar verhemelte is gladder as olie,

Spr 5:4 maar op die end is sy **bitter soos Alsem**, soos 'n swaard aan weerskante skerp.

Spr 5:5 Haar voete daal na die Dood toe af, haar treë streef na die **Doderyk/Sheol** toe.

Spr 5:6 Dat sy die pad na die lewe nie sou inslaan nie, wankel haar gange sonder dat sy dit weet.

Spr 5:7 Luister dan nou na My, julle seuns, en wyk nie af van die Woorde van **My Mond** nie.

Spr 5:8 Hou jou weg ver van haar af, en **kom nie naby die deur van haar huis nie,**

Spr 5:9 sodat jy nie **jou bottyd aan ander gee** en jou jare aan een wat onbarmhartig is nie;

Spr 5:10 **sodat verbasterdes hulle nie versadig met jou vermoë en jou moeitevolle arbeid in die huis van 'n uitlander kom nie**

Spr 5:15 **Drink water uit jou eie Reënbak en strome uit jou eie Put.**

Spr 5:16 **Sal jou Fonteine buitentoe oorstroom, waterstrome op die pleine**?

*(**Joh_7:38** Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: **strome van lewende water** sal uit sy binneste vloei. [JeshaJaHûW 49:10, 58:12])*

**Spr 5:17 Hulle moet vir jou alleen wees en nie vir verbasterdes saam met jou nie**. [MattithJaHûW 7:6]

Spr 5:18 Mag **jou Fontein** geseënd wees, en verheug **jou oor die Vrou van jou jeug** -

Spr 5:19 die **liefdevolle Bokkie** en Bergbokram; laat **Haar borste** jou altyd versadig, mag jy voortdurend van **Haar Liefde** bedwelmd wees.

Spr 5:20 Maar waarom sou jy, My seun, by 'n **verbasterde vrou bedwelmd raak** en die boesem van 'n **Ontugtige** omhels?

# Lesing 14B van 25.8.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

**Die Moeder Wysheid in die Boek van Spreuke**

**Spr 5:1** MY seun, luister na **My Wysheid**, neig jou oor tot My Insig,

Spr 5:2 dat jy volle oorleg kan behou en jou lippe Kennis kan bewaar;

Spr 5:3 want die **lippe van die verbasterde vrou** drup heuningstroop, en haar verhemelte is gladder as olie,

Spr 5:4 maar op die end is sy **bitter soos Alsem**, soos 'n swaard aan weerskante skerp.

Spr 5:5 Haar voete daal na die Dood toe af, haar treë streef na die **Doderyk/Sheol** toe.

Spr 5:6 Dat sy die pad na die lewe nie sou inslaan nie, wankel haar gange sonder dat sy dit weet.

Spr 5:7 Luister dan nou na My, julle seuns, en wyk nie af van die Woorde van **My Mond** nie.

Spr 5:8 Hou jou weg ver van haar af, en **kom nie naby die deur van haar huis nie,**

Spr 5:9 sodat jy nie **jou bottyd aan ander gee** en jou jare aan een wat onbarmhartig is nie;

Spr 5:10 **sodat verbasterdes hulle nie versadig met jou vermoë en jou moeitevolle arbeid in die huis van 'n uitlander kom nie**

Spr 5:15 **Drink water uit jou eie Reënbak en strome uit jou eie Put.**

Spr 5:16 **Sal jou Fonteine buitentoe oorstroom, waterstrome op die pleine**?

*(**Joh_7:38** Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: **strome van lewende water** sal uit sy binneste vloei. [JeshaJaHûW 49:10, 58:12])*

**Spr 5:17 Hulle moet vir jou alleen wees en nie vir verbasterdes saam met jou nie**. [MattithJaHûW 7:6]

Spr 5:18 Mag **jou Fontein** geseënd wees, en verheug **jou oor die Vrou van jou jeug** -

Spr 5:19 die **liefdevolle Bokkie** en Bergbokram; laat **Haar borste** jou altyd versadig, mag jy voortdurend van **Haar Liefde** bedwelmd wees.

Spr 5:20 Maar waarom sou jy, My seun, by 'n **verbasterde vrou bedwelmd raak** en die boesem van 'n **Ontugtige** omhels?

Spr 6:20 BEWAAR, My seun, die **Gebod** van jou Vader, en verwerp die **Wet van jou Moeder** nie; [Wysheid van Salomo 6:18]

Spr 6:21 bind Haar voortdurend op jou hart, hang Haar om jou hals;

Spr 6:22 mag Sy jou lei as jy wandel, oor jou wag hou as jy slaap en jou toespreek as jy wakker word.

Spr 6:23 Want die Gebod is 'n lamp en die Wet is 'n Lig en die Teregwysing van die Tug 'n Weg tot die lewe, [Wysheid van Sirah 4:11-19]

Spr 6:24 om jou te bewaar vir die **Vrou van Besoedeling**, vir die gevlei van 'n **volksvreemde vrou**.

Spr 6:25 Begeer haar skoonheid nie in jou hart nie, en laat sy jou nie vang met haar ooglede nie;

Spr 6:26 want 'n vrou hoereer vir 'n ronde brood, en 'n vrou van 'n man maak jag op 'n kosbare siel.

Spr 6:30 'n **Dief** word nie verag as hy steel om sy siel te bevredig nie, omdat hy honger het;

**Spr 6:31 en as hy uitgevind word, moet hy sewevoudig vergoeding gee; al die goed van sy huis moet hy gee.**

Spr 6:32 **Hy wat vermeng**, is sonder Verstand; hy wat sy eie siel wil verwoes, hy doen so iets;

Spr 6:33 slae en skande sal hy kry, en sy smaad sal nie uitgewysh word nie;

# Lesing 15 van 26.8.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

## Die Moeder Wysheid in die Boek van Spreuke

**Openb van Henog 40**

40:1 Ek het My Wysheid beveel om die adamiet uit sewe **stowwe** te skep: een, sy vlees uit die Aarde; twee, sy bloed uit die Dou; drie, sy oë van die son; [Spreuke van Salomo 9:1; Wysheid van Salomo 11:17; Wysheid van Sirah 17:6; Boekrol van Henog 60:8; 2 Ezra 8:7]

41 vier, sy bene uit klip; vyf, sy intellek uit die snelheid van die Boodskappers en van die Wolkkolom; ses, sy are en sy hare uit die gras van die Aarde; en sewe, sy siel uit My asem en van die Gees. [Spreuke 9:1; Wysheid van Salomo 9:9-11; 7:21-29; 8:4; JeshaJaH 40:7]]

42 En Ek het aan hom **sewe eienskappe** gegee: aan die vlees gehoor, die oë vir gesig, aan die siel reuk, die are vir aanraking, die bloed vir smaak, die bene vir volharding, en aan die intellek, soetheid [plesier].

43 En Ek het aan 'n wyse spreuk gedink: Ek het die adamiet geskape uit die **onsigbare** en uit 'n **sigbare** natuur en van beide is sy dood en sy lewe 'n afbeelding, hy ken spraak soos 'n geskapene, klein in grootheid, en groot in kleinheid,

44 en Ek het hom op die Aarde geplaas, 'n tweede Boodskapper, eerbaar, groot en glansryk, en Ek het hom aangewys as die Vors om te heers oor die Aarde en **om My Wysheid te besit**, en daar was niemand soos hy op Aarde of in My hele skepping nie.

**Spr 8:22**

JaHWeH het My berei as **eersteling van Sy Weg**, voor Sy werke, van ouds af. [Wysheid van Sirah 24]

Spr 8:23 Van ewigheid af is Ek geformeer, van die begin af, van die voortyd van die Aarde af.

Spr 8:24 Toe daar nog geen Afgrond was nie, is Ek gebore; toe Fonteine, swaar van water, nog nie daar was nie;

Spr 8:25 voordat die berge ingesink het, voor die heuwels is Ek gebore;

Spr 8:26 toe HY die Aarde en die velde en al die stoffies van die wêreld nog nie gemaak het nie.

Spr 8:27 Toe HY die Hemele berei het, was Ek daar; toe HY 'n kring afgetrek het op die aangesig van die Afgrond;

Spr 8:28 toe HY die Hemele daarbo versterk het, toe die Fonteine van die Afgrond versterk was;

Spr 8:29 toe HY vir die see sy grens gestel het, dat die waters SY bevel nie sou oortree nie; toe HY die fondamente van die Aarde vasgelê het -

Spr 8:30 toe was Ek by HOM, **soos een wat opgelei word en Ek was dag vir dag vol verlustiging en het gespeel voor SY Aangesig altyd,**

Spr 8:31 en het gespeel op die bewoonde deel van SY Aarde, en My verlustiginge was met die seuns van adam.

Spr 8:32 Luister dan nou na My, **seuns; want geseënd is hulle wat My Weë bewaar.**

Spr 8:33 Luister na Tug en word wys, en verwerp Haar nie.

Spr 8:34 Geseënd is die adamiet wat na My luister, om **dag vir dag te waak aan My deure, by die syposte van My Poorte die wag te hou**.

Spr 8:35 **Want hy wat My vind, het die lewe gevind en verkry Vreugde van JaHWeH.**

Spr 8:36 **Maar hy wat My nie vind nie, benadeel sy eie siel; almal wat My haat, het die Dood lief.**

Spr 9:1 **DIE Wysheid het Haar Huis gebou, Haar sewe Pilare uitgekap**, [Openbaring van Henog 11:40]

Spr 9:2 Haar **slagvee** geslag, Haar **wyn** gemeng, ook **Haar tafel gedek**.

Spr 9:3 Sy het **Haar Diensmeisies uitgestuur**, Sy nooi uit op die hange van die verhewe plekke van die Stad: [Spreuke 31:15; Hooglied 6:8; DaniEl 13:15]

Spr 9:4 **Wie eenvoudig is**, laat hy inkom hierheen, wie verstandeloos is, vir hom sê Sy:

Spr 9:5 Kom, **eet julle van My Brood, en drink van die Wyn wat Ek gemeng het**;

Spr 9:13 **Vrou Dwaasheid** is onrustig, pure eenvoudigheid en heeltemal onkundig; [Boekrol van Henog 42:3]

Spr 9:14 en **sy sit by die deur van haar huis**, op 'n stoel op die **verhewe plekke** van die Stad,

Spr 9:15 om te nooi die wat **op die Weg** verbygaan, die wat op hulle Paaie **reguit wandel**:

Spr 9:16 Wie **eenvoudig** is, laat hy inkom hierheen! En die **verstandelose**, aan hom sê sy:

Spr 9:17 **Gesteelde waters** is soet, en brood in die **geheim** [geëet], is lekker.

Spr 9:18 Maar hy weet nie dat daar skimme is, dat **haar genooides in die dieptes van die Doderyk/Sheol** is nie.

**Spr 24:3 Deur Wysheid word 'n Huis gebou**, en deur Verstand word hy bevestig;

Spr 24:4 en deur Kennis word die kamers gevul met allerhande kosbare en lieflike goed.

Spr 24:5 **'n Wyse krygsman is sterk, en 'n man van Kennis ontwikkel Krag**.

## Die Moeder Wysheid in die Boek van Die Wysheid van Salomo

Wysh 1:4 Die Wysheid sal nie ingaan in 'n **bedrieglike** siel nie, en Sy woon nie in 'n liggaam wat deur **wetsverbreking** beswaar is nie.

Wysh 1:5 Want die Aparte Gees van Tug ontwyk **veinsery**; Sy vlug vir **onbesonne gedagtes** en word beskaam as die **Ongeregtigheid** naderby kom.

Wysh 1:6 Want die Wysheid is 'n Gees wat die adamiet liefhet, maar Sy laat 'n lasteraar nie ongestraf vir [die woorde van] sy lippe nie, omdat El die Getuie is van sy niere en die waaragtige Verspieder van sy hart en die Toehoorder van sy tong.

Wysh 1:7 Die **Gees van JaHWeH (SY)** het die heelal vol gemaak, en HY wat alles saamhou, weet wat daar gesê word.

**Wysh 6:9** Vir julle is dus my woorde, **regeerders**! Sodat julle Wysheid leer en nie tot val kom nie.

Wysh 6:10 Want die wat die Aparthede in Apartheid onderhou, **word self apart**; en die wat dit geleer het, sal die regte antwoorde vind.

Wysh 6:11 Wees julle daarom gretig om my woorde te hoor, begeer daarna, en julle sal leiding ontvang.

Wysh 6:12 Wysheid **gee Lig** en Sy kan nie gedoof word nie. Sy word **gemaklik gesien** deur die wat Haar liefhet, en **Sy word gevind deur wie Haar soek**.

Wysh 6:13 Sy (spring die voor) wat na Haar verlang deur self **eerste te verskyn.**

Wysh 6:14 En diegene wat vir Haar vroeg opstaan, sal geen moeite hê nie, want hy sal Haar vind **omdat Sy by sy deur sit.**

Wysh 6:15 **Dit is uiters verstandig om oor Haar na te dink;** en wie homself ter wille van Haar geen slaap gun nie, is spoedig **sonder sorge**. [Psalm 132:4]

Wysh 6:16 Want Sy gaan rond en soek **hulle wat Haar werd** is; en Sy vertoon Haar met minsaamheid aan hulle op hulle paaie, en kom hulle selfs tegemoet in elke gedagte.

Wysh 6:17 Sy begin as 'n opregte verlange na Tug, en die sorg vir die Tug is liefde;

Wysh 6:18 en liefde is om **Haar Wet te onderhou**; en die navolging van die Wet is 'n waarborg vir onsterflikheid; [Deuteronómium 30:13; Wysheid van Sirah 15:1-3; Spreuke van Salomo 6:20]

Wysh 6:19 en onsterflikheid maak dat 'n adamiet naby Elohim is.

Wysh 6:20 **Die verlange na Wysheid lei daarom na die koningskap.** [Openbaring 1:6]

Wysh 6:21 As julle behae skep in trone en septers, vorste van die volke, **het dan die Wysheid lief**, sodat julle kan koning wees in lengte van dae. [2 Ezra 2:43]

Wysh 6:22 EK sal julle meedeel **wie die Wysheid is en hoe Sy ontstaan het.** Ek sal Haar geheime nie vir julle verborge hou nie, maar Haar spore volg vanaf die **begin van Haar ontstaan**, en ek sal Haar Kennis aan die lig bring en in geen enkele opsig die Waarheid verbygaan nie.

Wysh 6:23 Ek sal nie saamgaan met die naywer wat verteer nie, want die Wysheid woon daarmee nie saam nie.

Wysh 6:24 'n Menigte wyse manne is die redding van die wêreld, en 'n verstandige koning is die welsyn van sy volk.

Wysh 6:25 Laat julle daarom lei deur my woorde: hulle sal julle help.

**Wysh 7:7** Daarom het ek (Salomo) gebid, en my is Insig gegee; ek het geroep, en die **Gees van Wysheid (SY)** het vir my gekom.

Wysh 7:8 Ek het Haar hoër geag as septers en trone; en rykdom het ek as niks beskou in vergelyking met Haar.

Wysh 7:9 Ook edelgesteente het ek nie met Haar gelykgestel nie, want al die goud is in vergelyking met Haar net 'n bietjie stof, en al die silwer is teenoor Haar soos slyk.

Wysh 7:10 Ek het Haar meer liefgehad as gesondheid en skoonheid, en ek het Haar besit verkies bo die Lig, omdat die glans wat Sy versprei nie gedoof kan word nie.

Wysh 7:11 Maar saam met Haar het **tegelyk al die suiwer dinge my deel geword**, want onmeetlik is die rykdom in Haar hande.

Wysh 7:12 Ek het al die dinge geniet, omdat Sy **die Wysheid is** wat hulle gebring het, **sonder dat ek geweet het dat Sy in Haar die Moeder is**. [Boekrol van Henog 84:3]

Wysh 7:13 In opregtheid het ek Haar leer ken, en **sonder afguns deel ek Haar mee**; ek hou Haar rykdom nie verborge nie.

Wysh 7:14 Want Sy is vir die adamiete 'n onuitputlike skat; en hulle **wat Haar verwerf het, is aangeneem in vriendskap met Elohim**, omdat hulle 'n band gevorm het deur die geskenke van die Tug.

Wysh 7:15 Mag Elohim Haar aan my gee om ooreenkomstig my kennis te spreek, en om ooreenkomstig die waarde van die gawes te dink, omdat **HY die Gids van die Wysheid is** en HY die wyses teregwys.

# Lesing 16 van 24.8.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

**Die Moeder Wysheid in die Boek van Spreuke**

***(Die Wysheid word met n deugsame vrou vergelyk)***

**Spr 31:1** DIE woorde van LémuEl(Salomo), die koning, die **Teregwysing, waarmee sy Moeder hom vermaan het:**

Spr 31:2 Wat, My seun, ja wat, seun van My skoot, ja wat, **seun van My Geloftes**?

Spr 31:3 Gee jou krag **nie aan vroue** of jou omgang aan die wat konings uitroei nie.

Spr 31:10 [ a Alef.] Wie sal **'n Deugsame Vrou** vind? want Haar waarde is ver bo robyne. [Rut 3:11]

Spr 31:11 [ B; Bet.] Die **hart van Haar Man** vertrou op Haar, en aan wins sal dit hom nie ontbreek nie.

Spr 31:12 [ GÒ Ghimel.] Sy beloon Hom met **suiwerheid**, en nie besoedeling nie, al die dae van Haar lewe.

Spr 31:13 [ D Dalet.] Sy sorg vir wol en katoen (vlas), en Sy werk met gewillige handpalms. [Wysheid van Sirah 24:21-22; JeshaJaH 19:9]

Spr 31:14 [ h Hé.] Sy is soos die skepe van 'n handelaar - van ver af bring Sy Haar Brood in. [Wysheid van Sirah 24:21]

Spr 31:15 [ w" Waw.] En Sy staan op as dit nog nag is en gee voedsel aan **Haar huisgesin** en die bestemde deel aan **Haar Diensmeisies**. [Spreuke 9:3]

Spr 31:16 [ z Zajin.] Sy dink na oor 'n **stuk grond** en koop haar, van die vrug van Haar handpalms plant Sy 'n **Wingerd**. [Deuteronómium 2:9; Exodus 23:31]

Spr 31:17 [ j Get.] Sy omgord Haar lendene met Krag en hou Haar arms stewig.

Spr 31:18 [ f Tet.] Sy voel dat Haar opbrengs suiwer is, in die nag gaan Haar lamp nie dood nie.

Spr 31:19 [y Jod.] Sy steek Haar hande uit na die **spinstok**, en Haar handpalms hou die spoel vas.

Spr 31:20 [ k Kaf.] Sy brei Haar handpalm uit na die **ellendige**, en Sy steek Haar hande uit na die **behoeftige**.

Spr 31:21 [ l Lamed.] Sy is nie bevrees vir Haar huisgesin vanweë die **sneeu** nie, want Haar hele huisgesin dra **skarlaken stof**.

Spr 31:22 [ m' Mem.] Sy maak vir Haar dekens, Haar kleding is van fyn linne en purper.

Spr 31:23 [ n Noen.] Haar Man is bekend in die Poorte as Hy saam met die oudstes van die Aarde sit.

Spr 31:24 [ s Samek.] Sy maak hemde en verkoop dit, en gordels lewer Sy aan die handelaars.

Spr 31:25 [ [ Ajin.] Sterkte en Eer is Haar kleed, en Sy lag oor die dag wat kom.

Spr 31:26 [ Pi Pé.] Haar mond maak Sy oop met **Wysheid**, en die **Wet van Medelye** is op Haar tong.

Spr 31:27 [ xo Tzadé.] Opmerksaam gaan Sy die werksaamhede van Haar Huis na, en die brood van luiheid eet Sy nie.

Spr 31:28 [ q Kof.] Haar seuns tree op en noem Haar geseënd, Haar Man [ook], en Hy prys Haar:

Spr 31:29 [ r' Resj.] Baie Dogters het hulle knap gedra, maar U oortref hulle almal.

Spr 31:30 [ V, Sjin.] Die bevalligheid is bedrog, en die skoonheid is nietigheid; 'n Vrou wat JaHWeH vrees, Sy moet geprys word.

Spr 31:31 [ T Taw.] Gee vir Haar van die vrug van Haar hande, en laat Haar werke Haar prys in die Poorte.

**Wysheid van Salomo 1**

Wys 1:4 Die Wysheid sal nie ingaan in ‘n bedrieglike siel nie, en Sy woon nie in ‘n liggaam wat deur wetsverbreking beswaar is nie.

Wys 1:5 Want die Aparte Gees van Tug ontwyk veinsery; Sy vlug vir onbesonne gedagtes en word beskaam as die Ongeregtigheid naderby kom.

Wys 1:6 Want die Wysheid is ‘n Gees wat die adamiet liefhet, maar Sy laat ‘n lasteraar nie ongestraf vir [die woorde van] sy lippe nie, omdat El die Getuie is van sy niere en die waaragtige Verspieder van sy hart en die Toehoorder van sy tong.

Wys 1:7 Die Gees van JaHWeH het die heelal vol gemaak, en HY wat alles saamhou, weet wat daar gesê word.

# Lesing 17 van 28.8.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

## Die Moeder Wysheid in die Boek van Die Wysheid van Salomo

**Wysh 7:16** Want in SY Hand is onsself en ons woorde, al ons oorleg en bedrewenheid.

Wysh 7:17 Want dit is HY wat my 'n betroubare Kennis gegee het van die dinge, sodat ek die bou van die heelal kan deursien en die Krag van die elemente,

Wysh 7:18 die begin en die einde en die middel van die tye, die veranderinge van die sonstilstande en die afwyshseling van die jaargetye,

Wysh 7:19 die kringloop van die jaar en die stand van die Sterre,

Wysh 7:20 die natuur van al wat leef en die geaardheid van die diere; die kragte van die Geeste en die gedagtes van die adamiete; die soorte van die plante en die kragte van die wortels;

Wysh 7:21 al die dinge wat verborge of sigbaar is, het ek leer ken, **want die Wysheid wat alles gemaak het, het my geleer.**

**Wysh 7:22 WANT die Gees wat in Haar is, is Verstandig, apartgestel, enig, veelsydig, fyn, vaardig, deurdringend, suiwer, helder, onkwetsbaar, bedag op die suiwere, skerp,**

**Wysh 7:23 vry, mild, lief vir die adamiet, standvastig, betroubaar, sonder sorge, in staat om alles te doen en te oorsien, terwyl Sy deurdring tot alle geeste wat verstandig, suiwer en fyn is.**

**Wysh 7:24 Want die Wysheid is beweegliker as alles wat beweeg, en Sy deurdring en deurtrek alles vanweë Haar suiwerheid.**

Wysh 7:25 **Sy is die asemtog van Krag van die Elohim en die uitstraling van suiwer Glansrykheid van die Almagtige; daarom kan niks wat besoedel is aan Haar raak nie.** [Odes van Salomo 30:5; Wysheid van Sirah 24:3]

Wysh 7:26 Sy is die weerskyn **van die ewige Lig** en 'n onbevlekte spieël van die Krag van Elohim en 'n beeld van Sy **Suiwerheid**.

Wysh 7:27 Ofskoon Sy slegs Een is, vermag Sy alles; en terwyl Sy in Haarself bly, **maak Sy alles nuut**; en gedurende al die geslagte **gaan Sy binne-in siele van apartes en maak hulle vriende van Elohim en profete**.

Wysh 7:28 **Want Elohim het niemand lief as alleen diegene wat saam met die Wysheid woon nie.**

Wysh 7:29 Want Sy is fraaier as die son en die stelsel van Sterre; en in vergelyking met die Lig word Sy eerste gevind,

Wysh 7:30 omdat na die Lig weer die Nag volg, maar die Besoedeling oorwin nie die Wysheid nie.

Wysh 8:1 WANT Sy reik deur Haar krag van die een eind tot die ander, en dit is Sy wat alle dinge gunstig reël.

Wysh 8:2 VANAF my jeug het ek Haar liefgehad en gesoek, en ek het pogings aangewend om Haar vir myself as bruid te neem; **ek het verlief geraak op Haar skoonheid.**

Wysh 8:3 Sy beroem Haar op Haar afkoms **omdat Sy met Elohim leef,** en HY wat Meester van alles is, het Haar lief.

Wysh 8:4 Want Sy is 'n ingewyde in die Kennis van Elohim, en Sy staan by HOM in SY werke. [Openbaring van Henog 11:40, 41]

Wysh 8:5 As rykdom 'n begerenswaardige besit in die lewe is, **wat is dan ryker as die Wysheid wat alles werk?**

Wysh 8:6 As die besonnenheid 'n werk onderneem, wie is dan onder al die werkers wat leef, die bekwaamste?

Wysh 8:7 En wanneer iemand Geregtigheid liefhet - Haar hele bekommernis is die deugde, want Sy onderrig die matigheid en die verstandigheid, die regverdigheid en die sterkte, wat vir die adamiete die nuttigste in hulle lewe is.

Wysh 8:8 As iemand strewe na 'n veelsydige ervaring, Sy leen die verlede en voorsien die toekoms; Sy verstaan die sin van woorde en die oplossing van raaisels, Sy besit voorkennis van aanwysinge en voortekens, ewenas die afloop van tye en tydperke.

Wysh 8:9 **Daarom het ek geoordeel om Haar as lewensgesellin te neem, want ek weet dat Sy vir my 'n suiwer Raadgeefster sal wees en 'n Trooster in sorge en smart.**

Wysh 8:10 Deur Haar sal ek roem verwerf by die volksmenigte en Eer by die oudstes, ofskoon ek jonk is.

Wysh 8:11 My oordele sal skerpsinnig gevind word, en in die oë van die vorste sal ek bewondering vind.

Wysh 8:12 As ek swyg, sal hulle vir my wag; as ek spreek, sal hulle luister; as ek langer spreek, sal hulle die hand op hulle mond lê.

Wysh 8:13 **Deur Haar sal ek onsterflikheid besit, en ek sal 'n ewige herinnering aan myself by hulle agterlaat**.

# Lesing 18 van 29.8.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

Wysh 8:14 Ek sal **volke bestuur**, en nasies sal aan my onderwerp word.

Wysh 8:15 Gevreesde heersers wat van my hoor, sal angs kry; maar **vir my volk sal ek goed wees** en dapper in die **oorlog**.

Wysh 8:16 As ek in **my huis** binnegaan, sal ek by Haar rus vind; want die omgang met Haar veroorsaak geen bitterheid nie en verkeer met Haar bring geen verdriet nie, maar **Vreugde en Blydskap**.

Wysh 8:17 Hierdie dinge het ek oorweeg vir myself en in My Hart oorpeins: **dat daar onsterflikheid geleë is in die saamlewe met die Wysheid**,

Wysh 8:18 en **edele verkwikking** in Haar vriendskap, **onuitputlike rykdom** in die werk van Haar hande, **insig** in 'n innige omgang met Haar, **roem** in die deelneem aan Haar gesprekke. Daarom het ek rondgegaan om te **soek hoe ek Haar vir myself sou kon neem**.

Wysh 8:19 Ek was 'n kind gewees met 'n fraai gestalte, en ek het 'n voortreflike siel gekry;

Wysh 8:20 of liewer: omdat ek voortreflik was, het ek in 'n liggaam sonder gebreke gekom.

Wysh 8:21 Maar ek het geweet dat ek Haar nie sou gekry het nie, **as Elohim my Haar nie sou gegee het nie;** en Sy was reeds wys om te erken in wie se Guns Sy is - en ek het **my tot JaHWeH gewend** en HOM gebid; en uit my hele hart het ek gesê:

Wysh 9:1 Elohey van ons Vaders en JaHWeH van Ontferming, **wat alles gemaak het deur U Woord**, [Openb van Henog 11:40]

Wysh 9:2 **en wat deur U Wysheid die adamiet gemaak het,** sodat hy sou heers oor die skepsels wat U gevorm het,

Wysh 9:3 en sodat hy die wêreld in **Apartheid en regverdigheid** sou bestuur, en sou beoordeel met 'n regverdige gees;

Wysh 9:4 gee U my **die Wysheid wat op U Troon sit**, en wys U my nie af as een van U kinders nie.

Wysh 9:5 Want ek is U dienskneg en **die seun van U Diensmaagd,** 'n adamiet wat swak is en kort leef, en wat nog swakker is in die kennis van U oordeel en U Gebooie;

Wysh 9:6 omdat selfs as iemand die rassuiwerste is onder die seuns van die Adam, hy tog sonder U Wysheid niks werd geag word.

Wysh 9:7 U het my verkies as U volk se **koning** en as **regter** oor U seuns en dogters;

Wysh 9:8 **U het my gesê om 'n Huis te bou op die berg van U Apartheid, en 'n altaar in die Stad van U inwoning, as 'n afbeelding van die woontent van Apartheid wat U vanaf die begin voorberei het.**

Wysh 9:9 By U is die Wysheid wat U werke ken, **wat teenwoordig was toe U die heelal maak,** wat weet wat behaaglik is in U Oë, en wat met Reg is volgens U Gebooie. [Spreuke 8:22; 9:9]

Wysh 9:10 Stuur **U Haar vanuit die Hemele van Apartheid** en **stuur U Haar vanaf die Troon** van U **Glansrykheid**, sodat Sy met my kan wees en saamwerk, en ek kan weet wat aan U welgevallig is.

Wysh 9:11 Want Sy weet en begryp alles, en Sy sal my in my werke lei met oorleg en my bewaar in Haar Glansrykheid. [Openbaring van Henog 11:41]

Wysh 9:12 Dan sal my **werke aangenaam** wees, en ek sal U volk regverdig regeer en **die troon van my vader werd wees.**

Wysh 9:17 Wie kan U Wil ken, as **U Self** nie die Wysheid gee en U Gees van Apartheid van omhoog stuur nie?

Wysh 9:18 Só word die paaie van die adamiete op Aarde reggemaak, en leer hulle wat U behaag, en **word hulle gered deur die Wysheid.**

**2Kron 7:1**

EN net toe Salomo sy gebed voleindig het, het die **vuur uit die Hemele neergedaal** en die brandoffer en die slagdiere verteer, en die **Glansrykheid van JaHWeH het die Huis gevul**;

2Kron 7:8 So het Salomo dan in dié tyd die **Fees gehou, sewe dae lank, en die hele JisraEl saam met hom**.....

2Kron 7:10 En op die drie-en-twintigste dag vanaf die sewende maand het hy die volk na hul tente laat gaan....

2Kron 7:14 en My volk, **oor wie My Naam uitgeroep** is, hulle verootmoedig en bid en My Aangesig soek en hulle bekeer van hul besoedelde weë, dan sal Ék uit die Hemele hoor en **hulle oortredinge vergewe en hulle Aarde genees.**

2Kron 7:15 Nou sal My Oë oop wees en My Ore luister na die **gebed van hierdie plek**.

2Kron 7:16 **So het Ek dan nou hierdie Huis verkies en afgesonder, dat My Naam daar kan wees tot in ewigheid, en My Oë en My hart sal altyd daar wees.**

# Lesing 19 van 30.8.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

**ADAM:**

Wysh 10:1 **SY** het die **eersgeskape vader** van die wêreld beskerm toe hy die enigste skepsel was, en Sy het hom uitgelei uit sy val [Génesis 3:23; Boekrol van die Opregte 1:12]

Wysh 10:2 en hom die mag gegee om oor alles te heers. [Génesis 1:28]

**KAIN:**

Wysh 10:3 Maar die **wetsverbreker** het **Haar** in sy toorn verlaat, en hy het te gronde gegaan deur die woede wat sy broer gedood het. [Génesis 4:8]

Wysh 10:4 Vanweë hom is die Aarde oorstroom,

**NOAG:**

maar deur die **Wysheid** gered, wat die regverdige geloods het op nietige hout. [Boekrol van Henog 67:2]

**ABRAHAM:**

Wysh 10:5 Nadat die nasies verstrooi is vanweë die algemeenheid van oortreding, het Sy die regverdige [uit]geken en hom sonder smet vir Elohim bewaar; en Sy het hom in sy krag beskerm teen sy liefde vir sy seun.

**LOT:**

Wysh 10:6 Sy het die regverdige gered uit die ondergang van die besoedeldes, toe hy wegvlug van die vuur wat op die vyf stede geval het;

Wysh 10:7 daarvan bestaan nog altyd as getuie van oortreding: 'n rokende puinhoop, plante wat vrug dra op verkeerde tye,

**LOT SE VROU:**

en 'n soutpilaar wat daar staan aan 'n ongelowige gees.

Wysh 10:8 Want die wat afwyk van die **Weg van die Wysheid** het nie alleen gestruikel deurdat hulle die suiwer dinge nie meer ken nie, maar hulle het ook aan die wêreld 'n gedagtenis nagelaat van die dwaasheid, sodat hulle nie kan geheim hou waarin hulle oortree het nie.

Wysh 10:9 Maar die Wysheid het Haar volgelinge uit die kwelling gered. [Psalm 22:4]

**JAKOB:**

Wysh 10:10 Sy het die regverdige wat vir die toorn van sy broer (**ESAU**) gevlug het op regte Paaie gelei, Sy het hom die koninkryk van Elohim gewys en hom die Kennis van die Aparthede gegee, en Sy het hom in sy arbeid laat voortgaan en sy inspanning vrugbaar gemaak.

Wysh 10:11 Sy het hom bygestaan teen die hebsug van sy verdrukkers en hom ryk gemaak.

Wysh 10:12 Sy het hom ook beskerm teen sy vyande en hom beveilig teen sy belaers; Sy het 'n sware stryd in sy voordeel beslis om hom te laat weet dat vroomheid alles in mag oortref.

**JOSEF:**

Wysh 10:13 Die regverdige wat verkoop is, het Sy nie aan sy lot oorgelaat nie, maar Sy het hom ontruk aan oortreding:

Wysh 10:14 Sy het met hom afgeklim in die gevangenis en hom in Sy boeie nie verlaat nie, totdat Sy hom **die Septer van die koningskap** gebring het en gesag oor sy oorheersers. Sy het bewys dat sy aanklaers onwaarheid spreek en hom ewige roem gegee.

Wysh 10:15 'n Apartgestelde volk en 'n suiwer saadlyn het Sy verlos uit 'n nasie van verdrukkers. [Psalm 77:20]

**MOSES:**

Wysh 10:16 Sy het ingegaan in die siel van JaHWeH se dienskneg en aan skrikwekkende konings teenstand gebied deur wonders en tekens.

Wysh 10:17 Sy het die apartes die beloning gegee vir hulle inspanning en hulle gelei op 'n wonderlike weg; **bedags was Sy vir hulle 'n beskerming gewees en snags 'n lig soos van Sterre.**

Wysh 10:18 Sy het hulle deur die Riet See [Skelf See] gebring en hulle deur baie water gelei,

Wysh 10:19 maar hulle vyande het Sy oorstroom en hulle uit die diepte van die afgrond weer laat uitspoel.

Wysh 10:20 So **het die regverdiges die besoedeldes gebuit,** en het hulle die Naam van U Apartheid besing, JaHWeH, en eensgesind U verdedigende Hand geloof. [Exodus 24:11]

Wysh 10:21 Want die Wysheid het die monde oopgemaak van die wat stom was, en Sy het die tonge van kindertjies verstaanbaar gemaak.

# Lesing 20 van 31.8.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

**Odes van Salomo 4**

1 GEEN sterfling verander U **Apartheidsplek** nie, o my Elohey, **en daar is geeneen wat hom sal verander en op ‘n ander plek sit nie**,

2 Want geeneen het enige gesag oor hom nie; want U het U Apartheidsplek bedink voordat U plekke gemaak het:

3 Wat ouer is, sal nie verander word deur die wat jonger as hy is nie. U het **U Hart**, o JaHWeH, aan U **getroues** gegee.

4 U sal nooit onbekwaam wees nie, ook sal U nie vrugteloos wees nie.

5 **Want een uur van U Waarheid is beter as al die dae en jare.**

6 Want wie sal hom beklee met U Guns en verwerp word?

7 Want **U Seël** is bekend, en U skepsele is bekend met Haar,

8 en die Leërskare hou Haar, en die uitverkore Hoofboodskappers is **met Haar beklee**.

9 **U het vir ons gemeenskap met U gegee: Dit is nie asof U ons nodig het nie, maar eerder dat ons U nodig het.**

10 Sprinkel U dan oor ons **U Dou**, en open U ryk **Fonteine wat vloei met melk en heuning** vir ons.

11 Want by U is geen berou, dat U berou sal hê oor enigiets wat U beloof het nie;

12 En die einde is aan U bekend.

**Ode 8.8** Luister na die **woord van Waarheid**, en ontvang die **Kennis** van die Hoogste El.

9 Julle vlees sal nie weet wat Ek vir julle sê nie, ook nie julle kleding wat Ek aan julle bekend maak nie.

10 **Bewaar My Verborgene**, julle wat deur Haar onderhou word:

11 Bewaar My Geloof, julle wat deur Haar onderhou word; [Hebreërs 12]

12 En begryp My Kennis, **julle wat My deur die Waarheid ken.**

13 Wees lief vir My met toegeneentheid, julle wat bemin.

14 Want Ek wend nie My Aangesig af van hulle wat Myne is nie, omdat Ek hulle ken;

15 En voordat hulle ontstaan het, het Ek hulle waargeneem; en **My Seël** op hul aangesigte geplaas. [Exodus 28:36, 37]

16 Ek het hul liggaamsdele geformeer; en My borste het Ek vir hulle voorberei, sodat hulle **My melk van Apartheid** mag drink en daardeur mag lewe.

**Ode 9.8 Waarheid is ‘n ewige Kroon; geseënd is diegene wat Haar op hul hoofde plaas**, [Exodus 28:36, 37; ZekarJaH 3:5; Openbaring 2:10]

9 ‘n **Steen van groot waarde**; want die oorloë is as gevolg van die Kroon;

**Ode 11.5** En ek is stewig gevestig **op die Klip van Waarheid**, waar Hy my geplaas het;

6 En **waters wat spreek**, het my lippe aangeraak van **JaHWeH se Fontein**, sonder terughouding;

**Ode 12** HY het my gevul met die **woorde van Waarheid**, sodat ek van Hom mag spreek;

2 **Waarheid** het uit my mond gevloei soos ‘n stroom water, en my lippe het **Haar vrugte** bekend gemaak.

3 Sy het my laat oorloop met **Haar Kennis**, want **die Mond van JaHWeH is die ware Woord**, en die Poort van Sy Lig.

***Hos 4:6*** *My volk gaan te gronde weens* ***gebrek aan Kennis****; omdat jy die Kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp,* ***sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie;*** *omdat jy die* ***Wet*** *van jou Elohey vergeet het, sal Ek ook jou* ***kinders vergeet***.

4 **Die Hoogste El het Haar aan Sy wêrelde gegee**, die vertolkers van Sy Prag, en die vertellers van Sy Glans-rykheid, en die belyers van Sy denke, en die verkondigers van Sy gedagte, en **die Apartheid van Sy werke.**

11 Want die **Mond van die Hoogste El** het met hulle gespreek, en **deur Haar** het Sy openbaring vrye teuels gehad.

12 **Want die Woning van die Woord is die Seun van Adam. En die Waarheid is Sy Liefde**.

13 Geseënd is hulle wat **alles deur Haar** verstaan het, en **JaHWeH in Sy Waarheid** geken het.

Halalu-JaHH/Prys jul JaHH!

# Lesing 21 van 01.09.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

**ODE VAN SALOMO 19**

**[Die verwekking van die JaHWèshua]**

‘N **BEKER saad** was My aangebied, en Ek het hom ingeneem as die soetheid van die Suiwerheid van JaHWeH.

2 Die Seun is die Beker en HY wat getap is, is die VADER, en **Sy wat HOM getap het, is die Gees van Apartheid;**

3 Want SY saadorgaan was vol, en dit was nie wenslik dat SY saad sonder rede afgeskei word nie;

4 **Die Gees van Apartheid het Haar skoot geopen en die saad vanuit die twee saadselle van die VADER vermeng**, [Lukas 2:21]

5 en het die **Mengsel** aan die wêreld gegee sonder dat hulle daarvan bewus was; en hulle wat Hom ontvang, is in die volheid van die Regterhand.

6 **Die baarmoeder van die maagd het Hom omhels** en sy het swanger geword en gebaar.

***Mat 1:20*** *Maar terwyl hy dit in die gedagte gehad het, verskyn daar 'n Boodskapper van die Elohim in 'n droom aan hom en sê: JôWsef, seun van Dawid, wees nie bevrees om Mirjam, jou vrou, by jou te neem nie,* ***want wat in haar verwek is, is uit die Gees van die Apartheid;***

*Mat 1:21 en sy sal 'n seun baar, en jy moet Hom JaHWèshua noem, want dit is Hy wat Sy volk van hulle oortredinge sal verlos.*

7 Die maagd het ‘n moeder met groot deernis geword;

8 Sy was in barensweë en het ‘n Seun gebaar sonder om pyn te voel, omdat Hy nie sonder ‘n rede ontstaan het nie;

9 Sy het nie ‘n vroedvrou verlang nie, want HY het haar verlos. [Boodskap van Jakobus 19:3]

10 Sy het gebaar, soos dit is, **‘n Man, deur die Wil van Elohim,** en het Hom gebaar en Hom bekend gemaak, en het Hom in groot Krag verkry;

11 En sy het Hom liefgehad met die bevalling, en Hom bewaak met minsaamheid en Hom in grootheid bekend gemaak. [Boekrol van Henog 62:7]

Halalu-JaHH/Prys jul JaHH!

**Ode 24**

**[Ode oor die Waarheid.]**

24.1 **DIE Duif het afgevlieg op die hoof van ons Meester, ons Gesalfde, want Hy was Haar hoof**.

2 Sy het oor Hom gesing, en **Haar Stem is gehoor**. [MattithJaHûW 3:16-17]

3 Die bewoners het gevrees, en die verbasterdes het gesidder.

4 Die vlieënde wesens het opgevlieg en al die reptiele is dood in hulle gate.

5 En die **Afgrond** is **geopen en weer toegemaak**, en hulle het die Gesalfde gesoek soos diegene in barensnood;

10 Elohim het die gedagtes vernietig van hulle **met wie die Waarheid nie was nie;**

11 Want hulle het Wysheid kortgekom, hulle wat trots van hart was.

12 En hulle is verwerp, **want die Waarheid was nie met hulle nie,**

13 Omdat Elohim SY Weg bekend gemaak het, en SY Barmhartigheid uitgebrei het.

14 **En hulle wat Hom bemerk het, ken SY Apartheid**.

Halalu-JaHH/Prys jul JaHH!

**Ode 28**

**[‘n Ode deur die Seun]**

28 SOOS die vlerke van ‘n duif oor haar kleintjies en die bekke van die kleintjies gerig is na hulle [moeders se] bekke, **so ook is die Vleuels van die Gees oor My Siel.** [Hooglied van Salomo 3:11, 6:9]

2 My Siel is verheug en spring op van vreugde, soos die kindjie wat in Sy Moeder se baarmoeder opspring.

3 Ek het geglo: daarom was Ek rustig, want HOM in wie Ek geglo het, is getrou.

4 HY het My ryklik geseën en My hoof is tot HOM gerig; en geen swaard sal My van HOM skei nie, ook geen lem nie;

5 Want Ek is gereedgemaak voordat vernietiging gekom het, en Ek is neergesit op Haar (die Gees se) onverderfbare Vleuels,

6 Ewige Lewe het My omhels en My gekus.

7 **Deur Haar is die Gees binne My** en Sy kan nie sterf nie, want Sy lewe.

**Ode 30:**

**[Die Fontein van JaHWeH]**

30 SKEP vir julself water van **die Lewende Fontein van JaHWeH,** want **Sy is vir julle geopen**. [Openbaring 21:6]

2 En kom, almal julle wat dors het en neem ‘n teug, en rus by die **Fontein van JaHWeH**,

3 Want Sy is voortreflik en suiwer en verskaf rus aan die siel. [Hebreërs 4:9]

4 Want Haar waters is meer **genotvoller** as heuning, en die heuningkoek van bye is nie met Haar te vergelyk nie; [Hooglied 4:11]

5 **Want Sy kom van die Lippe van JaHWeH en van die Hart van JaHWeH is Haar Naam**. [Wysheid van Sirah 24:3; Wysheid van Salomo 7:25]

6 Sy het ongehinderd en ongesiens gekom, en **totdat Sy in hulle midde geplaas is, het die mense nie van Haar geweet nie**. [2 Ezra 7:26]

7 Geseënd is dié wat van **Haar** gedrink het, en deur **Haar** verfris is. [Wysheid van Sirah 6:32; 15:5]

# Lesing 22 van 02.09.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

**[Die Waarheid:]**
**Ode 33.**

**5** MAAR **'n Volmaakte Maagd** het gestaan, en aangekondig en uitgeroep en gesê,
6 Draai om, julle seuns van adam, en julle, hulle dogters, kom,
7 En **verlaat die weë van verdorwenheid** en kom na My;
8 En **Ek sal julle binnedring** en julle uit vernietiging haal en julle wys maak in die **Weë van Waarheid**.
9 Moenie verdorwe raak nie, en moenie tot niet gaan nie.
10 **Luister na My** en word verlos. Want Ek verkondig aan julle die **Barmhartigheid van Elohim**.
11 **Deur My sal julle verlos word en geseënd word: Ek is jul Regter.**
12 En diegene wat hulle **met My beklee**, sal nie verwerp word nie, maar sal **Onverdorwenheid** in die nuwe wêreld verkry.
13 0 My uitverkorenes, **wandel in My**! En Ek sal My Weë bekend maak aan hulle wat My soek, en maak **dat hulle in My Naam sal vertrou**. [Wysheid van Sirah 15:1-10]
Halalu-JaHH/Prys jul JaHH!

**['n Ode deur die Seun oor Sy Moeder]**
**Ode 35**

**:1** DIE **Dou van JaHWeH** het My oorskadu in rus, en HY het **die Wolkkolom van Vrede** bo My Hoof gestel
2 wat My voortdurend behoed het, en My Verlossing geword het.
3 Alle dinge is geskud en in beroering gebring, en rook en oordeel het van Hulle uitgegaan.
4 Ek was rustig in die Krygsmag van JaHWeH, en HY was vir My **meer as Dou** en meer as 'n fondament.
5 **Ek is soos 'n Kind deur Sy Moeder gedra, en Sy het vir My die Dou van JaHWeH as melk gegee**;
6 Ek het grootgeword volgens Haar gawe, en Ek het gerus in HAAR Suiwerheid;
7 Ek het My hande uitgebrei in die opvaart van My Siel, en het opreg gestaan teenoor die Hoogste El, en is deur HOM verlos.
Halalu-JaHH/Prys jul JaHH!

**[Die wêreld sal die nabootsing volg]**
**Ode 38:**

**1** EK gaan op in die **Lig van Waarheid** soos in 'n strydwa, en **Waarheid lei my** en bring my,
2 en Sy neem my oor die afgronde en skeure, en Sy red my van **kranse en valleie**;
3 Sy word vir my 'n **hawe van Verlossing**, en plaas my neer op die arms van die **Ewige Lewe**:
4 En Sy gaan saam met my en gee my rus, en laat my nie oortree nie, **want Sy is Waarheid**.
5 Ek is in geen gevaar nie, want ek wandel met Haar, en ek oortree in niks nie, want **ek gehoorsaam Haar**;
6 Want dwaling wyk van Haar, en ontmoet Haar nie.
7 **Maar Waarheid gaan op 'n reguit Weg** en alles wat ek nie weet nie, wys Sy my,
8 Selfs al die bedwelminge van oortreding, en al die kastydings van die dood, wat gereken word as soetheid.
9 Die **Verderwer** van verdorwenheid het ek gesien, terwyl 'n **bruid wat verdorwe is**, besig was om haarself te tooi; selfs 'n **bruidegom wat verlei** en **bedorwe** is;
10 **En ek het Waarheid gevra**: Wie is hierdie? En Sy het vir my gesê, **hy is die Bedrieër en sy is die Dwaling**;
11 **Hulle boots die Geliefde Een en Sy Bruid na, en veroorsaak dat die wêreld dwaal, en verderwe haar**; [Openbaring Hfs. 13, 17 & 18]
12 En hulle nooi baie uit na 'n feesmaal en gee aan hulle die **wyn van hul dronkenskap** om te drink,
13 Hulle maak dat hulle hul wysheid en insig **braak** en hulle bewys hulself as **dwaas**;

***2Pe_2:22** Maar oor hulle het gekom wat die ware spreekwoord sê: Die hond het omgedraai na sy eie **uitbraaksel**, en die gewaste sog om in die modder te rol. [Spreuke 26:11; JeshaJaH 28:8]*

14 **Dan verlaat Sy hulle**; maar hulle gaan rond, rasende en bedorwende, want hulle is sonder Insig, **omdat hulle Haar ook nie soek nie**. [JeshaJaH 14:14]

15 Ek het verstandig opgetree, sodoende het ek nie in die hande van die Bedrieër geval nie. En ek het myself voorspoed toegewens, **omdat Waarheid my vergesel het.**
16 Ek het sterk geword, en geleef, en is verlos. **My fondamente is gelê naby JaHWeH; want Hy het my geplant.**
17 Want Hy het die Wortel vasgestel en Sy vrugte sal vir altyd wees.
18 Hulle gaan diep af en groei hoog op en sprei uit, en word vol en oorvloedig.
19 En JaHWeH alleen is Geloof vir Sy Aanplanting en Sy Verbouing, [JeHôWganan 15:1]
20 Vir Sy sorg en vir die seëning van Sy Lippe, vir die **pragtige Plantling van Sy Regterhand**,
21 En vir die **ontdekking** van Sy Aanplanting, en vir die skranderheid van Sy Verstand.
Halalu-JaHH/Prys jul JaHH!

## Ode 28

## [‘n Ode deur die Seun]

**28:1** SOOS die vlerke van ‘n duif oor haar kleintjies en die bekke van die kleintjies gerig is na hulle [moeders se] bekke, **so ook is die Vleuels van die Gees oor My Siel.** [Hooglied van Salomo 3:11, 6:9]

## Ode 30:

## [Die Fontein van JaHWeH]

**30:1** SKEP vir julself water van **die Lewende Fontein van JaHWeH,** want **Sy is vir julle geopen**. [Openbaring 21:6]
2 En kom, almal julle wat dors het en neem ‘n teug, en rus by die **Fontein van JaHWeH**,

5 **Want Sy kom van die Lippe van JaHWeH en van die Hart van JaHWeH is Haar Naam**. [Wysheid van Sirah 24:3; Wysheid van Salomo 7:25]
6 Sy het ongehinderd en ongesiens gekom, en **totdat Sy in hulle midde geplaas is, het die mense nie van Haar geweet nie**. [2 Ezra 7:26]
7 Geseënd is dié wat van **Haar** gedrink het, en deur **Haar** verfris is. [Wysheid van Sirah 6:32; 15:5]
Halalu-JaHH/Prys jul JaHH

# Lesing 23 van 04.09.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

Rut 1:1 EN in die dae toe die Rigters geregeer het, was daar hongersnood in die Aarde; daarom het 'n man uit Betlehem-JeHûWdah weggetrek om as vreemdeling te vertoef in die veld van Moab, hy en sy vrou en sy twee seuns.

Rut 1:2 En die naam van die man was EliMeleg, en die naam van sy vrou Naómi, en die naam van sy twee seuns Maglon en Giljon, Efratiete, uit Betlehem-JeHûWdah, en hulle het gekom in die veld van Moab en daar gebly.

Rut 1:3 En EliMeleg, die man van Naómi, het gesterwe, maar sy met haar twee seuns het oorgebly.

Rut 1:4 En hulle het vir hulle vroue uit Moab geneem; die naam van die een was Orpa en die naam van die ander Rut; en hulle het daar omtrent tien jaar gebly.

Rut 1:5 En toe Maglon en Giljon altwee sterwe, en die vrou sonder haar twee seuns en haar man oorbly,

Rut 1:6 het sy haar gereed gemaak met haar skoondogters en teruggegaan uit die veld van Moab, want sy het in die veld van Moab gehoor dat JaHWeH op Sy volk ag gegee het deur aan hulle brood te gee.

Rut 1:7 So het sy dan haar woonplek verlaat en haar twee skoondogters saam met haar. Maar toe hulle op pad was om na die Aarde van JeHûWdah terug te gaan,

Rut 1:8 sê Naómi aan haar twee skoondogters: Gaan heen, draai om, elkeen na die huis van haar moeder; mag JaHWeH aan julle Medelye betoon soos julle aan die dode en aan my bewys het.

Rut 1:9 Mag JaHWeH gee dat julle 'n rusplek vind, elkeen in die huis van haar man; en sy het hulle gesoen. Maar hulle het hul stem verhef en geween

Rut 1:10 en aan haar gesê: Nee, ons wil saam met u teruggaan na u volk.

Rut 1:11 Maar Naómi sê: Draai om, my dogters! Waarom sou julle met my saamgaan? Het ek nog seuns in my liggaam, dat hulle julle mans kan word?

Rut 1:12 Draai om, my dogters, gaan heen; want ek is te oud om 'n man te hê. Al sou ek sê: Ek het hoop! en nog vannag aan 'n man mag behoort en ook seuns baar -

Rut 1:13 sou julle in dié geval kan wag totdat hulle groot geword het? Sou julle in dié geval julleself opsluit om nie aan 'n man te behoort nie? Ag nee, my dogters, want dit is vir my baie bitterder as vir julle dat die Hand van JaHWeH teen my uitgestrek is.

Rut 1:14 Toe verhef hulle hul stem en ween weer; en Orpa het haar skoonmoeder gesoen, maar Rut het haar aangehang.

Rut 1:15 Daarop sê sy: Kyk, jou skoonsuster het omgedraai na haar volk en na haar gode toe; draai om agter jou skoonsuster aan!

Rut 1:16 Maar Rut sê: Moenie by my aandring dat ek u moet verlaat om agter u om te draai nie; want waar u gaan, sal ek gaan; en waar u vertoef, sal ek vertoef; u volk is my volk, en u Elohey is my Elohey.

Rut 1:17 Waar u sterwe, sal ek sterwe en daar begrawe word! Mag JaHWeH so aan my doen en so daaraan toedoen - net die dood sal skeiding maak tussen my en u.

Rut 1:18 Toe sy sien dat sy vas besluit het om met haar saam te gaan, het sy opgehou om met haar te spreek.

Rut 1:19 En hulle twee het op pad gegaan totdat hulle in Betlehem gekom het. En toe hulle in Betlehem kom, het die hele stad oor hulle in opskudding geraak, en die vroue het gesê: Is dit Naómi?

Rut 1:20 Toe antwoord sy hulle: Noem my nie Naómi nie: noem my Mara, want die Almagtige het my baie bitterheid aangedoen.

Rut 1:21 Vol het ek weggetrek, maar leeg het JaHWeH my laat terugkom. Waarom sou julle my Naómi noem, terwyl JaHWeH teen my getuig het, en die Almagtige my kwaad aangedoen het?

Rut 1:22 So het Naómi dan teruggekeer en Rut, die Moabitiese, haar skoondogter wat saam met haar uit die veld van Moab teruggekom het; en hulle het in Betlehem gekom in die begin van die garsoes.

# Lesing 24 van 06.09.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

Rut 2:1 EN Naómi het 'n bloedverwant gehad van haar man se kant, 'n vermoënde man, uit die familie van EliMeleg, wie se naam Boas was.

Rut 2:2 En Rut, die Moabitiese, het vir Naómi gesê: Laat ek tog die Aarde ingaan en are optel agter dié een in wie se oë ek guns sal vind. Toe antwoord sy haar: Gaan, my dogter.

Rut 2:3 Daarop het sy heengegaan, en gekom en are opgetel op die land agter die snyers. En toe kom sy op 'n stuk land af wat behoort aan Boas, uit die familie van EliMeleg.

Rut 2:4 En Boas het juis van Betlehem af gekom en aan die snyers gesê: Mag JaHWeH met julle wees! En hulle het hom geantwoord: Mag JaHWeH u seën!

Rut 2:5 Daarop sê Boas aan sy dienaar, die opsigter oor die snyers: Van wie is hierdie jong vrou?

Rut 2:6 En die dienaar, die opsigter oor die snyers, antwoord en sê: Dit is die jong Moabitiese vrou wat saam met Naómi uit die veld van Moab teruggekom het;

Rut 2:7 en sy het gesê: Kan ek maar are optel en insamel by die gerwe agter die snyers? Sy het toe gekom en gebly van vanmôre af tot nou toe; sy het maar min daar in die huis gesit.

Rut 2:8 Toe sê Boas vir Rut: Luister tog, my dogter: jy moenie op 'n ander land gaan are optel nie, en jy mag ook nie hiervandaan weggaan nie, maar jy moet jou by my diensmeisies aansluit. [Spreuke van Salomo 9:1-3]

Rut 2:9 Met die oë op die land wat hulle afsny, moet jy agter hulle aan loop. Het ek die dienaars nie bevel gegee om jou nie aan te raak nie? En as jy dors het, gaan dan na die kanne en drink van wat die dienaars skep.

Rut 2:10 Toe val sy op haar aangesig en buig na die Aarde toe en sê vir hom: Waarom het ek guns in u oë gevind, dat u in my belang stel alhoewel ek 'n uitlander is?

Rut 2:11 En Boas antwoord en sê vir haar: Aan my is alles omstandig vertel wat jy aan jou skoonmoeder gedoen het na die dood van jou man, en dat jy jou vader en jou moeder en jou Aarde van geboorte verlaat het en na 'n volk getrek het wat jy gister en eergister nie geken het nie.

Rut 2:12 Mag JaHWeH jou daad beloon, en mag jou loon volkome wees van JaHWeH, die Elohey van JisraEl, onder wie se Vleuels jy kom skuil het.

Rut 2:13 Toe sê sy: So vind ek dan guns in u oë, my meester! Want u het my getroos en na die hart van u dienares gespreek, alhoewel ek nie soos een van u dienaresse is nie.

Rut 2:14 En teen etenstyd het Boas vir haar gesê: Kom hierheen en eet van die brood en steek jou stukkie in die asyn. Daarop gaan sy langs die snyers sit, en hy het haar gebraaide koring gegee, en sy het geëet en versadig geword en oorgehou.

Rut 2:15 Toe sy [weer] opstaan om are op te tel, het Boas sy dienaars bevel gegee en gesê: Sy mag ook tussen die gerwe optel, en julle mag haar nie beledig nie.

Rut 2:16 En julle moet ook so nou en dan vir haar uit die bondels uittrek en dit laat lê, dat sy dit kan optel; en julle mag haar nie keer nie.

Rut 2:17 En sy het op die land opgetel tot die aand; en toe sy uitslaan wat sy opgetel het, was dit omtrent 'n efa gars.

Rut 2:18 En sy het dit weggedra; en toe sy in die stad kom, sien haar skoonmoeder wat sy opgetel het; ook het sy uitgehaal en aan haar gegee wat sy oorgehou het nadat sy versadig was.

Rut 2:19 Daarop vra haar skoonmoeder haar: Waar het jy vandag opgetel, en waar het jy gewerk? Mag hy geseënd wees wat in jou belang gestel het! En sy vertel haar skoonmoeder by wie sy gewerk het, en sê: Die naam van die man by wie ek vandag gewerk het, is Boas.

Rut 2:20 En Naómi sê vir haar skoondogter: Mag hy geseënd wees deur JaHWeH, wat Sy Medelye aan lewende en dode nie onttrek het nie. Verder sê Naómi vir haar: Die man is ons nabestaande, hy is een van ons lossers.

Rut 2:21 Toe sê Rut, die Moabitiese: Hy het ook nog vir my gesê: By my dienaars moet jy aansluit totdat hulle klaar is met die hele oes wat aan my behoort.

Rut 2:22 Daarop het Naómi haar skoondogter Rut geantwoord: Dit is goed, my dogter, dat jy met sy diensmeisies saam uitgaan en aan jou geen kwaad op 'n ander land aangedoen word nie.

Rut 2:23 So het sy dan by die diensmeisies van Boas aangesluit om are op te tel totdat hulle met die garsoes en die koringoes klaar was; en sy het by haar skoonmoeder gewoon.

## Lesing 25 van 07.09.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

Rut 3:1 TOE sê haar skoonmoeder Naómi vir haar: My dogter, sal ek nie vir jou 'n rusplek soek, dat dit goed met jou kan gaan nie? [Wysheid van Sirah 24:7-8]

Rut 3:2 Nou dan, is Boas by wie se diensmeisies jy was, nie ons bloedverwant nie? Kyk, hy wan vannag op die vloer gars uit.

Rut 3:3 Was jou dan en salf jou en trek jou klere aan, en gaan af na die vloer toe; laat jou deur die man nie herken totdat hy klaar geëet en gedrink het nie.

Rut 3:4 Maar as hy gaan slaap, let dan op die plek waar hy gaan slaap; kom dan nader, maak sy voetenent oop en gaan lê; en hy sal jou te kenne gee wat jy moet doen.

Rut 3:5 En sy antwoord aan haar: Alles wat u sê, sal ek doen.

Rut 3:6 Daarop het sy afgegaan na die vloer en gedoen net soos haar skoonmoeder haar beveel het.

Rut 3:7 Nadat Boas geëet en gedrink het, en sy hart vrolik was, en hy gaan slaap het by die ent van die hoop, het sy stilletjies gekom en sy voetenent oopgemaak en gaan lê.

Rut 3:8 En die man het teen middernag geskrik en vooroor gebuig en - daar lê 'n vrou aan sy voetenent.

Rut 3:9 En hy vra: Wie is jy? Toe antwoord sy: Ek is Rut, u dienares; brei dan u vleuel oor u dienares uit, want u is die losser.

Rut 3:10 En hy sê: Geseënd is jy deur JaHWeH; my dogter! Jy het jou laaste liefde beter gemaak as die eerste, omdat jy nie agter jongmanne, arm of ryk, aan geloop het nie.

Rut 3:11 Wees dan nou nie bang nie, my dogter; alles wat jy sê, sal ek vir jou doen, want die hele stadspoort van my volk weet dat jy 'n deugsame vrou is. [Spreuke van Salomo 31:10]

Rut 3:12 Nou dan, dit is sekerlik waar dat ek die losser is, maar daar is nog 'n losser, nader as ek.

Rut 3:13 Bly vannag oor; en as hy jou môre wil los, goed, hy kan los; maar as hy nie lus het om jou te los nie, dan sal ék jou los, so waar as JaHWeH leef! Bly lê tot môre.

Rut 3:14 En sy het tot die môre aan sy voetenent bly lê. Maar nog voordat een die ander kon herken, het sy opgestaan; want hy het gesê: Dit mag nie bekend word dat die vrou op die vloer gekom het nie.

Rut 3:15 Daarna sê hy: Gee die tjalie wat jy om het, en hou dit oop. En sy het dit oopgehou, en hy het ses [mate] gars afgemeet en dit op haar gesit en die stad ingegaan.

Rut 3:16 Toe sy by haar skoonmoeder kom, het dié gevra: En toe, my dogter? En sy het haar alles vertel wat die man aan haar gedoen het,

Rut 3:17 en gesê: Hierdie ses [mate] gars het hy my gegee, want hy het gesê: Jy moet nie met leë hande by jou skoonmoeder kom nie.

Rut 3:18 En sy antwoord: Sit stil, my dogter, totdat jy weet hoe die saak uitval; want die man sal nie rus tensy hy vandag nog die saak afgehandel het nie.

# Lesing 26 van 08.09.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

Rut 4:1 EN Boas het opgegaan na die poort en daar gaan sit. En toe die losser juis daar verbygaan van wie Boas gespreek het, sê hy: Vriend, kom nader, en sit hier! En hy het nader gekom en gaan sit.

Rut 4:2 Daarop neem hy tien man uit die oudstes van die stad en sê: Sit hier! En hulle het gaan sit.

Rut 4:3 En hy sê vir die losser: Die stuk land van ons broer EliMeleg wil Naómi, wat uit die veld van Moab teruggekom het, verkoop.

Rut 4:4 Nou het ek gedink, ek sal jou dit meedeel en sê: Koop haar voor die wat hier sit, en voor die oudstes van my volk; as jy wil los, los dan; maar as jy nie wil los nie, gee my te kenne, dat ek dit kan weet, want daar is niemand om te los behalwe jy nie, en ek ná jou. En hy antwoord: Ek sal los.

Rut 4:5 Daarop sê Boas: Die dag as jy die land uit die hand van Naómi koop, dan verwerf jy tegelyk Rut, die Moabitiese, die vrou van die dode, om die naam van die dode in stand te hou oor sy erfdeel.

Rut 4:6 En die losser sê: Ek kan haar nie vir my los nie, anders bederf ek my erfdeel; neem jy my lossingsreg oor, want ek kan nie los nie.

Rut 4:7 En dit was vroeër in JisraEl die gebruik by Reg van Lossing en by ruiling om enige saak van krag te maak: die een trek sy skoen uit en gee dit aan die ander; dit was dan die bekragtiging in JisraEl.

Rut 4:8 Daarom het die losser vir Boas gesê: Koop haar vir jou; en hy het sy skoen uitgetrek.

Rut 4:9 Toe sê Boas aan die oudstes en al die mense: Julle is vandag getuies dat ek alles wat aan EliMeleg en alles wat aan Giljon en Maglon behoort het, uit die hand van Naómi koop.

Rut 4:10 En ook Rut, die Moabitiese, die vrou van Maglon, verwerf ek vir my as vrou om die naam van die dode oor sy erfdeel in stand te hou, sodat die naam van die dode onder sy broers en uit die poort van sy woonplek nie uitgeroei word nie. Julle is vandag getuies.

Rut 4:11 Toe sê al die mense wat in die poort was, en die oudstes: Ons is getuies; mag JaHWeH die vrou wat in jou huis inkom, maak soos Ragel en soos Lea wat saam die huis van JisraEl gebou het; en verwerf mag in Éfrata en maak 'n naam in Betlehem!

Rut 4:12 En mag jou huis word soos die huis van Peres wat Tamar vir JeHûWdah gebaar het - uit die nageslag wat JaHWeH jou uit hierdie jong vrou sal gee!

Rut 4:13 So het Boas Rut dan geneem, en sy het sy vrou geword; en hy het by haar ingegaan, en JaHWeH het vir haar swangerskap gegee, en sy het 'n seun gebaar.

Rut 4:14 Toe sê die vroue vir Naómi: Geloofd sy JaHWeH wat aan jou vandag 'n losser nie laat ontbreek het nie! En mag sy naam in JisraEl geroem word!

Rut 4:15 Hy sal vir jou een wees wat jou siel verkwik en jou grysheid versorg; want jou skoondogter wat jou liefhet, het hom gebaar, sy wat vir jou meer werd is as sewe seuns.

Rut 4:16 En Naómi het die kind geneem en op haar skoot gesit, en sy het sy pleegmoeder geword.

Rut 4:17 En die buurvroue het hom 'n naam gegee en gesê: Vir Naómi is 'n seun gebore! En hulle het hom genoem Obed; hy was die vader van Isai, die vader van Dawid.

Rut 4:18 En dit is die genelyn van Peres: Peres was die vader van Hesron,

Rut 4:19 en Hesron die vader van Ram, en Ram van Ammínadab,

Rut 4:20 en Ammínadab van Nagson, en Nagson van Salmon,

Rut 4:21 en Salmon van Boas, en Boas van Obed,

Rut 4:22 en Obed van Isai, en Isai van Dawid.

# Lesing 27 van 09.09.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

1Ki 21:1 EN ná hierdie dinge het dit gebeur: **Nabot, 'n JizreEliet, het in JizreEl 'n Wingerd gehad,** wat langs die paleis van Agab, die koning van Samaría, was.

1Ki 21:2 En Agab het met Nabot gespreek en gesê: Gee my jou Wingerd, dat Sy my groentetuin kan word, want Sy is naby, langsaan my huis; dan sal ek jou in die plek van Haar 'n wingerd gee wat beter is; of as dit goed is in jou oë, sal ek jou die koopprys van Haar in silwer gee.

1Ki 21:3 Maar Nabot het vir Agab gesê: Mag JaHWeH my daarvoor bewaar **dat ek die Erfdeel van my vaders aan u sou gee!**

1Ki 21:4 Toe kom Agab in sy huis, verbitterd en toornig oor die woord wat Nabot, die JizreEliet, met hom gespreek het, naamlik: Ek mag nie die erfdeel van my vaders aan u gee nie. En hy het op sy bed gaan lê en sy gesig omgedraai en geen brood geëet nie.

1Ki 21:5 Daarop **kom sy vrou Isebél by hom** en sê vir hom: Waarom is jou gees dan so verbitterd dat jy geen brood eet nie?

1Ki 21:6 En hy antwoord haar: Omdat ek met Nabot, die JizreEliet, gespreek en aan hom gesê het: Gee my jou Wingerd vir silwer, of as jy wil, sal ek jou 'n wingerd in die plek van Haar gee - maar hy het gesê: Ek mag my Wingerd nie aan jou gee nie.

1Ki 21:7 Toe sê sy vrou Isébel vir hom: **Oefen jy nou die koningskap** oor JisraEl uit? Staan op, eet brood, en laat jou hart vrolik wees: **ek sal jou die Wingerd van Nabot, die JizreEliet, gee.**

1Ki 21:8 Daarop het sy briefrolle in die naam van Agab geskrywe en **met sy seël dit verseël** en die briefrolle gestuur aan die oudstes en die edeles wat in sy stad was, wat by Nabot gewoon het.

1Ki 21:9 En in die briefrolle het sy dit geskrywe: Roep 'n vasdag uit, en sit Nabot vooraan onder die volk;

1Ki 21:10 en sit twee manne, seuns van Belijaal, teenoor hom, wat teen hom getuig en sê: **Jy het Elohim en die koning gevloek!** Lei hom dan uit en **stenig hom, dat hy sterwe**.

1Ki 21:11 Die manne van sy stad, die oudstes en die edeles wat in sy stad gewoon het, maak toe soos Isébel hulle laat weet het, soos geskrywe was in die briefrolle wat sy aan hulle gestuur het.

1Ki 21:12 Hulle het 'n vasdag uitgeroep en Nabot vooraan onder die volk gesit.

1Ki 21:13 Toe kom die twee manne, die seuns van Belijaal, en gaan sit teenoor hom; en die deugniete het teen hom, teen Nabot, voor die volk getuig en gesê: Nabot het Elohim en die koning gevloek. Daarop lei hulle hom buitekant die stad uit en stenig hom, sodat hy gesterf het.

1Ki 21:14 Daarna laat hulle Isébel weet: Nabot is gestenig en is dood.

1Ki 21:15 Net toe Isébel hoor dat Nabot gestenig en dood was, sê Isébel vir Agab: Staan op, neem die Wingerd van Nabot, die JizreEliet, in besit wat hy geweier het om vir silwer aan jou te gee; want Nabot leef nie, maar is dood.

1Ki 21:16 Net toe Agab hoor dat Nabot dood was, het Agab opgestaan om na die Wingerd van Nabot, die JizreEliet, af te gaan om Haar in besit te neem.

1Ki 21:17 Maar die Woord van JaHWeH het tot EliJaHûW, die Tisbiet, gekom en gesê:

1Ki 21:18 Maak jou klaar, gaan af Agab, die koning van JisraEl, wat in Samaría is, tegemoet; kyk, hy is in die Wingerd van Nabot, waarheen hy afgegaan het om Haar in besit te neem.

1Ki 21:19 En jy moet met hom spreek en sê: So sê JaHWeH: **Het jy moord gepleeg en Haar ook in besit geneem?** Verder moet jy met hom spreek en sê: So spreek JaHWeH: **Op die plek waar die honde die bloed van Nabot gelek het, sal die honde ook jou eie bloed lek.**

1Ki 21:20 Daarop sê Agab vir EliJaHûW: Het jy my gekry, my vyand? En hy antwoord: Ek het u gekry, omdat u uself verkoop het om te doen wat besoedel is in die Oë van JaHWeH

1Ki 21:21 Kyk, Ek gaan ellende bring oor jou en jou skoon wegvee; en Ek sal van Agab uitroei al wat urineer teen ‘n muur in JisraEl, sonder uitsondering.

1Ki 21:22 En Ek sal jou huis maak soos die huis van Jeróbeam, die seun van Nebat, en soos die huis van Baésa, die seun van AgiJaH; weens die getart waarmee jy [My] getart het, en dat jy JisraEl laat oortree het.

1Ki 21:23 En ook oor Isébel het JaHWeH gespreek en gesê: **Die honde sal Isébel eet by die voorskans van JizreEl.**

1Ki 21:24 Die een wat van Agab in die stad sterwe, hom sal die honde eet, en wie in die veld sterwe, sal die voëls van die Hemele eet.

1Ki 21:25 **Waarlik, daar was niemand soos Agab wat homself verkoop het om te doen wat besoedel is in die Oë van JaHWeH nie, omdat sy**

# Lesing 28 van 11.09.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

## Die hooglied van Salomo

***[DIE VROU PRAAT:]***

Son 1:2 Laat Hy My kus met kusse van Sy Mond; want U **liefde** is suiwerder as **wyn**.

Son 1:3 Die aroma van U salf is suiwer, **U Naam** is soos salf wat uitgegiet is; daarom het **die maagde** U lief.

Son 1:4 Trek My agter U aan, laat Ons gou maak! Die Koning het My in **Sy binnekamers** gebring. Ons wil juig en Ons in U verheug, Ons wil U liefde prys meer as wyn. **Met Reg het hulle U lief**.

Son 1:5 **Ek is swart, maar lieflik, o Dogters van Jerusalem,** soos die tente van Kedar1, soos die gordyne van Salomo. [Klaagliedere 4:7-8, Klaagliedere 5:2]

Son 1:6 Moenie na My kyk omdat Ek so swart is, omdat die Son My verbrand het nie: **die Seuns van My Moeder was toornig op My; hulle het My aangestel as oppasser van die Wingerde; My eie Wingerd het Ek nie opgepas nie.** [Odes van Salomo 15:6]

Son 1:7 Vertel My tog, **wie My Siel liefhet**, waar laat U wei, waar laat U smiddags die vee lê en rus? Want waarom sou Ek wees soos een wat Haar met 'n sluier toedraai by die kuddes van U metgeselle?

Son 1:8 ***[DIE MAN ANTWOORD:]*** As U dit self nie weet nie, mooiste onder die vroue, **gaan dan uit op die spore van die skape en laat U bokkies wei by die Tabernakels van die herders.**

Son 1:9 Met die **perde voor 'n wa van Farao** vergelyk Ek U, My vriendin!

Son 1:10 Lieflik is U wange tussen die kettinkies, U hals in die snoere.

Son 1:11 Ons sal vir U goue kettinkies maak met silwerknoppe.

Son 1:12 ***[DIE VROU:]*** So lank as die Koning aan Sy tafel was, het My nardus Sy aroma gegee.

Son 1:13 My Beminde is vir My 'n bossie mirre wat tussen My borste rus.

Son 1:14 My Beminde is vir My 'n tros hennablomme in die Wingerde van Éngedi. [JeségiEl 47:10]

Son 1:15 ***[DIE MAN:]*** Hoe mooi is U tog, My vriendin! Hoe mooi is U tog, **U oë is soos duiwe**!

Son 1:16 [DIE VROU:] Hoe mooi is U tog, My Beminde, ja lieflik; ook is Ons bed in die groenigheid.

Son 1:17 Die balke van Ons huise is seders, Ons paneelwerk sipresse.

Son 2:1 ***[DIE MAN:]*** **EK is 'n roos van Saron, 'n lelie van die dale.**

Son 2:2 Soos **'n lelie** tussen die dorings, so is **My vriendin onder die Dogters.** [2 Ezra 5:24; DaniEl 13:2]

Son 2:3 ***[DIE VROU:]*** Soos 'n appelboom onder die bome van die bos, so is **My Beminde onder die Seuns**. Ek het verlang om in Sy skaduwee te sit, en **Sy vrugte** is soet vir My verhemelte.

Son 2:4 Hy het My in die **wyn**huis ingebring, en Sy **vaandel oor My was die liefde**.

Son 2:5 Versterk My met rosynekoeke, verkwik My met appels, want **Ek is krank van liefde**.

Son 2:6 Laat Sy linkerarm onder My hoof wees en Sy regterarm My omhels.

Son 2:7 Ek besweer julle, **Dogters van Jerusalem**, by die gemsbokke of by die takbokke van die veld, **om nie die liefde wakker te maak of op te wek voordat dit die [liefde] behaag nie.**

Son 2:8 Hoor, My Beminde, **kyk, daar kom Hy**! Hy spring oor die berge, Hy huppel oor die heuwels.

Son 2:9 My Beminde lyk soos 'n gemsbok of soos 'n jong takbok. Daar staan Hy **agter Ons muur**! **Hy kyk deur die vensters in, Hy speur deur die tralies heen**. [Psalm 78:61; 88:11; 142:7; Odes van Salomo 21:2]

Son 2:10 ***[DIE VROU KWOTEER DIE MAN:]*** My Beminde begin toe en sê vir My: **Staan op, My vriendin**, My skone, kom dan tog!

Son 2:11 Want kyk, **die winter is verby**, die reëntyd is oor, dit het verbygegaan.

Son 2:12 Die **bloeisels** word gesien in die Aarde, die **sangtyd** het aangebreek, en **die Tortelduif laat Haar Stem hoor in Ons Aarde.**

Son 2:13 Die **Vyeboom** laat Haar voorvye uitswel, en die **Wingerdstokke** wat bot, versprei aroma. Staan op, My vriendin, My skone, kom dan tog! [MattithJaHûW 24:32]

Son 2:14 **My Duif in die rotsklowe**, **in die skuilplek by die krans**, laat My U gedaante sien, laat My U Stem hoor; want **U Stem is soet, en U gedaante is lieflik**.

Son 2:15 **Vang julle vir Ons die jakkalse, die klein jakkalse wat die Wingerde verniel**, want Ons Wingerde staan in die bot.

Son 2:16 ***[DIE VROU:]*** **My Beminde is Myne, en Ek is Syne wat Herder is onder die lelies**.

Son 2:17 Totdat die aandwind waai en die skaduwees vlug, kom aan, My Beminde, maak soos die gemsbok of soos die jong takbok op die **berge van skeiding**.

# Lesing 29 van 12.09.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

## Die hooglied van Salomo

***[DIE VROU:]*** Son 3:1 OP My bed snags het Ek na haar [Sy siel] gesoek, wie My Siel liefhet, Ek het na Hom gesoek, maar Hom nie gevind nie.

Son 3:2 Ek wil dan opstaan en in die Stad rondgaan, in die strate en op die pleine wil Ek na haar soek[Sy siel], My Siel het haar[Sy siel] lief; Ek het na Hom gesoek, maar Hom nie gevind nie.

Son 3:3 Die wagte wat in die Stad rondgaan, het My aangetref. Het julle haar[Sy siel] nie gesien wie My Siel liefhet nie?

Son 3:4 Skaars het Ek van hulle af verder gegaan, of het Ek haar gevind[Sy siel] wie My Siel liefhet; Ek het Hom vasgehou en Hom nie gelos voordat Ek Hom gebring het in die Huis van My Moeder en in die binnekamer van Haar wat My gebaar het nie. [Profesie van Barug 4:21]

Son 3:5 Ek besweer julle, Dogters van Jerusalem, by die gemsbokke of by die takbokke van die veld om nie die liefde wakker te maak, of op te wek voordat dit die liefde behaag nie.

Son 3:6 Wie is daar wat daar opkom uit die wildernis soos rookpilare, gegeur met mirre en wierook, met allerhande speserye van die koopman?

Son 3:7 Kyk, dit is die draagstoel van Salomo, sestig dapperes daarom vir Haar, van die dapperes van JisraEl,

Son 3:8 hulle almal met 'n swaard gewapend, geoefend vir oorlog, elkeen met Sy swaard aan Sy heup vanweë die nagtelike verskrikking.

Son 3:9 Koning Salomo het vir Hom 'n draagstoel gemaak van die hout van die Líbanon;

Son 3:10 die steile daarvan het Hy gemaak van silwer, die leuning van goud, die sitplek van purper, die binnekant mooi opgemaak - 'n liefde [gawe] van die Dogters van Jerusalem.

Son 3:11 Kom uit, Dogters van Sion, en aanskou met Vreugde die Koning Salomo, die Kroon waarmee Sy Moeder Hom bekroon het op Sy troudag en op die dag dat Sy hart vrolik is. [Boekrol van Henog 48:1; 2 Ezra 7:26; Spreuke 12:4]

Son 4:1 ***[DIE MAN:]*** HOE mooi is U tog, My vriendin, hoe mooi is U tog, U oë is soos duiwe deur U sluier heen; U hare is soos 'n kudde bokke wat van die gebergte van Gílead afgolf.

Son 4:2 U tande is soos 'n kudde pas geskeerde [skape] wat van die drinkplek opkom, wat almal tweelinge het, en geeneen onder hulle is sonder lam nie.

Son 4:3 U lippe is soos 'n skarlaken band, en U mond is lieflik. U slape is soos 'n granaatskyf deur U sluier heen.

Son 4:4 U hals is soos die Dawidstoring, gebou met muurkranse waar die duisend skilde in hang, almal skilde van dapperes. [Die Profeet Miga 4:8; Spreuke van Salomo 18:10]

Son 4:5 U twee borste is soos twee lammers, tweelinge van 'n gemsbok, wat onder die lelies wei.

Son 4:6 Totdat die aandwind waai en die skaduwees vlug, sal Ek gaan na die mirreberg en na die wierookheuwel. [Wysheid van Sirah 24:15]

Son 4:7 Alles is mooi aan U, My vriendin, en U is nie gekleurd nie.

Son 4:8 Saam met My van die Líbanon af, Bruid, saam met My van die Líbanon af, o kom! Trek af van die top van Amána, van die top van Senir en van Hermon, van die lêplekke van die leeus, van die berge van die luiperds. [Deuteronómium 3:9]

Son 4:9 U het My Hart gesteel, My Susterbruid, U het My Hart gesteel met een [straal] van U oë, met een kettinkie van U halssieraad.

Son 4:10 Hoe skoon is U liefde, My Susterbruid, hoeveel beter is U liefde as wyn en die aroma van U salf as al die speserye!

Son 4:11 Heuningstroop drup van U lippe af, Bruid, heuning en melk is onder U tong, en die aroma van U klere is soos die aroma van die Líbanon. [Odes van Salomo 30:4; JeshaJaH 51:3]

Son 4:12 My susterbruid is 'n geslote Tuin, 'n geslote Bron, 'n verseëlde Fontein. [JeshaJaH 51:3]

Son 4:13 U spruite is 'n park van granate met kostelike vrugte, hennablomme met nardus,

Son 4:14 nardus en saffraan, kalmoes en kaneel, met allerhande wierookstruike, mirre en alewee, met allerhande kostelike speserye.

Son 4:15 U is 'n Fontein van die tuine, 'n put met lewende water wat van die Líbanon afvloei. [JeHôWshua 4:7]

Son 4:16 ***[DIE VROU:]*** Word wakker, noordewind, en kom, suidewind, deurwaai My Tuin, laat Sy balsemgeure uitvloei! Laat My Beminde in Sy Tuin kom en van Sy kostelike vrugte eet.

# Lesing 30 van 13.09.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

**Die hooglied van Salomo**

Son 5:1 ***[DIE MAN:]*** EK het in My Tuin gekom, My susterbruid, Ek het My mirre met My balsem gepluk, Ek het geëet van My heuningkoek met My **heuning**, Ek het gedrink My **wyn** met My **melk**; eet, vriende, drink en word vrolik, bemindes. [2 Nikodémus 5:1]
Son 5:2 Ek het geslaap, maar My Hart het gewaak. Hoor, My Beminde klop: **Maak vir My oop, My suster, My vriendin, My Duif, My rasegte! Want My hoof is vol Dou,** My haarlokke vol nagdruppels. [Psalm 74:18; 2 Ezra 2:15]
Son 5:3 Ek het My kleed uitgetrek, hoe kan Ek hom weer aantrek? Ek het My voete gewas, hoe kan Ek hulle weer vuil maak? [JeHôWganan 13:8]

Son 5:4 ***[DIE VROU:]***My Beminde het Sy hand deur die deuropening gesteek; toe het My binneste oor Hom in beroering gekom; [2 Nikodémus 5:1]
Son 5:5 Ek het opgestaan om vir My Beminde oop te maak, terwyl My hande drup van mirre en My vingers van vloeiende mirre op die handpalms van die grendel. [Wysheid van Sirah 24:15]
Son 5:6 Ek het vir My Beminde oopgemaak, maar My Beminde het weggedraai, verbygegaan; My Siel het uitgegaan toe Hy gespreek het; Ek het na Hom gesoek, maar Hom nie gevind nie; Ek het na Hom geroep, maar Hy het My nie geantwoord nie. [2 Ezra 10:1, 48; Odes van Salomo 21:6]
Son 5:7 Die wagte wat in die Stad rondgaan, het My aangetref; hulle het My geslaan, My gewond; die wagte by die mure het My mantel van My afgeneem.
Son 5:8 Ek besweer julle, Dogters van Jerusalem, as julle My Beminde vind, wat sal julle Hom vertel? Dat Ek krank is van liefde.

Son 5:9 ***[DIE DOGTERS:]*** Wat is U Beminde meer as 'n ander beminde, o skoonste onder die vroue - wat is U Beminde meer as 'n ander beminde, dat U Ons so besweer het?

Son 5:10 ***[DIE VROU:]*** My Beminde is skitterend wit en rooi, uitnemender as tienduisend.
Son 5:11 Sy hoof is soos erts van suiwer goud; Sy haarlokke is golwend, swart soos 'n raaf,
Son 5:12 Sy oë soos duiwe by waterstrome, in melk gewas, sittend by 'n volle [bron].
Son 5:13 Sy wange is soos balsembeddings, terrasbeddings van geurige plante; Sy lippe is lelies wat van vloeiende mirre drup.
Son 5:14 Sy hande is ronde stawe van goud, ingevul met chrisoliet, Sy liggaam 'n kunswerk van ivoor, bedek met saffierstene.
Son 5:15 Sy bene is marmerpilare wat rus op voetstukke van fyn goud; Sy gestalte is soos die Líbanon, uitgesoek soos die seders.
Son 5:16 Sy verhemelte is pure soetigheid, ja, Hy is geheel en al die lieflikheid self. Hy is My Beminde en Hy is My vriend, Dogters van Jerusalem.

# Lesing 31 van 14.09.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

## Die hooglied van Salomo

Son 6:1 **[DIE DOGTERS:]** WAAR het U Beminde heengegaan, o skoonste onder die vroue? Waarheen het U Beminde Hom gewend, dat Ons Hom saam met U kan soek?
Son 6:2 **[DIE VROU:]** My Beminde het afgeloop na Sy Tuin, na die balsembeddings om Hom te vermaak in die tuine en om lelies te versamel.
Son 6:3 Ek is My Beminde s'n, en My Beminde is Myne - Hy wat Herder is onder die lelies.
Son 6:4 **[DIE MAN:]** Mooi is U, My vriendin, soos Tirsa, lieflik soos Jerusalem, verskriklik soos slagordes met vaandels. [Númeri 27:1]
Son 6:5 Draai U oë van My af weg, want hulle verskrik My; U hare is soos 'n kudde bokke wat van Gílead afgolf.
Son 6:6 U tande is soos 'n kudde skaapooie wat van die drinkplek af opkom, wat almal tweelinge het, en geeneen onder hulle is sonder lam nie.
Son 6:7 U slape is soos 'n granaatskyf deur U sluier heen.
Son 6:8 Daar is sestig koninginne en tagtig byvroue en maagde sonder getal. [Spreuke van Salomo 9:3]
Son 6:9 Een, dié is My Duif, My rasegte, die enigste vir Haar Moeder; Sy is die Uitverkorene vir die Een wat Haar gebaar het. [Psalm 45:14; Profesie van Barug 4] [OOR HAAR BEWONDERAARS:] Die Dogters het Haar gesien en Haar geseënd geprys, die koninginne en die byvroue, en Haar geroem:
Son 6:10 Wie is dit wat daar opkom soos die dagbreek, mooi soos die maan, helder soos die son, verskriklik soos slagordes met vaandels?
Son 6:11 [DIE MAN:] Ek het afgeloop na die neutetuin om te kyk na die uitspruitsels in die dal, om te kyk of die Wingerdstok uitloop, die granate blom.
Son 6:12 Voordat Ek dit geweet het, het My Siel My verplaas op die waens van My edele volk.
Son 6:13 Kom terug, kom terug; Sulammitiese, kom terug, kom terug, dat Ons U kan aansien. Wat sien julle aan die Sulammitiese? Iets soos die koordans in die soldatekamp.

Son 7:1 [DIE MAN:] HOE mooi is U skrede in die skoene, o edele Dogter! Die golwende lyne van U heupe is soos halssierade, 'n werk van kunstenaarshande.
Son 7:2 U nawel is 'n ronde kom - laat die gemengde wyn nie ontbreek nie. U liggaam is 'n hoop koring, omring deur lelies.
Son 7:3 U twee borste is soos twee lammers, tweelinge van 'n gemsbok. [Hoséa 2:2]
Son 7:4 U hals is soos 'n ivoortoring, U oë vywers in Hesbon by die Poort Bat-Rabbim; U neus soos die Toring van die Líbanon wat na Damaskus toe uitkyk.
Son 7:5 [DIE VROU:] U hoof op U is soos die Karmel, en die golwende hare van U hoof soos purper - 'n Koning gevang in haarlokke!
Son 7:6 Hoe mooi en hoe lieflik is U, o liefde, onder al die genietinge!
Son 7:7 [DIE MAN:] U hoë gestalte daar lyk soos 'n dadelpalm, en U borste soos vrugtetrosse.
Son 7:8 Ek het gedink: Laat Ek op die dadelpalm klim, laat Ek Haar trosse gryp; en laat U borste tog wees soos trosse van die Wingerdstok, en die aroma van U asem soos dié van appels, [Hoséa 2:2]
Son 7:9 en U verhemelte soos die suiwerste wyn wat vir My Beminde saggies na binne gly, en oor die lippe vloei en laat die wat slaap, praat.
Son 7:10 [DIE VROU:] Ek is My Beminde s'n, en Sy begeerte is na My.
Son 7:11 Kom, My Beminde, laat Ons uitgaan in die veld, laat Ons in die dorpe vernag.
Son 7:12 Laat Ons vroeg na die Wingerde gaan, laat Ons sien of die Wingerdstok uitloop, die druiwebloeisel oopgaan, die granate blom. Daar sal Ek U My liefde gee. [JeshaJaH 18:5]
Son 7:13 Die liefdesappels gee aroma, en by Ons deure is allerhande kostelike vrugte, vars en oud; o My Beminde, dit het Ek vir U weggebêre. [Odes van Salomo 28:2]

## Lesing 32 van 15.09.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

**Die hooglied van Salomo**

Son 8:1 [**Die VROU**] AG, was U maar vir My soos 'n broer wat aan die borste van My Moeder drink! As Ek U daar buite vind, Ek sou U kus; en tog sou hulle My nie verag nie.

Son 8:2 Ek sou U lei, Ek sou U bring in die Huis van My Moeder; Sy sou My leer; Ek sou U laat drink van die gekruide wyn, en van My soet wyn van granaat.

Son 8:3 Laat Sy linkerarm onder My hoof wees en Sy regterarm My omhels.

Son 8:4 Ek besweer julle, Dogters van Jerusalem: Waarom wil julle wakker maak en waarom wil julle opwek die liefde voordat dit die [liefde] behaag?

Son 8:5 [**DIE DOGTERS**:] Wie is dit wat daar opkom uit die wildernis, wat leun op Haar Beminde? [Openbaring 12:1]

[**DIE VROU**:] Onder die appelboom het Ek U opgerig. Daar was U Moeder in barensweë oor U, daar was Sy in barensweë wat U voortgebring het.

Son 8:6 Dra My soos 'n Seëlring op U hart, soos 'n Seëlring op U arm; want die liefde is kragtig soos die Dood, die liefdes-ywer is wreed soos die Doderyk/Sheol, haar gloed is 'n gloed van vuur, 'n vlam. [Wysheid van Sirah 17:22; Haggai 2:23]

Son 8:7 Groot waters kan die liefde nie uitblus en riviere haar nie oorstroom nie; al gee 'n man ook al die goed van Sy huis vir die liefde, hulle sou Hom diep verag.

Son 8:8 [**DIE DOGTERS**:] Ons het 'n klein sustertjie wat nog nie borste het nie; wat moet Ons met Ons suster maak dié dag as Sy gevra word?

Son 8:9 As Sy 'n muur is, sal Ons 'n silwerrand op Haar bou, en as Sy 'n deur is, sal Ons Haar met 'n sederplank toeslaan.

Son 8:10 [**SUSTERTJIE**:] Ek is 'n muur, en My borste soos torings: toe het Ek in Sy oë geword soos een wat Vrede vind.

Son 8:11 Salomo het 'n Wingerd in Baäl-Hamon gehad; Hy het die Wingerd aan die oppassers oorgegee; elkeen moes vir Sy vrugte duisend [sikkels] silwer inbring.

Son 8:12 My Wingerd, Myne, is hier voor My, die duisend [sikkels] is vir U, Salomo, en tweehonderd vir die wat Sy vrugte bewaak.

Son 8:13 [**DIE MAN**:] U wat in die tuine woon - vriende luister na U stem; laat My dit hoor.

Son 8:14 [**DIE VROU**:] Vlug, My Beminde, en maak soos die gemsbok of die jong takbok op die balsemberge.

# Lesing 33 van 17.09.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

## Die feestye van JaHWeH

Lev 23:1 VERDER het JaHWeH tot Moshè gespreek en gesê:

Lev 23:2 Spreek met die kinders van JisraEl en sê vir hulle: Die Feestye van JaHWeH wat julle moet uitroep as samekomste in Apartheid - dit is My Feestye.

Lev 23:3 Ses dae lank kan werk gedoen word, maar op die sewende dag is dit 'n Sabbat van Sabbatsonderhouding, 'n samekoms van Apartheid; géén werk mag julle doen nie - dit is 'n Sabbat van JaHWeH in al julle woonplekke.

Lev 23:4 Dit is die Feestye van JaHWeH, samekomste van Apartheid wat julle moet uitroep op hulle bepaalde tyd.

Lev 23:5 In die eerste maand, op die veertiende van die maand, teen die aand, is die Pasga van JaHWeH;

Lev 23:6 en op die vyftiende dag van hierdie maand is die Fees van die Ongesuurde Brode van JaHWeH; sewe dae lank moet julle ongesuurde brode eet.

Lev 23:7 Op die eerste dag moet daar vir julle 'n samekoms van Apartheid wees; géén beroepswerk mag julle doen nie.

Lev 23:8 Maar julle moet nader kom om sewe dae lank aan JaHWeH 'n bereiding deur vuur te bring. Op die sewende dag moet daar 'n samekoms van Apartheid wees; géén beroepswerk mag julle doen nie.

Lev 23:9 En JaHWeH het met Moshè gespreek en gesê:

Lev 23:10 Spreek met die kinders van JisraEl en sê aan hulle: As julle in die Aarde kom wat Ek julle gee en haar oes afoes, moet julle die Eerstelingsgerf van julle oes na die priester bring.

Lev 23:11 En hy moet die Gerf voor die Aangesig van JaHWeH wuif, sodat Hy vir julle 'n Vreugde kan wees; die dag ná die Sabbat moet die priester Hom wuif.

Lev 23:12 Julle moet ook op die dag as julle die Gerf wuif, 'n jaaroud-lam wat raseg is as brandoffer aan JaHWeH berei,

Lev 23:13 en die spysbydrae wat by hom behoort, twee-tiendes [van 'n efa] fynmeel met olie gemeng deur vuur berei aan JaHWeH, 'n aangename geur, en by hom die drank van wyn, 'n kwart-hin.

Lev 23:14 En julle mag geen brood of gebraaide koring van vars graan eet tot daardie selfde dag toe nie, totdat julle die bydrae van julle Elohey bring. Dit is 'n ewige Insetting vir julle geslagte in al julle woonplekke.

Lev 23:15 Dan moet julle tel van die dag ná die Sabbat, van die dag af dat julle die gerf geswaai het - sewe volle weke moet dit wees;

Lev 23:16 tot die dag ná die sewende Sabbat moet julle vyftig dae tel; dan moet julle 'n nuwe spysbydrae aan JaHWeH naderbring. [Deuteronómium 26]

Lev 23:17 Julle moet uit jul woonplekke twee geswaaide brode bring; sy moet van twee-tiendes [van 'n efa] fynmeel wees; gesuurd moet sy gebak word as eerstelinge aan JaHWeH.

Lev 23:18 Julle moet naderbring by die brood sewe jaaroud-lammers wat raseg is, een jong bul en twee ramme. Sy moet 'n brandoffer aan JaHWeH wees saam met hulle spysbydrae en hulle drank wat daarby behoort as vuur van aangename geur aan JaHWeH.

Lev 23:19 En julle moet een bokram vir die oortreding berei. Ook twee jaaroud-lammers as slagdiere van vergoedinge

Lev 23:20 en die priester moet hulle saam met die brood van eerstelinge swaaiende voor die Aangesig van JaHWeH wuif saam met die twee lammers; Apartheid is hulle aan JaHWeH vir die priester.

Lev 23:21 En julle moet op daardie selfde dag uitroep: 'n Samekoms van Apartheid moet dit vir julle wees; géén beroepswerk mag julle doen nie. Dit is 'n ewige Insetting in al julle woonplekke vir julle geslagte.

Lev 23:24 Spreek met die kinders van JisraEl en sê: In die sewende maand, op die eerste van die maand, moet dit vir julle 'n dag van Sabbatsonderhouding wees, 'n herinnering deur [basuin]geklank, 'n Samekoms van Apartheid.

Lev 23:25 Géén beroepswerk mag julle doen nie; maar julle moet aan JaHWeH 'n bereiding deur vuur naderbring.

Neh 8:1 EN toe die **sewende maand aankom**, terwyl die kinders van JissraEl in hulle stede was,

Neh 8:2 het die hele volk soos een man op die plein voor die Waterpoort bymekaargekom en aan Ezra, die skrifgeleerde, gesê om die **Boekrol van die Wet** van Moshè, wat JaHWeH JisraEl beveel het, te bring.

Neh 8:10 Daarop het NegemJaH ... gesê: Die dag - apart gestel is sy aan JaHWeH julle Elohey; treur nie en ween nie! Want die hele volk het geween toe hulle die Woorde van die Wet hoor.

Neh 8:11 Verder het hy vir hulle gesê: **Gaan, eet lekker spys en drink soet dranke en stuur porsies aan hulle vir wie niks berei is nie; want hierdie dag is apart gestel aan onse Meester. Wees dan nie bedroef nie, want die Blydskap in JaHWeH - sy is julle beskutting.**

Neh 8:12 En die Leviete het die hele volk tot bedaring gebring en gesê: Wees stil! want hierdie dag is apart gestel; wees dus nie bedroef nie.

**Neh 8:13 Toe het die hele volk weggegaan om te eet en te drink en porsies te stuur en groot vreugde te bedrywe; want hulle het ag gegee op die Woorde wat aan hulle bekend gemaak is.**

# Lesing 33 van 17.09.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

Lev 23:26 Verder het JaHWeH met Moshè gespreek en gesê:

Lev 23:27 Maar op die tiende van hierdie sewende maand is dit die dag van Versoening. 'n Samekoms van Apartheid moet dit vir julle wees; dan moet julle jul siel verootmoedig en aan JaHWeH 'n bereiding deur vuur naderbring.

Lev 23:28 En op daardie selfde dag mag julle géén werk doen nie, want dit is 'n dag van Versoening om vir julle versoening te doen voor die Aangesig van JaHWeH julle Elohey.

Lev 23:29 Want elke siel wat haar nie verootmoedig in liggaam [op] die dag nie, dié siel sal haar afsny uit haar volksgenote.

Lev 23:30 En elke siel wat in liggaam enige werk doen [op] hierdie dag, Ek sal dié siel vernietig vanuit haar volk uit.

Lev 23:31 Julle mag géén werk doen nie; dit is 'n ewige Insetting vir julle geslagte in al julle woonplekke.

Lev 23:32 'n Sabbat van Sabbatsonderhouding moet dit vir julle wees, en julle moet jul siel verootmoedig. Op die negende van die maand na sononder, van sononder tot sononder, moet julle op jul Sabbat sabbatteer.

Lev 23:33 En JaHWeH het met Moshè gespreek en gesê:

Lev 23:34 Spreek met die kinders van JisraEl en sê: Op die vyftiende dag van hierdie sewende maand is dit sewe dae lank die Fees van die Takskuilings aan JaHWeH.

Lev 23:35 Op die eerste dag moet daar 'n samekoms van Apartheid wees; géén beroepswerk mag julle doen nie.

Lev 23:36 Sewe dae lank moet julle aan JaHWeH 'n bereiding deur vuur naderbring. Op die agtste dag moet daar vir julle 'n samekoms van Apartheid wees, en julle moet aan JaHWeH 'n bereiding deur vuur naderbring. Dit is 'n Feestyd; julle mag geen beroepswerk doen nie.

Lev 23:37 Dit is die Feestye van JaHWeH wat julle moet uitroep as samekomste van Apartheid om aan JaHWeH 'n bereiding deur vuur nader te bring: 'n brandoffer en spysbydrae, 'n slagdier en die dranke soos vir die dag tot dag woorde aan julle; [1 Ezra 5:52]

Lev 23:38 behalwe die Sabbatte van JaHWeH en behalwe julle gawes en behalwe al julle Geloftes en behalwe al julle vrywillige bydraes wat julle aan JaHWeH gee.

Lev 23:39 Maar op die vyftiende dag van die sewende maand, wanneer julle die produkte van die Aarde insamel, moet julle die Fees van JaHWeH sewe dae lank vier; op die eerste dag is dit ‘n Sabbatsonderhouding, en op die agtste dag is dit Sabbatsonderhouding.

Lev 23:40 En op die eerste dag moet julle vir julle neem die opbrengs van pragtige bome, met palms van palmtakke en takke van digte bome en wilgers van die vlei, en sewe dae lank voor die Aangesig van JaHWeH julle Elohey vrolik wees.

Lev 23:41 En julle moet dit as Fees van JaHWeH sewe dae in die jaar vier. Dit is 'n ewige Insetting vir julle geslagte. In die sewende maand moet julle dit vier.

Lev 23:42 Sewe dae lank moet julle in ‘n takskuiling woon; almal wat in JisraEl gebore is, moet in ‘n takskuiling woon,

Lev 23:43 sodat julle geslagte kan weet dat Ek die kinders van JisraEl in takskuilings laat woon het toe Ek hulle uit die Aarde van Egipte uitgelei het. Ek - JaHWeH julle Elohey.

Lev 23:44 So het Moshè dan die Feestye van JaHWeH aan die kinders van JisraEl bekend gemaak.

# Lesing 34 van 18.09.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

**Die verhaal van Susanna**

Hierdie verhaal vind u in die 13de hoofstuk van die boek **Daniël**. Ja, maar u sê, Daniël in u Bybel het slegs 12 hoofstukke. Ja dit is so, maar hierdie hoofstuk 13, (en daar is nog `n hoofstuk 14 ook) is ook as Deutero-kanoniek verklaar, deur, raai wie? Dieselfde manlike priesterorde wat al die ander boeke uit u Bybels gehaal het wat enige verwysing na kragtige werke of getuienisse van vrouens bevat.

`n Ruk gelede het ek die DVD`s van Eben Swart gekyk oor die geheimenisse waarmee hierdie priesterorde al vir duisende jare mee besig is. Hy praat van die kokosneut beginsel wat in kort behels dat wanneer jy in `n woud stap en `n kokosneut val uit `n palmboom op jou kop, dan kan dit toevallig wees. Maar as jy vir twee of drie of vier agtereenvolgende dae daar deurstap en `n kokosneut val elke keer op jou kop, moet jy kyk of daar nie `n aap in die boom is wat `n kokosneut elke keer op jou kop afgooi nie. Mevrou, ek dink dat u teen hierdie tyd redelik sat gegooi is met kokosneute en is dit oorduidelik dat die priesterorde vir baie eeue met doelbewuste verdoeseling en op die minste met misleiding besig was. Helaas staan dit in die boek van **Daniël in hoofstuk 12** dat die geheimenisse aan die einde van die tyd geopenbaar sal word.

> ***Dan 12:9*** *En Hy het gesê: Gaan heen, DaniEl, want* ***die woorde bly verborge en verseël tot die tyd van die einde toe****.*
>
> *10 Baie sal hulself veredel, hulself verblank en hulself uitsuiwer, maar die besoedelde sal meer besoedel word; en geeneen van die besoedeldes sal verstaan nie,* ***maar die verstandiges sal verstaan****. ] Boekrol van Henog 38:4; Openbaring 22:11]*

Kom ons kyk of u al verstandig geword het en lees asseblief hierdie hoofstuk eers in u Boek van Herinnering.

***Die verhaal van Susanna.***

> ***Daniël 13:1*** *DAAR het eenmaal in Babel 'n man met die naam JeHôWjakim (***beteken JaHWeH sal bevestig***) gewoon.*
>
> *2 Hy het in die huwelik getree met 'n vrou wie se naam Susanna (****beteken lelie****) was, die dogter van HilkiJaH (***beteken JaHWeH is my deel***)' ,n besonder mooi vrou wat JaHWeH gevrees het. [Hooglied 2:2; 2 Ezra 5:24]*
>
> *3 Haar ouers was vroom mense en het hulle dogter in die Wet van Moshè onderrig.*
>
> *4 JeHôWjakim was baie ryk en het 'n pragtige tuin naas sy huis gehad; en die Hebreërs was gewoond om hom te besoek omdat hy die aansienlikste van hulle almal was.*

U kan sekerlik noual die sinnebeeld raaksien, naamlik dat hierdie Susanna, (die lelie van die velde), weereens ons verborge vrou, die Gees van Waarheid, die Trooster voorstel, getroud oftewel bevestig in JaHWeH, dogtergees wat deel is van JaHWeH, beeldskoon vanweë haar innerlike eienskap van Waarheid en onderrig in die hemelse wet van liefde. JaHshua, versinnebeeld deur JeHôWjakim se tuin is die werksplek van die Gees, naamlik in jou en my innerlike, in ons siele. Ons is Sy tuin.

> *5 In daardie jaar is twee van die oudstes van die volk tot regters aangestel, mense van die soort van wie JaHWeH gesê het:* ***Ongeregtigheid het uit Babel voortgekom****, van oudstes wat regters was, wat veronderstel was om die volk te regeer.*
>
> *6 Hierdie manne het gereeld in die huis van JeHôWjakim verkeer, en almal wat 'n regsaak gehad het, het hulle daar besoek.*

Sien u hierdie bose oudstes, sien u die priesterorde, sien u die twee?! Hierdie twee stel niemand anders voor as die priesterorde van die Rooms-Katolieke en die priesterorde van die Protestante nie! Hulle hou hulle hoofsaaklik besig met regsake en nie met die verbreiding van die liefdesleer van JaHshua nie. Nee, hulle is God se gesag op die aarde, hulle sê dit self. Die Katolieke priesterorde is net meer blatant, want die pous dra `n hoofdeksel met die woorde "Potius Vicarius Filli Dey" wat beteken "die pous is in die plek van God op aarde".

Ons ander priesterorde is net so ongenaakbaar en verdoem elke kerk wat nie deel in hul Protestantse dogma nie, soos hulle Nederlandse Geloofsbelydenis, hulle Heidelbergse kategismus (eerder Huigelbergse Kataklismes), hulle Dortse leerreëls en nou hulle Belhar belydenis. Waag jy dit net om hulle teë te gaan in `n kerk, en jy word gedaag voor die kerkraad en uitgesmyt as ketter teen die kerk, en dan sluit hulle nog die poorte van die hemel vir jou toe, bid jou aan. Daarmee ken hulle vir hulself ook goddelike gesag op die aarde toe, want sover ek weet, is dit net Jahshua Self wat daardie poorte beheer en het Hy daardie gesag nooit gedelegeer nie. Die beginsel van oordeel moet tog in die liefde verstaan word. Elohim is nie Farao wat op `n troon sit en ons elke dag oordeel nie. Elohim het `n orde en dit is redelik duidelik in die Skrifte uiteengesit. As u of ek teen daardie orde oortree en ons kry pak slae, wie het ons nou geoordeel buiten onsself! As jy onrein voedsel eet en jy kry `n dodelike siekte, is dit Elohim wat jou oordeel, of as jy by `n ander man se vrou slaap en hy slaan jou byna dood, is dit Elohim? Nee, dis altyd onsself wat ons eie regter is.

# Lesing 35 van 19.09.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

**Die verhaal van Susanna (vervolg 2)**

Kyk wat sê JaHshua oor oordeel in **Johannes 12:47-48**:

*47 En as iemand na My Woorde luister en nie glo nie, Ek oordeel hom nie; want **Ek het nie gekom om die wêreld te oordeel nie**, maar om die wêreld te red.*

*48 Wie My verwerp en My Woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: **die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag.***

Kom ons gaan verder met ons sinnebeeld.

*7 Wanneer die mense dan in die namiddag vertrek het, het Susanna gewoonlik **in die tuin van haar man gaan wandel**.*

*8 En die twee oudstes wat haar daagliks sien ingaan en rondwandel het, is deur 'n hartstogtelike begeerte na haar oorweldig.*

*9 So het hulle hul gedagtes besoedel en hulle oë afgewend om nie na die Hemele op te kyk en aan regverdige regsbeslissinge te dink nie.*

*10 En alhoewel albei smoorverlief op haar was, het hulle nie hul smart aan mekaar durf openbaar nie,*

*11 want hulle was skaam om hulle hartstog bekend te maak, want **hulle het begeer om met haar gemeenskap te hê**.*

*12 En daagliks het hulle met ywer elke geleentheid waargeneem om haar te sien.*

Hierdie twee bronstige priesters, u weet nou wie hulle voorstel, is in die tuin van Jahshua, in ons siele slegs met een doel voor oë, en dit is om ons geestelike Moeder, die Gees van Waarheid, te verkrag. Ja, mevrou dis wat hulle in u en my tuin wil kom doen, hulle wil die Waarheid verkrag, soos wat hulle nog tot vandag toe mee besig was in hul kweekskole en met hulle gedurige Nuwe Vertalings. Kom ons lees verder.

*13 En die een het vir die ander gesê: Laat ons huis toe gaan, want dit is tyd vir die middagete.*

*14 En toe hulle uitgaan, **het hulle van mekaar geskei**, maar in die stilligheid het hulle **weer teruggekeer en by mekaar uitgekom**. En toe hulle mekaar na 'n verklaring uitvra, het hulle hul hartstog erken. Toe het hulle ooreengekom op 'n tyd wanneer hulle haar alleen sou kon aantref.*

Hier is `n baie, baie diep verborgenheid en as mens oplettend is, kan mens dit optel. Die Protestante skei vir `n ruk van die Katoliek, die sogenaamde Hervorming eeue gelede, eers deur Luther en andere, toe deur `n Jood, genaamd Calvyn, of liewer Cohen, en hulle raak net ontslae van sekere lastige Roomse beginsels, maar die Sonaanbidding bly, die vals Name bly, die vals Drie-enigheid bly, ens, ens. Hulle het toe in hierdie eeu weer bymekaargekom in hul oorkoepelende organisasie, die Wêreldraad van Kerke, beheer en bestuur deur die Roomse Jesuïete orde en nog steeds jag hulle diegene wat in die Waarheid wil bly, steeds hardloop hulle rond soos bronstige varkbere, op soek na Haar, die rein, fyne Moedergees om haar geestelik te verkrag deur hul boeke, hul prediking en hul media.

*15 Nou het dit gebeur dat terwyl hulle na 'n geskikte geleentheid uitgesien het, sy volgens haar daaglikse gebruik met slegs twee diensmeisies in die tuin gegaan het **met die bedoeling om haar te bad** omdat dit so warm was. [Spreuke 9:3]*

Deur te bad, is Sy besig met u en my reiniging in elkeen se tuin, in elkeen se siel.

*16 En daar was niemand nie, behalwe die twee oudstes wat hulleself verskuil het en **besig was om haar te bespied**.*

*17 En sy het vir haar diensmeisies gesê: Bring vir my Olyfolie en seep en maak die hekke van die tuin toe sodat ek kan bad.*

*18 En hulle het gedoen soos sy gesê het en die hekke van die tuin gesluit, en by die sydeure uitgegaan om die gevraagde goed te gaan haal; en hulle het die oudstes nie gesien nie, want **hulle het hul skuilgehou.***

*19 En toe die diensmeisies uit is; het die twee oudstes opgespring en na [Susanna] toe gehardloop en gesê:*

*20 Kyk, die hekke van die tuin is gesluit, en niemand kan ons sien nie; **ons begeer jou**, daarom willig in en voldoen aan ons begeerte.*

Hierdie begeerte van hierdie twee ou slange was nie vir die waarheid nie, nee, hulle wil die Waarheid verkrag! Kyk hoe listig tree hulle nou verder op.

*21 As jy dit nie doen nie, sal ons teen jou getuig dat daar 'n jong man saam met jou was en dat dit die rede is waarom jy jou diensmeisies weggestuur het.*

*22 Toe het Susanna gesug en gesê: Ek is van alle kante vasgekeer, want as ek dit doen, sal dit my dood beteken, en as ek weier, kan ek uit julle hande nie ontvlug nie.*

*23 Dit is vir my egter verkiesliker om in julle hande te val **en dit nie te doen nie, as om voor die Aangesig van JaHWeH te oortree**.*

Wat `n getuienis van die inbors van ons Moeder! Sy sal nie `n duim toegee vir hierdie twee slange se leuen-gees en geestelike verkragting nie. Mevrou, hoeveel is u bereid om in u tuin prys te gee? Of sal u doen wat sy nou doen, ten koste van haar lewe?

# Lesing 36 van 22.09.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

*24 Toe het Susanna hardop geskreeu, maar die oudstes het teen haar in geroep.*

*25 Die een het toe gehardloop en die tuinhekke oopgemaak.*

*26 Toe die huisbediendes die geskreeu in die tuin hoor, het hulle by die sydeur ingestorm om vas te stel wat met haar gebeur het.*

*27 Maar toe die oudstes hulle verhaal vertel het, was die bediendes baie skaam omdat so iets nog nooit in verband met Susanna gesê is nie.*

*28 En dit het gebeur toe die mense die volgende dag by haar eggenoot JeHôWjakim byeengekom het dat **die twee oudstes** ook daar opgedaag het met die **besoedelde bedoeling om Susanna om die lewe te laat bring.***

*29 En hulle het ten aanhore van die mense gesê: Laat Susanna, die dogter van HilkiJaH, die vrou van JeHôWjakim, hier verskyn.*

*30 En hulle het gestuur. En sy het gekom saam met haar ouers en haar kinders en haar hele familie.*

*31 **Nou was Susanna 'n besonder beskeie vrou en mooi van aansien**.*

*32 En hierdie wettelose manne het beveel dat haar sluier afgeneem moes word - **want sy was gesluierd** - sodat hulle hul in haar skoonheid kon verlustig.* [2 Ezra 7:26]

Sien u hierdie innerlike stryd op aarde? Die mooi, beskeie Waarheid is versluier vir die meeste mense op aarde, want die priesterordes het dit so bewerk. Kyk na die afgelope eeue se oorloë en u sal sien dat daardie oorlogsgees allermins hierdie beskeie, mooi en versluierde Gees kon gewees het, maar die gees van hierdie twee bose priesterordes.

*33 Maar hulle wat by haar was en almal wat haar gesien het, het geween.*

*34 En die twee oudstes het te midde van die mense opgestaan en hul hande op haar hoof gelê.*

*35 Maar sy het terwyl sy huil, na die Hemele opgekyk, want haar hart het op JaHWeH vertrou.*

*36 Toe het die oudstes gesê: Terwyl ons alleen in die tuin rondgewandel het, het hierdie vrou saam met twee diensmeisies ingekom, die hekke van die tuin gesluit en die diensmeisies weggestuur.*

*37 Toe het 'n jong man wat daar verskuil was, na haar toe gekom en met haar gemeenskap gehad.*

*38 En ons was juis in die hoek van die tuin, en toe ons hierdie skandelike daad sien, het ons na hulle toe gehardloop,*

*39 en alhoewel ons hulle saam gesien het, was ons nie in staat om hom vas te hou nie omdat hy sterker as ons was, en hy het die hekke oopgemaak en uitgehardloop.*

*40 Maar ons het hierdie vrou gegryp en haar gevra wie die jong man was, dog sy wou ons nie vertel nie. Dit is ons getuienis.*

*41 **En die vergadering het hulle geglo omdat hulle oudstes van die volk en regters was**, en hulle het haar tot die dood veroordeel.*

*42 Maar Susanna het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: 0 Ewige Elohim, U wat die verborge dinge ken en van alles weet voordat dit plaasgevind het;*

*43 U weet dat die dinge wat hulle teen my getuig het, vals is, en nou moet ek sterwe terwyl ek niks gedoen het van die dinge waarvan hulle my op kwaadwillige wyse beskuldig het nie.*

*44 **En JaHWeH het haar geroep gehoor**.*

*45 Want toe sy weggelei is om gedood te word, **het Elohim die Gees van die Apartheid in 'n jong man met die naam DaniEl opgewek**,*

Helaas, JaHWeH sal ook Haar uitroep verhoor, en dit is reeds besig om te gebeur in Suid-Afrika, waar die jong man, afbeelding van die Boerevolk, nou kragtig in die Waarheid begin kom. So word die Gees van Waarheid in ons ou volkie opgewek tot `n kragtige Gees, wat hierdie versluierde Waarheid weer tot Haar regmatige posisie sal verhef as Moedergees in ons.

*46 en hy het hardop uitgeroep: Ek is onskuldig aan die bloed van hierdie vrou!*

*47 Toe het al die mense hulle na hom toe gekeer en gesê: Wat beteken die woord wat jy daar gespreek het?*

*48 En terwyl hy in die middel van hulle gestaan het, het hy gesê : O kinders van JisraEl, hoe is julle so dwaas **dat julle 'n dogter van JisraEl sonder behoorlike ondersoek en van 'n bevestiging van die Waarheid, veroordeel het?*** [JeHôWganan 16]

*49 Gaan terug na die plek van die gereg, want hierdie manne het valse getuienis teen haar gelewer.*

*50 Daarop het al die mense haastig teruggekeer. En die oudstes het vir hom gesê: Kom, neem jou plek tussen ons in en onderrig ons, want Elohim het aan jou die eer van 'n oudste gegee.*

*51 En DaniEl het vir hulle gesê: Laat hulle ver van mekaar af staan en ek sal hulle ondervra.*

*52 Toe hulle dan van mekaar geskei is, het hy een van hul nader geroep en vir hom gesê: **O jy wat oud geword het in ongeregtigheid, hoe het die oortreding wat jy vantevore bedryf het, jou ingehaal***

*53* ***deurdat jy onwettige regsbeslissinge gevel het, die onskuldiges veroordeel en die skuldiges vry laat uitgaan het****, ten spyte van die Woord van JaH-WeH dat jy die onskuldige en die regverdige nie mag ombring nie.*

*54 En nou, as jy hierdie vrou gesien het, vertel ons onder watter boom het jy hulle bymekaar gesien? En hy het geantwoord: Onder 'n mastikboom.*

*55 Toe sê DaniEl: Jy het ten koste van jou lewe 'n leuen vertel, want 'n Boodskapper van JaHWeH het reeds die oordeel van Elohim ontvang, en Hy sal jou middeldeur kap.*

*56 Daarop het hy hom opsy laat staan en beveel dat hulle die ander een moes inbring. En aan hom het hy gesê: 0 jou saadlyn van Kanaän en nie van JeHûWdah nie, skoonheid het jou mislei en begeerte het jou hart bederf.*

*57* ***Dit is die wyse waarop jy die dogters van JisraEl wat hulle uit vrees aan jou oorgegee het, behandel het****, maar* ***hierdie dogter van JeHûWdah het haar nie aan jou besoedeling onderwerp nie****.*

*58 Daarom vertel my onder watter boom het jy hulle betrap terwyl hulle mekaar omhels het? En hy het gesê: Onder 'n akkerboom.*

*59 Toe het DaniEl vir hom gesê: Ook jy het 'n leuen ten koste van jou lewe vertel, want 'n Boodskapper van JaHWeH wag reeds met Sy swaard om jou middeldeur te kap en om julle albei te verdelg.*

*60 En die hele vergadering het hardop uitgeroep en JaHWeH geloof, omdat Hy hulle verlos wat op Hom hoop.*

*61 En hulle het hul gewerp op die twee oudstes wat deur DaniEl uit hulle eie mond as valse getuies ontmasker is,*

*62 en met hulle gehandel soos hulle op kwaadwillige wyse van plan was om met hulle naaste te doen;* ***en hulle het hul ooreenkomstig die Wet van Moshè om die lewe gebring****. En op daardie dag is die vergieting van onskuldige bloed voorkom.*

*63 En HilkiJaH en sy vrou het JaHWeH geloof vir hulle dogter Susanna, saam met haar eggenoot JeHôWjakim en haar hele familie, omdat sy niks verkeerds gedoen het nie. [Openbaring 14]*

***64 En van daardie dag af en verder het DaniEl groot aansien in die oë van die volk geniet.***

Hierin kan ons sien wat voor die deur is in hierdie laaste tye op aarde. Die Boerevolk* sal weer intree, die Gees van Waarheid sal weer herstel word vir die hele wêreld en die twee slangpriesters se mag sal hulle ontneem word en die wêreld se Christendom sal self korte mette maak met hierdie valse geeste in hulle eie tuine. *(*lees asseblief die "Boodskappe van Elohim aan Lukaas van Hout" vir meer besonderhede)*

# Lesing 37 van 23.09.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

Gaan die wêreld vandag vernietig word? Die hele Christen wêreld dink so. Kom ons kyk na die innerlike openbaring van vandag se gebeure.

## Die WEDERGEBOORTE van die Bruid word deur die MOEDER bewerkstellig

Die wedergeboorte bly `n onderwerp van groot debat in die mond van gelowiges. Baie verwar bekering met wedergeboorte en ander sê weer dat die wegraping en die wedergeboorte dieselfde is. Weer moet ons na die voorbeelde in die Skrif gaan kyk en wel na die samestelling van die Tabernakel. Hierdie tent is niks anders as `n afbeelding van nou bekende herstelde ryk van Elohim, asook van jou en my innerlike nie. Die Tabernakel het drie vertrekke. Die eerste, die voorportaal, stel die vleeslike voor, die middelste stel die oorgangsfase of siel voor en die derde vertrek die volkome herstelde geestelike voor. In die na-opstanding fase van verlossing het die Hemelse effens verander, omdat Vader en Seun EEN is, is die Seun nou Koning en Priester van Sy EIE HUIS in die Hemele en op Aarde.

Daarom lyk die drie-eenheid nou as volg:


Die Seun (Weg van Liefde), Die Trooster (Waarheid uit die Liefde en Wysheid) en Die Bruid (Ontvang die Krag van die Ewige Lewe). Om die wedergeboorte te ontvang moet ons eerstens die eerste fase van die Tabernakel betree, naamlik die voorportaal waar die offeraltaar (Vloekhout) en die waskom (doop met water) staan. Hier brand jy jou ou kleed van die vlees weg, jy laat jou skoonwas en doop, en nou beweeg jy vanuit jou vorige vleeslewe na die Heilige vertrek (holy place) in jouself, naamlik jou siel.

In jou siel is die 12 toonbrode, die sewelamp-kandelaar en die reukaltaar wat aardse afbeeldings is van die Woord (die Seun as toonbrode) wat nou geestelik deur jou geëet sal word, die sewe geeste* (Die Trooster as kandelaar) raak nou vaardig in jou en jou kommunikasie na die hemele, voorgestel deur die aangename reukwerk (Krag van gebed as reukaltaar) na Vader, raak nou effektief.

Hierdie oorgangsplek is die eerste wedergeboorte, naamlik die wedergeboorte van die siel. Jy leef nou slegs vir JaHshua, ja, jy is nog sondig en maak foute, maar bely dit onmiddellik en leef verder binne Sy wil. Meeste ware gelowiges leef in hierdie toestand en wag almal dat die gordyn (vlees) tussen die Heilige en die Allerheiligste moet skeur in onsself, soos by JaHshua toe Hy deur beweeg het na die Allerheiligste, oftewel toe die Hemelse sfere tydens Sy kruisiging en opstanding vir Hom geopen het.

Wanneer jy deur beweeg na die Allerheiligste (holy of holies), is jy volkome wedergebore van liggaam, siel en gees, en dis die geestelike wedergeboorte. Dan word jou vleeslike liggaam omvorm tot eteriese, hemelse, ewiglewende substansie, - ons noem dit `n geestelike liggaam wat ons verkry, net soos wat JaHshua hierdie liggaam verkry het toe hy opgestaan het uit die dode. Hierdie pad het Hy as Bruidegom reeds vir ons voorberei en dit is nou ons beurt as Sy Bruid om ook hierdie pad van wedergeboorte van die gees te loop, slegs met die geringe verskil: Hy het reeds die offer met Sy eie lewe vir ons betaal, ons hoef net ons eie kruis, ons eie ek, af te sweer, binne Sy wil te lewe en Hy sal die innerlike wedergeboorte van die gees vir ons gee as Bruidskat!

Net soos wat Hy, JaHshua, deur `n Hemelse Moeder verwek is, sal die Hemelse Trooster weereens in ons geboorte moet gee aan Hom in ons, en dis die wedergeboorte. Wanneer JaHshua in jou gebore word, is dit dieselfde as wanneer jou innerlike siel (vroulike) en innerlike gees (manlike) verenig, sodat jou vlees omvorm of verheerlik kan word, sodat jy tegelyk aardmens en hemelmens sal wees, en so sal jy tegelyk in beide sfere leef! Soos JaHshua wat Homself onherkenbaar en herkenbaar kon maak na Sy opstanding uit die dode, so sal ons ook wees. Soos wat Hy `n vis kon eet en deur mure gestap het, so sal ons dit ook kan doen (Joh 22), MAAR, dit sal absoluut in die geheim of in die verborgene geskied. Nooit sal die nie-wedergeborenes dit mag weet nie, slegs die Bruid sal onderling bewus wees van hulle wedergeboorte, want hulle sal in beide sfere lewe en JAHSHUA SAL ALTYD BY HULLE TEENWOORDIG WEES! Dit is hierdie bekragtigde Bruid wat die hele wêreld se gelowiges sal lei, want Jahshua sal vanuit hulle regeer op aarde en nie soos sommige dink dat Hy fisies as Man vanuit `n



Aardse Tempel sal regeer nie. Hierdie is die Melgisédek priesterorde, waar Hy, as die enigste Melgisédek Priester en Koning in en deur Sy Nuwe Jerusalem (Bruid) sal regeer oor die hele nuwe Hemele en Aarde. Kom ons gaan soek nog bevestigings hiervoor in die Skrif:

**Volgens die Boek Openbaring**

Ons Hemelse Trooster is die EEN in Openbaring 12 wat geboorte sal skenk aan die seuntjie (wedergeboorte van JaHshua in die kinders). Let wel dat SLEGS DIE MESSIAS SELF WEER OP AARDE GEBORE KAN WORD, hierdie keer in die Gees in die gehoorsame kinders van die Moeder Self. Dit is die Wederkoms of die Wedergeboorte, een en dieselfde ding.

*Openb 11:19 En die Tempel van die Elohim het in die Hemele oopgegaan, en Sy Verbondsark is in Sy Tempel gesien, en daar was weerligte en stemme en donderslae en aardbewing en groot hael.*
*Openb 11:1 EN 'n groot Teken het in die Hemele verskyn: 'n Vrou wat met die son bekleed was, en die maan was onder Haar voete, en op Haar hoof 'n Kroon van twaalf Sterre; [MattithJaHûW_24:30]*
*Openb 12:2 en Sy was swanger en het uitgeroep in Haar Weë en barensnood.*
*Openb 12:3 En 'n ander Teken het in die Hemele verskyn, en daar was 'n groot vuurrooi Draak met sewe koppe en tien horings, en op sy koppe sewe krone;*
*Openb 12:4 en sy stert het die derde van die Sterre van die Hemele meegesleep en hulle op die Aarde gegooi. En die Draak het gestaan voor die Vrou wat op die punt was om te baar, sodat hy Haar kind sou verslind sodra Sy gebaar het. [JeshaJaH_21:3]*
*Openb 12:5 En Sy het 'n manlike Kind gebaar, wat al die nasies met 'n Septer van Yster sou regeer; en Haar Kind is weggeruk na die Elohim en Sy Troon.*
*Openb 12:6 En die Vrou het na die wildernis gevlug waar Sy 'n plek het wat deur die Elohim gereed gemaak is, dat hulle Haar daar sou onderhou duisend-tweehonderd-en-sestig dae lank. [JeHôWshua_4:17] [2_Konings_8:1] [JeségiEl_19:10]*

Hierdie profesie is `n eindtyd profesie en sal in vervulling gaan met die wedergeboorte van Sy Bruid kort voor die oordeel gaan begin. Hierdie Vrou, die Trooster of MOEDER, is die Verbondsark in die Tempel (JAHSHUA). Sy is in HOM as androgiene vroulike Wese, soos wat die Tabernakel met die Verbondsark in die Tempel (manlike) is. Sy is met die Son (JaHshua) beklee, die maan (Wysheid) onder haar voete en die twaalf stamme van Israel (12 000 uit elke stam volgens Open 7 en 14) as Kroon. Dit is hulle wat die Wedergeboorte ontvang, WIE JaHshua is, wat weer in hulle gebore sal word as klein baba. Dit beteken dat hulle die goddelike krag in onbeperkte mate sal ontvang, maar dat dit `n geboorteproses sal wees, gevolg deur `n groeiproses, net soos wat `n kind groei tot volwassene. Hierdie Kind kan slegs in die harte van die kinders wees, want dit is waar die Troon nou sal wees. Dit is die Nuwe Hemele op Aarde. Die kind wat weggeruk word, is maar net simbolies van `n volle bewuswording van die geestesdimensie terwyl jy in die vlees is, dus `n gelyktydige lewe in beide die materiële en geestelike sfere. Dit is wat volkome wedergeboorte is, dieselfde as JaHshua, toe Hy nog vir 40 dae op aarde gewandel het in Sy verheerlikte liggaam.

Dat hierdie Vrou nou in die oordeelstyd na die wildernis van goddeloosheid en boosheid sal gaan, is waar, want hier sal die stryd tussen die Hemele en Aarde woed, naamlik tussen MigaEl se engele en Satan se engele. Maar helaas, hierdie plek is vooraf voorberei en gereedgemaak vir hierdie groot slag. Mag die Koningin van die SUIDE jou die antwoord daarop gee!

*Matt 12:42 Die Koningin van die Suide (die verenigde Hemelse Moeder en die Dogter van Sionsbruid) sal in die oordeel opstaan saam met hierdie saadlyn en hom veroordeel; want Sy het gekom van die eindes van die Aarde af om die Wysheid van Salomo te hoor, en - meer as Salomo is hier (JaHshua) is hier*, HALLELUJAH! [Psalm 72:15]

Ook staan dit geskrywe in die Boek van Henog, `n boek wat vir 500 jaar in die Bybel-Kanon was, voordat die priesterorde dit ook weer ongewens verklaar het, en sodoende bewys het dat hulle eerste vergadering te Nicea nie deur die Heilige Gees geïnspireer was nie.

*Henog 77:1 DIE eerste kwartier word die Ooste genoem, omdat dit eerste is: en die tweede, die Suide, want die Hoogste El sal daar neerdaal, ja, daar in `n besonder spesiale sin sal Hy wat vir ewig geseën is vir ewig neerdaal*.

# Lesing 38 van 25.09.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

**Uit die Boek 2 Esra**

2Es 1:35 Julle huise sal Ek gee aan 'n volk wat nog sal kom; wat nog nie van My gehoor het nie, en tog sal hulle My glo; aan wie Ek geen tekens getoon het nie, tog sal hulle doen wat Ek hulle beveel. [1 Petrus 2:10]
2Es 1:36 Hulle het geen profete gesien nie, en tog sal hulle hul oortredinge in herinnering roep en dit beken.
2Es 1:37 Ek betuig van die welwillendheid van die volk wat nog sal kom, wie se kleintjies hulle met Blydskap verheug; en alhoewel hulle My nie met vleeslike oog gesien het nie, tog in die gees sal glo wat Ek sê.
2Es 1:38 En nou, broeder, kyk watter Glansrykheid, en aanskou die volk wat uit die ooste aankom. [Boekrol van Henog 60:8; JeségiEl 43:2]
2Es 1:39 Aan wie Ek as leiers sal gee Abraham, Isak en Jakob, Hosea, Amos en Miga, JôWEl, Abdia en Jona,
2Es 1:40 Nahum en Habakuk, TsefánJaH, Haggai, ZekarJaH en Maleagi, wat ook noem van 'n Boodskapper van JaHWeH. [Maleági ]

2Es 2:1 SO spreek JaHWeH: Ek het hierdie volk uit gevangeskap gebring en aan hulle My Wette gegee deur My diensknegte die profete; na wie hulle nie wou luister nie, maar My Raad verag het. [2 Ezra 1:7]
2Es 2:2 **Die Moeder wat hulle gebaar het, het aan hulle gesê: Gaan weg, julle kinders; want Ek is 'n Weduwee en verlate**. [Profesie van Barug 4:12]
2Es 2:3 Ek het julle met Vreugde grootgemaak; maar met droefheid en hartseer het Ek julle verloor: want julle het voor die Aangesig van JaHWeH julle Elohey oortree en gedoen wat besoedel is voor HOM. [JeshaJaH 54:6]
2Es 2:4 Maar wat sal Ek nou met julle doen? Ek **is 'n Weduwee en verlate;** gaan heen, o My kinders, en vra Barmhartigheid van JaHWeH.
2Es 2:5 Wat My betref, o VADER, Ek roep na U as 'n getuie, **as die Moeder van hierdie kinders wat nie U Verbond wil hou nie.**
2Es 2:6 Dat U hulle in skande sal bring **omdat hulle hul Moeder verag het,** sodat daar geen saadlyn vir hulle sal wees nie. [Spreuke van Salomo 1:8; Wysheid van Sirah 15:2]
2Es 2:10 SO sê JaHWeH aan Ezra: Sê aan My volk dat Ek aan hulle sal gee die **Koninkryk van Jerusalem** wat Ek aan JisraEl sou gegee het.
2Es 2:11 Die Glansrykheid sal Ek ook vir Myself neem en aan hulle die **Ewige Takskuiling** gee wat Ek vir hulle voorberei het.
2Es 2:12 Die **Boom van die Lewe** sal vir hulle wees tot 'n welriekende salf; hulle sal nie arbei of vermoeid raak nie. [Exodus 30:25; Wysheid van Sirah 24:15]
2Es 2:13 Gaan heen en jy sal ontvang; bid vir jou, dat die dae verkort mag word; die Koninkryk is reeds vir jou voorberei; ja, waak!
2Es 2:14 Neem die Hemele en Aarde as getuies; want die besoedelde het Ek verbreek en die suiwere het Ek geskape: want dit is sowaar as Ek leef spreek JaHWeH.
2Es 2:15 **Moeder, omhels U kinders**, en maak hulle groot met Blydskap, **soos 'n Duif**, vestig hulle voete **stewig soos 'n pilaar**; want Ek het U verkies, spreek JaHWeH. [Hooglied 5:2]
2Es 2:16 En die dooies sal Ek weer opwek uit hulle plekke en hulle uit hulle grafte bring; want Ek **het My Naam aan JisraEl bekend gemaak.**
2Es 2:17 Moenie bevrees wees nie, **Moeder van die kinders**, want Ek het U uitverkies, spreek JaHWeH.
2Es 2:18 Ek sal My diensknegte, JeshaJaHûW en JirmeJaHûW, as Hulp stuur, volgens My Raad het Ek vir julle twaalf bome met 'n verskeidenheid vrugte gewy en voorberei. [Boekrol van Henog 25:2; JeségiEl 47:12]
2Es 2:19 **En net soveel Fonteine** wat vloei met melk en heuning, en **sewe magtige berge** waarop daar rose en lelies groei, waarmee Ek U kinders met Blydskap sal vervul.
2Es 2:20 Spreek regverdig vir die Weduwee, doen Reg aan die wese, gee aan die armes, beskerm die wat verlate is, klee die wat naak is.
2Es 2:21 Genees die wat verwond en krank is, spot nie met die verlamde man nie, verdedig die verminkte, en laat die blinde man kom voor die Aangesig van My Glansrykheid.
2Es 2:22 Versorg die oue en die jonge tussen jou mure.
2Es 2:23 Waar jy ook al die dooie mag vind, neem hulle en begrawe hulle, en Ek sal jou die eerste plek in My Opstanding gee.
2Es 2:24 Wees stil en wag, o My volk, want julle rus sal kom.
2Es 2:25 **Voed U kinders op, o goeie Oppasster; versterk hulle voete**.

# Lesing 39 van 26.09.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

**Uit die Boek 2 Esra**

2Es 2:28 Die nasies sal U beny, maar hulle sal niks teen U kan doen nie, spreek Elohim.

2Es 2:29 My Hande sal U bedek, sodat U kinders nie die Doderyk sal sien nie.

2Es 2:30 Wees vrolik, jy, o **Moeder met U kinders**; want **Ek sal julle verlos**, sê JaHWeH.

2Es 2:31 Onthou U kinders wat slaap, want Ek sal hulle uit die **geheime plekke van die Aarde** bring en Barmhartigheid aan hulle betoon: want Ek is barmhartig, sê JaHWeH die Almagtige. [Hebreërs 2:10]

2Es 2:34 En daarom sê ek aan julle, o julle nasies, wat hoor en verstaan, **soek na julle Herder**, Hy sal aan julle ewige rus gee; want Hy is naby wat aan die einde van die wêreld sal kom.

2Es 2:35 Wees gereed vir die beloning van die Koninkryk, want die ewige Lig sal vir altyd op julle skyn. [JeHôWganan 1:9]

2Es 2:36 Vlug uit die skaduwee van hierdie wêreld, ontvang die Vreugde van jou Glansrykheid: ek betuig openlik my Verlosser.

2Es 2:37 Ontvang die gawe wat aan julle gegee word en verheug julle, gee dank aan Hom wat julle na die hemelse Koninkryk geroep het.

2Es 2:38 Staan op, en kyk die **getal van hulle wat verseël is** vir die feesmaal van JaHWeH; [Openbaring 7:4-8 en 14:1]

2Es 2:39 Die wat oorgegaan het uit die skaduwee van die wêreld, wat **sierlike klere** van JaHWeH ontvang het.

2Es 2:40 **Neem U getal, o Sion**, en maak die getal op uit U wat in wit geklee is, die wat die Wet van JaHWeH onderhou het. [Openbaring 3:18; 7:4]

2Es 2:41 Die getal van U kinders na wie U verlang het, is vol: smeek dat die Koninkryk van JaHWeH sal kom, sodat U volk, wat van die begin af geroep is, apartgestel mag word. [Boekrol van Henog 47:4]

2Es 2:42 EK, Ezra, het op die **Berg van Sion** ‘n groot volk gesien, wat ek nie kon tel nie, en hulle het almal Elohim geloof met liedere. [Openbaring 14:3]

2Es 2:43 En in hulle midde was daar **‘n Jong Man** van hoë gestalte, groter as al die ander, en op elkeen se hoof het Hy **krone geplaas**, en Hy was meer verglans; sodat ek my grootliks verwonder het. [Wysheid 6:21; Boekrol van Henog 45:4; Openbaring 22:4 - 5]

2Es 2:44 Daarom het ek aan die Boodskapper gevra en gesê: meester, wat is hierdie?

2Es 2:45 Hy het my geantwoord en gesê: Hierdie is hulle wat die **sterflike** klere uitgetrek het en die **onsterflike** aangetrek het en die Naam van JaHWeH bely het: nou word hulle gekroon en ontvang palmtakke. [Openbaring 6:11]

2Es 2:46 En ek het aan die Boodskapper gesê: **Wie is die Jong Man** wat hulle kroon en palmtakke in die hand gee?

2Es 2:47 Toe antwoord hy my en sê: **Hy is die Seun van die Elohim**, vir wie hulle op die Aarde bely het. Toe het ek hulle grootliks begin prys, diegene wat so dapper gestaan het vir JaHWeH se Naam. [Openbaring 6:9]

2Es 2:48 Toe sê die Boodskapper aan my: Gaan en verkondig aan My volk hoedanige en watter groot wonderwerke jy van JaHWeH jou Elohey gesien het.

# Lesing 40 van 27.09.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

## Uit die Boek 2 Esra

2Es 5:1 WAT die tekens betref, kyk, die dae sal kom dat hulle wat op die Aarde woon vasgevang sal wees deur groot rykdom en die **Weg van die Waarheid verborge sal wees** en die Aarde sal sonder geloof wees.

2Es 5:2 **Die ongeregtigheid sal vermeerder** bo haar wat jy nou sien, en bo haar wat jy lank gelede gehoor het. [MattithJaHûW 24:12]

2Es 5:3 En dan sal die Aarde waarna jy nou kyk en wat tans die wêreld regeer, 'n verlate woestyn word voor die mense se oë.

2Es 5:4 Maar as die Hoogste El gee dat jy lewe, sal jy universele wanorde sien; - die son sal skielik in die nag skyn en die maan in die dag.

2Es 5:5 En bloed sal uit die hout drup en die klippe sal uitroep en die mense sal benoud wees en die weg van die Sterre sal verander.

2Es 5:6 En 'n onwelkome koning sal heers op die Aarde, en die voëls sal wegtrek;

2Es 5:7 En die see van Sodom [Dooie see] sal sy vis uitgooi en 'n geluid in die nag maak, wat baie nie sal ken nie; maar hulle sal almal die geluid daarvan hoor. [Openbaring 9:3]

2Es 5:8 Die Aarde sal oopgaan op baie plekke en onophoudelike vuur sal uitspuit. Die wilde wesens sal hul prooi gaan soek sodat maandstondige vroue wandrogtige monsters sal baar.

2Es 5:9 En varswaterfonteine sal in bitter als verander, en orals sal vriende oorlog maak en mekaar vernietig; dan **sal Kennis verborge wees en Insig sal Haar in Haar binnekamer verberg**, [Openbaring 8:11]

2Es 5:10 en Sy sal deur baie gesoek word, maar nie gevind word nie; dan sal besoedeling en onkuisheid vermenigvuldig word op die Aarde.

2Es 5:23 EN ek het gesê: O Almagtige JaHWeH wat regeer, uit elke woud op die Aarde en uit die bome van haar het U vir Uself net **een Wingerdstok** gekies.

2Es 5:24 En uit al die Aarde van die hele wêreld het U vir U **een Adamah** gekies; en van al die blomme van die Aarde **een Lelie**; [Hooglied 2:2]

2Es 5:25 En van al die dieptes van die see het U vir Uself **een rivier** gevul; en uit al die beboude stede het U **Sion vir Uself apart gestel**.

2Es 5:26 En uit al die voëls wat geskep is, het U vir Uself **een Duif** geneem; en uit al die vee wat gemaak is, het U vir U **een Lam** voorsien.

2Es 5:27 En tussen al die menigtes van volke het U vir U **een volk** verkry; en aan hierdie volk wat U liefhet, het U 'n Wet gegee wat bo alle ander goedgekeur word.

2Es 5:28 En nou, o my Meester, waarom het U hierdie een volk oorgegee aan die menigtes? En op die een wortel het U baie ander voorberei, en waarom het U U enigste volk tussen baie verstrooi?

2Es 5:29 En hulle wat U beloftes verwerp het, vertrap die volk wat in U Verbonde geglo het.

2Es 6:15 En wanneer die Stem spreek, moenie bevrees wees nie; want die **Woord is oor die einde**, en die fondamente van die Aarde sal dan ook verstaan

2Es 6:16 dat as adamiet van hierdie dinge spreek, beef die Aarde en word bewoë, want sy weet dat haar einde ook moet verander.

2Es 6:17 En toe ek dit hoor, het ek op my voete gestaan en geluister, en kyk, daar was 'n Stem wat gespreek het en die geluid daarvan was soos die geluid van baie waters. [Openbaring 14:2]

2Es 6:18 En die Stem het gesê: Kyk, die dae kom en dit sal gebeur dat Ek sal nader kom om hulle te besoek wat op die Aarde woon.

2Es 6:19 En Ek sal begin om hulle te ondersoek, hulle wat ander onregverdig beledig het, wanneer die **beproewing van Sion vervul sal wees**.

2Es 6:20 EN wanneer die wêreld, wat begin om te vergaan, verseël sal wees, dan sal Ek hierdie tekens toon: **die boekrolle sal voor die uitspansel geopen word** en hulle almal saam sal hom sien. [Openbaring 5:9]

2Es 6:21 Suigelinge van 'n jaar oud sal met hulle eie stemme spreek; die swanger vroue sal ontydige kinders baar van drie of vier maande oud en hulle sal lewe en opgewek wees. [Psalm 8:2]

2Es 6:22 En die gesaaide plekke sal skielik soos ongesaai lyk, en die vol stoorkamers sal skielik leeg gevind word.

2Es 6:23 En die ramshoring sal blaas en elke mens wat hom hoor, skrik sal hulle oorval. [Openbaring 8:6]

2Es 6:24 In daardie tyd sal vriend teen vriend soos vyande veg, en die Aarde en die wat op haar woon, sal verskrik staan; die strome en fonteine sal stil staan en vir drie uur lank nie loop nie. [MattithJaHûW 24:7]

2Es 6:25 Wie ook al oorbly van al hierdie dinge waarvan Ek jou vertel het, sal ontvlug en My Redding sien en die einde van julle wêreld.

2Es 6:26 En die adamiete wat aangeneem is, hulle wat nie die Dood sedert hulle geboorte gesmaak het nie, sal dit alles sien; en die hart van die bewoners sal verander word, en 'n heel ander betekenis kry.

2Es 6:27 Want besoedeling sal dan uitgeroei wees, en bedrog geblus.

2Es 6:28 Maar die Geloof sal bloei, en verdorwenheid oorwin wees, en die **Waarheid, Sy wat so lank sonder vrug was, sal ge-openbaar word**. [JeHôWganan 14:26]

# Lesing 41 van 28.09.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

## Uit die Boek 2 Esra

2Es 6:54 En hierna het U **Adam** aangestel oor al U skepsele; uit hom kom ons, **die volk wat U uitverkies het.**

2Es 6:55 Al hierdie dinge het ek voor U gespreek, o my Meester, want **ter wille van ons**, het U die Aarde gemaak.

2Es 6:56 MAAR oor die ander nasies wat ook uit Adam gekom het, U het gesê dat hulle niks is nie en hulle **met spuug vergelyk**; en hulle menigtes het U vergelyk met 'n druppel wat uit 'n emmer val. [JeshaJaH 40:15]

2Es 6:57 En nou, o my Meester, hierdie nasies wat as niks gereken was nie, **het begin om ons te oorheers en ons te verteer.**

2Es 6:58 Maar ons, U volk, wat U U **eersgeborene** genoem het, U eniggeborene en U vurige liefde, is in hulle hande oorgegee. [Exodus 4:22]

2Es 6:59 As die wêreld dan nou gemaak is ter wille van ons, waarom besit en erf ons nie met die wêreld nie? Hoe lank sal dit so aanhou?

2Es 7:1 EN dit het gebeur dat toe ek opgehou het om hierdie woorde te spreek, is daar die Boodskapper na my gestuur wat die vorige nagte ook na my gestuur is.

2Es 7:2 En Hy het aan my gesê: Staan op, Ezra, en hoor die woorde wat Ek gekom het om aan jou te sê.

2Es 7:3 En ek het gesê: Spreek voort, my Meester. Toe het Hy aan my gesê: Die see is geplaas in 'n wye plek omdat hy diep en groot is.

2Es 7:4 Maar **sy ingang is op 'n smal plek** geplaas, sodat hy soos die riviere sou wees.

2Es 7:5 Wie sou dan graag in die see wou gaan om hom te sien of oor hom te heers? As hy nie deur die smal weg gaan nie, hoe kan hy die breë weg bereik?

2Es 7:6 Daar is ook 'n ander gelykenis: 'n **Stad** is gebou en op 'n oop veld geplaas en is vol van allerhande waardevolle dinge;

2Es 7:7 Die **ingang van haar is smal** en is op 'n steilte geleë, sodat aan die regterkant 'n vuur is en aan die linkerkant diep water;

2Es 7:8 En net een paadjie tussen hulle albei, naamlik tussen die vuur en die water, so smal dat daar net een man op 'n keer daarop kan gaan.

2Es 7:9 **As hierdie Stad nou aan 'n man as 'n erflating gegee word**, en hy nooit by gevare wat daar geplaas is, verbykom nie, hoe sal hy sy erflating bekom?

2Es 7:10 En ek het gesê: Dit is so, my Meester. Toe het Hy aan my gesê: **Net so is JisraEl se deel**.

2Es 7:11 Want ter wille van hulle het Ek die Aarde gemaak: en toe Adam oortree het teen My Verordeninge, is die dinge wat nou geskied, bepaal.

2Es 7:12 En toe het **die ingange na hierdie wêreld smal geword,** vol droefheid en barensweë; hulle is maar min en besoedel, vol van gevare en baie pynlik.

2Es 7:13 Want die ingange van **die ou wêreld** was wyd en veilig en het onsterflike vrug voortgebring.

2Es 7:14 As hulle wat dan leef nie poog om in te gaan in hierdie dinge wat eng en ydel is nie, kan hulle ook nie dit wat vir hulle weggelê is, verkry nie.

2Es 7:15 Waarom dan is jy so bekommerd, terwyl jy verderflik is? En waarom is jy ontroerd, terwyl jy tog maar sterflik is?

2Es 7:16 Waarom het jy nie in jou hart die toekomstige dinge oordink nie, maar die teenswoordige?

2Es 7:17 Toe het ek geantwoord en gesê: O Almagtige JaHWeH, U het in U Wet verorden dat die regverdige al hierdie dinge sou erf, maar dat die wettelose sou vergaan.

2Es 7:18 Nogtans sal die regverdige **die noute verduur**, want sy hoop is op **die wye ruimtes**; ja, die wat wetteloos geleef het, het ook die noutes geken, en tog sal hulle die wydtes nie sien nie.

2Es 7:19 En Hy het aan my gesê: Daar is geen regter bo JaHWeH nie, en geen wyser as JaHWeH, die Hoogste El nie.

2Es 7:20 Want daar is baie wat in hierdie lewe verlore sal gaan, omdat hulle die **Wet** van Elohim wat voor hulle geplaas is, **verag het**.

2Es 7:21 Want JaHWeH het nougesette Gebooie gegee vir almal wat sou kom [gebore word], selfs terwyl hulle hier was; wat hulle moes doen om te lewe, en wat hulle moes onderhou om nie gestraf te word nie.

2Es 7:22 Nogtans was hulle nie gehoorsaam nie, en het HOM weerspreek en het net ydele gedagtes bedink,

2Es 7:23 en hulleself met hul besoedelde dade bedrieg, aan die Hoogste El gesê dat HY nie bestaan nie, en hulle het SY Weë nie geken nie.

2Es 7:24 Maar **SY Wet het hulle verag en SY Verbonde verloën;** in SY **Verordeninge was hulle nie getrou** nie, en SY werke het hulle nie gedoen nie.

2Es 7:25 En daarom, Ezra, is die **leë** dinge vir die wat leeg is, en die **vol** dinge vir die wat vol is.

2Es 7:26 Kyk, die tyd sal kom dat die tekens waarvan Ek jou vertel het sal gebeur; **die Bruid sal verskyn, en Sy sal openlik vertoon word, Sy wat nou vir die wêreld verborge is**. [*Psalm 98:2; Odes van Salomo 23:18; 30:6; 41:8; Hooglied van Salomo 3:11; Job 28:20; Boekrol van Henog 46:3; JôWEl 2:16; JeshaJaH 40:5; 52:10; 66:14; DaniEl 13:32; 1 Petrus 1:5; Judit 10:7; Openbaring 11:19*]

# Lesing 42 van 29.09.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

**Uit die Boek 2 Esra**

2Es 9:38 EN toe ek hierdie dinge in my hart gespreek het, het ek met my oë omgekyk en aan die regterkant het ek 'n vrou gesien en kyk, sy het geweeklaag en geween met 'n groot stem, en was baie bedroef in haar hart en haar klere was geskeur en daar was as op haar hoof.

2Es 9:39 Toe laat ek my gedagtes vaar en wend myself tot haar, en ek het aan haar gesê:

2Es 9:40 Waarom ween jy? Waarom is jy so bedroef in jou gees? En sy het aan my gesê:

2Es 9:41 My meester, laat my alleen dat ek myself kan betreur en by my droefheid byvoeg, want ek is baie ontsteld in my gees en terneergedruk.

2Es 9:42 En ek het aan haar gesê: Wat pla jou? Vertel my.

2Es 9:43 Sy het aan my gesê: Ek, u diensmaagd, was onvrugbaar en het geen kinders gehad nie, al het ek 'n man vir dertig jaar lank gehad.

2Es 9:44 En in daardie dertig jaar het ek niks anders gedoen as om dag-en-nag en elke uur tot die Hoogste El te bid nie.

2Es 9:45 En dit het na dertig jaar gebeur dat Elohim my, u diensmaagd, gehoor en my ellende raakgesien het, Hy het my vernedering gesien en my benoudheid aanskou en aan my 'n seun gegee: En ons was baie bly oor hom, ek en my man en al ons bure; en ons het groot Eer aan die Almagtige gegee.

2Es 9:46 En ek het hom met groot sorg opgevoed.

2Es 9:47 Toe hy volwasse was en die tyd kom dat hy 'n vrou moes neem, het ek 'n groot maaltyd voorberei. [Psalm 48]

2Es 10:1 EN dit het so gekom dat toe my seun in sy huwelikskamer ingaan, hy geval en gesterf het. [Hooglied van Salomo 5:6]

2Es 10:2 Toe het ons al die ligte uitgedoof en al my bure het opgestaan om my te troos; en ek het my stilgehou tot die volgende dag teen die aand.

2Es 10:3 Toe hulle almal opgehou het om my te troos, omdat ek so rustig was, het ek in die nag opgestaan en gevlug en hierheen na hierdie veld gekom, soos u kan sien.

2Es 10:4 Ek is nou van voorneme om nie weer terug te gaan Stad toe nie, maar hier te bly en nie te eet of te drink nie, maar om aanhoudend te weeklaag en te vas totdat ek sterf.

2Es 10:5 Toe het ek die gesprek waarin ek was, laat staan en haar in woede aangespreek en gesê:

2Es 10:6 Jou dwase vrou bo al die ander vroue, sien jy nie ons geweeklaag en wat met ons gebeur nie?

2Es 10:7 Want Sion, ons Moeder, is vol van droefheid en met nederigheid verneder, en baie treurig.

2Es 10:8 En nou, terwyl ons almal weeklaag en hartseer is, want ons verkeer almal in droefheid, is jy bedroef oor een seun?

2Es 10:9 Want vra die Aarde en sy sal jou sê dis sy wat behoort te rou oor die ondergang van so baie wat op haar leef.

2Es 10:10 Want uit haar is almal gebore en uit haar sal al die ander kom, en kyk, hulle wandel is tot verderwing en 'n menigte van hulle tot vernietiging.

2Es 10:11 Wie sal dan meer moet treur as sy wat so 'n groot menigte verloor het, want jou hartseer is maar net oor een?

2Es 10:12 As jy nou aan my sê: My weeklaag is nie soos die van die Aarde nie, want ek het die vrug van my moederskoot, wat ek met smart gebaar en met droefheid voortgebring het, verloor,

2Es 10:13 want met die Aarde is dit soos dit met die Aarde is, die teenswoordige menigte in haar keer terug na haar soos wat hulle uit haar voortgekom het.

2Es 10:14 Dan sê ek aan jou: Soos jy met moeite voortgebring het, net so het die Aarde ook haar vrug voortgebring, naamlik die adamiet wat Hy van die begin af gemaak het.

2Es 10:15 Hou dus jou droefheid vir jouself en verdra met goeie moed die ellende wat oor jou gekom het;

2Es 10:16 want soos jy die bepalinge van Elohim regverdig ag, en Sy raad aanneem, so sal jy ook in sulke sake geprys word onder die vroue.

2Es 10:17 Gaan dus terug Stad toe na jou man toe.

# Lesing 43 van 30.09.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

### Uit die Boek 2 Esra

2Es 10:17 Gaan dus terug Stad toe na jou man toe.

2Es 10:18 En sy het aan my gesê: Dit sal ek nie doen nie! Ek sal nie in die Stad ingaan nie, maar hier sal ek sterf.

2Es 10:19 Toe het ek verder met haar gespreek en gesê:

2Es 10:20 Moenie doen soos jy gesê het nie, maar volg die raad wat aan jou gegee is, **want hoeveel is die teenspoed van Sion? En wees getroos oor die smarte van Jerusalem.**

2Es 10:21 Want jy sien ons **Apartheid** is vernietig, ons **altaar** is afgebreek, ons **Tempel** verwoes,

2Es 10:22 ons **siters** lê op die Aarde, ons **liedere** is stilgemaak, ons **Vreugde** op 'n einde, die lig van ons **kandelaar** is geblus, en die **Ark van ons Verbond** weggeneem, ons dinge van **Apartheid** is besoedel, en die **Naam** wat oor ons uitgeroep is, is byna tot niet; ons **kinders** het smaad gely, ons **priesters** is verbrand, ons **Leviete** weg in gevangeskap, ons **maagde** is besoedel en ons **vroue** verkrag; ons regverdige **manne** is weggeneem, ons **kindertjies** is verlore, ons **jongelinge** in slawerny weggevoer, en ons **sterk manne** het swak geword;

2Es 10:23 En die ergste van alles is, die **Seël van Sion** het nou Haar Glansrykheid verloor; want Sy is oorgelewer in die hande **van hulle wat Haar haat**.

2Es 10:24 Daarom stoot jou groot terneer-gedruktheid eenkant toe en lê jou smarte af sodat die sterke Elohim jou weer barmhartig kan wees, en die Hoogste El jou rus kan gee en verligting van jou arbeid.

2Es 10:25 En dit het gebeur dat terwyl ek met haar praat, het haar gedaante skielik baie helder geskyn, en haar gesig het geglinster sodat ek bang was vir haar en gewonder het wat sy kon wees.

2Es 10:26 En kyk, skielik het sy 'n harde kreet gegee, baie angswekkend, sodat die Aarde van die geluid van die vrou se stem gebeef het.

2Es 10:27 En ek het opgekyk, en kyk, die vrou was nie meer voor my nie, **maar daar was 'n Stad gebou en 'n plek met groot fondamente is vertoon**: toe was ek bang, en het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: [Exodus 23:21]

2Es 10:28 Waar is UriEl, die Boodskapper, wat van die begin af na my toe gekom het? Want hy het veroorsaak dat ek deur my baie gedagtes tot hierdie verrukking van sinne gekom het en my einde het tot verderfenis gekom en my gebed tot smaad.

2Es 10:29 EN terwyl ek hierdie woorde gespreek het, kyk, hy het na my gekom en my aangesien.

2Es 10:30 En ek het gelê soos een wat dood was; en my verstand was my ontneem, en hy het my aan die regterhand geneem en my versterk en my op my voete getel en aan my gesê:

2Es 10:31 Wat makeer jou? En hoekom is jy so ontsteld? En waarom is jou verstand so verward en ook die gedagtes van jou hart?

2Es 10:32 En ek het gesê: Omdat jy my verlaat het, hoewel ek gedoen het soos jy gesê het, en ek het in die veld ingegaan en kyk, ek het gesien en sien steeds wat ek nie kan beskryf nie.

2Es 10:33 En hy het aan my gesê: Staan op soos 'n man en ek sal jou onderrig. Toe het ek gesê:

2Es 10:34 Spreek tot my, my meester; moet my net nie verlaat nie sodat ek nie sonder oorsaak sal sterf nie.

2Es 10:35 Want ek het gesien wat ek nie geweet het nie en gehoor wat ek nie ken nie.

2Es 10:36 Of word my sinne bedrieg, en droom my siel?

2Es 10:37 Daarom smeek ek u dat u aan u diensknegt bekend sal maak wat hierdie verrukking van sinne beteken. Toe het hy my geantwoord en gesê:

2Es 10:38 Luister na my en ek sal jou onderrig, en jou vertel waarom jy bang is: want **die Hoogste El het baie geheime aan jou geopenbaar**. [DaniEl 9:22, 23]

2Es 10:39 Hy het gesien dat jou weg Reg is omdat jy **sonder ophou oor jou volk treur en oor Sion geweeklaag het.**

2Es 10:40 Dit dan is die betekenis van die visioen wat jy kort tevore gesien het:

2Es 10:41 Die **Vrou** wat jy sien rou het en wat jy begin troos het,

2Es 10:42 maar nou sien jy nie meer die beeld van die Vrou nie, maar daar het voor jou 'n **geboude Stad** verskyn.

2Es 10:43 En aangaande wat sy jou vertel het van

die **dood van haar seun**, is dit die verklaring:

2Es 10:44 **Hierdie Vrou wat jy gesien het, is Sion; wat jy ook [soos Sy aan jou bekend gemaak het] as 'n geboude Stad gesien het**. [2 Konings 4:37]

2Es 10:45 En dat Sy aan jou gesê het Sy was vir **dertig** jaar lank onvrugbaar, beteken dat daar vir **drieduisend** jaar lank geen slagdiere in Haar geslag is nie.

2Es 10:46 En dit het gebeur dat Salomo na drieduisend jaar, die Stad gebou en diere geslag het: en toe was dit dat die **onvrugbare Vrou 'n seun gebaar** het. [1 Konings 6:1]

2Es 10:47 En dat Sy jou vertel het dat Sy hom met moeite opgevoed het. **Hy was die Tempel in Jerusalem.**

2Es 10:48 En dat Sy aan jou gesê het dat Haar seun, terwyl Hy in Sy huwelikskamer ingegaan het, geval en gesterf het, **was die vernietiging wat Jerusalem oorgekom het.**

2Es 10:49 En kyk, jy het Haar beeld gesien terwyl **Sy oor Haar seun treur,** en jy het Haar begin troos. En hierdie dinge wat gebeur het, moes aan jou verklaar word.

2Es 10:50 Want nou sien die Hoogste El dat jy van harte bedroef is, en omdat jy met jou hele hart ly ter wille van Haar, daarom het Hy jou die glans van Haar Glansrykheid getoon en die aanvalligheid van Haar skoonheid.

2Es 10:51 En daarom het ek jou gevra om te bly in die veld waar geen huis gebou is nie.

2Es 10:52 Want ek het geweet dat die Hoogste El hierdie dinge aan jou sou toon.

2Es 10:53 Daarom het ek jou beveel om in te gaan in die veld waar geen fondament van enige gebou is nie.

2Es 10:54 **Want op die plek waar die Stad van die Hoogste El getoon sou word, kon geen menslike bouwerk ook staan nie**.

2Es 10:55 Daarom vrees nie, laat jou hart nie verskrik wees nie, maar gaan in en aanskou die skoonheid en grootheid van die gebou soveel as wat jou oë in staat sal wees om te sien.

2Es 10:56 En dan sal jy hoor soveel as wat jou ore in staat is om te hoor.

2Es 10:57 Want jy is geseën bo baie ander en is geroep deur die Hoogste El, soos wat min geroep is.

2Es 10:58 Maar jy sal tot môrenag hier bly.

2Es 10:59 En dan sal die Hoogste El aan jou gesigte van die hoogste dinge toon wat die Hoogste El sal doen **aan hulle wat op die Aarde in die laaste dae sal woon**.

2Es 10:60 En ek het daardie nag geslaap en die volgende een soos Hy my beveel het.

# Lesing 44 van 02.10.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

2Es 10:59 En dan sal die Hoogste El aan jou gesigte van die hoogste dinge toon wat die Hoogste El sal doen aan hulle wat op die Aarde in die laaste dae sal woon.

2Es 11:1 TOE het ek ‘n droom gehad, en kyk, daar het ‘n arend uit die see opgekom wat twaalf geveerde vlerke gehad het en drie koppe.

2Es 11:2 En ek het gesien en kyk, sy het haar vlerke oor die hele Aarde uitgesprei en al die winde van die Hemele het daarop gewaai en wolke is versamel rondom haar.

2Es 11:3 En ek het gekyk, en uit haar vere het daar ander, opponerende vere gegroei en hulle het min vere geword en klein.

2Es 11:4 Maar haar koppe het gerus; die kop in die middel was groter as die ander, en hy het saam met hulle gerus.

2Es 11:5 Verder het ek gesien, en kyk, die arend het met haar vere gevlieg en op die Aarde regeer en oor almal wat daarop gewoon het.

2Es 11:6 En ek het gesien dat alle dinge onder die Hemele aan haar onderdanig was en niemand het haar teengepraat nie, ja, nie een skepsel op die Aarde nie.

2Es 11:7 En ek het gesien, en kyk, die arend het op haar kloue opgestaan en met haar vere gepraat en gesê:

2Es 11:8 Moenie almal gelyktydig waak nie, slaap elkeen op sy eie plek en waak op sy tyd,

2Es 11:9 maar laat die koppe tot op die laaste behoue bly.

2Es 11:10 En ek het gesien, en kyk, die stemme het nie van haar koppe gekom nie, maar uit die middel van haar liggaam.

2Es 11:11 En ek het haar opponerende vere getel, en kyk, daar was agt van hulle.

2Es 11:12 En ek het gesien, en kyk, aan die regterkant het daar een veer orent gestaan en oor die hele Aarde geheers.

2Es 11:13 En dit gebeur toe dat terwyl sy regeer, het haar einde gekom, en die plek van haar was daar nie meer nie. Toe het die volgende een opgestaan en regeer, en dit was vir ‘n lang tyd.

2Es 11:14 En dit het gebeur dat terwyl sy regeer, het haar einde ook gekom soos met die eerste sodat dit nie meer daar was nie.

2Es 11:15 Toe het ‘n stem na haar gekom en sê:

2Es 11:16 Luister, jy wat so lank oor die Aarde regeer het, dit sê ek aan jou voordat jy begin om te verdwyn:

2Es 11:17 Daar sal niemand na jou wees wat so lank soos jy sal regeer nie, ja, nie eers die helfte van haar nie.

2Es 11:18 Toe het die derde opgestaan en regeer soos die ander voor haar en sy het ook verdwyn.

2Es 11:19 So het dit met al die ander gegaan, en hulle het elkeen regeer en weer verdwyn.

2Es 11:20 Toe het ek gesien, en kyk, die volgende vleuels het mettertyd aan die regterkant opgestaan sodat hulle self ook mag regeer; en sommige van hulle het regeer, maar na ‘n kort tydjie weer verdwyn.

2Es 11:21 En sommige van hulle het opgestaan, maar het nie die heerskappy gekry nie.

2Es 11:22 Hierna het ek gesien, en kyk, die twaalf vere was nie meer daar nie, ook nie die twee kleiner vere nie;

2Es 11:23 en daar was niks meer op die arend se liggaam nie behalwe die drie koppe wat gerus het en ses klein vlerkies.

2Es 11:24 Toe het ek gesien, en kyk, van die ses klein vere het twee hulleself afgeskei en onder die hoof aan die regterkant gebly, maar die vier het op hulle plek gebly.

2Es 11:25 En ek het gesien, en kyk, die vere wat onder die vlerk was, het daaraan gedink om op te staan en te regeer.

2Es 11:26 En ek het gesien, en kyk, daar was een wat opgestaan het, maar sy het gou verdwyn.

2Es 11:27 En die tweede was gouer weg as die eerste.

2Es 11:28 En ek het gesien, en kyk, die twee wat oorgebly het, het ook daaraan gedink om self te regeer.

2Es 11:29 En kyk, toe hulle nog so dink, het een van die koppe wat gerus het, wakker geword, sy was die een in die middel, want sy was groter as die ander twee.

2Es 11:30 En toe het ek gesien dat die ander twee koppe aan haar verbind was.

2Es 11:31 En kyk, die kop het gedraai met hulle wat by haar was en die twee vere wat onder die vlerk was en wou regeer, verslind.

2Es 11:32 Maar hierdie kop het vrees oor die hele wêreld gebring en met groot verdrukking regeer oor almal wat op die Aarde gewoon het, en sy het groter heerskappy oor die wêreld gehad as al die ander vlerke wat was.

2Es 11:33 En hierna het ek gesien, en kyk, die kop wat in die middel was, het skielik verdwyn soos wat dit met die vlerke was.

2Es 11:34 Maar daar het die twee koppe oorgebly wat ook op dieselfde manier op die Aarde regeer het en oor hulle wat daarop gewoon het.

2Es 11:35 En ek het gesien, en kyk, die kop aan die regterkant het die een wat aan die linkerkant was, verslind.

# Lesing 46 van 03.10.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

2Es 11:36 Toe het ek ‘n stem gehoor wat aan my sê: Kyk voor jou en bedink dit wat jy sien.

2Es 11:37 EN ek het gesien, en kyk, dit was soos ‘n brullende leeu wat uit die woud gejaag is en ek het gesien dat hy ‘n mens se stem uiter aan die arend en sê:
2Es 11:38 Luister, Ek sal met jou praat, die Hoogste El sal aan jou sê:
2Es 11:39 Is jy nie die een wat oorgebly het van die vier wesens aan wie ek heerskappy op my Aarde gegee het nie, omdat na hulle die einde van die tye sou kom nie?

Dan 7:7 Daarna het ek in die naggesigte gesien, en kyk, daar was 'n vierde dier, vreeslik en skrikwekkend en baie sterk, en sy het groot ystertande gehad; sy het verslind en vermorsel en die oorskot met haar pote vertrap; en sy was verskillend van al die diere wat voor haar gewees het, en sy het tien horings gehad. [Openbaring 13:2]
Dan 7:8 Terwyl ek op die horings ag gee, kom daar 'n ander horinkie tussen hulle op, en drie van die vorige horings is daarvoor ontwortel; en kyk, in hierdie horing was oë soos mens-oë, en 'n mond wat groot dinge spreek.
Dan 7:17 Hierdie groot diere wat vier is - vier konings sal uit die Aarde opstaan;
Dan 7:18 en die apartes van die Hoogste El sal die koningskap ontvang, en hulle sal die Koninkryk in besit neem tot in ewigheid, ja, tot in alle ewigheid.
Dan 7:19 Toe wou ek sekerheid verkry oor die vierde dier wat van al die ander verskillend was, buitengewoon vreeslik, met ystertande en met koperkloue, wat verslind, vermorsel en die oorskot met haar pote vertrap het,
Dan 7:20 en oor die tien horings wat op haar kop was, en die ander een wat opgekom het en waarvoor drie geval het, naamlik hierdie horing wat oë en 'n mond gehad het wat groot dinge gespreek het, terwyl haar gestalte groter was as van die ander.
Dan 7:21 Ek het gesien dat hierdie horing oorlog voer met die apartes en hulle oorwin, [Openbaring 13:7]
Dan 7:22 totdat die Oue van dae kom en aan die Apartes van die Hoogste El Reg verskaf is en die bepaalde tyd gekom het dat die Apartes die Koninkryk in besit geneem het.
Dan 7:23 Só het Hy gesê: Die vierde dier - die vierde koninkryk sal op die Aarde wees, wat verskil van al die koninkryke en die hele Aarde sal verslind en sy sal haar vertrap en sy sal haar verbrysel.
Dan 7:24 En die tien horings - uit daardie koninkryk sal tien konings opstaan, en 'n ander een sal ná hulle opstaan, en hy sal verskillend wees van die voriges en drie konings neerwerp. [Prediker 4:13 - 16]
Dan 7:25 En hy sal woorde spreek teen die Hoogste El en die Apartes van die Hoogste El mishandel; en hy sal probeer om tye en Wet te verander, en hulle sal in sy hand oorgegee word gedurende 'n tyd en tye en die helfte van 'n tyd.
Dan 7:26 Maar die Gereg sal sit, en Hulle sal hom die heerskappy ontneem om haar vir goed te verdelg en te vernietig.
Dan 7:27 Dan word die koningskap en die heerskappy en die grootheid van die koninkryke onder die ganse Hemele gegee aan die volk van die Apartes van die Hoogste El; hulle Koninkryk is 'n ewige Koninkryk, en al die heerskappye sal hulle vereer en gehoorsaam wees.
Dan 7:28 Hier is die einde van die saak. Wat my, DaniEl, betref, my gedagtes het my baie verskrik en my gelaatskleur het verander aan my, maar die saak het ek in my hart bewaar.

2Es 11:40 En die vierde een wat gekom het, het al die wesens van die verlede oorweldig en deur sy heerskappy het hy die wêreld met groot vrees regeer, en die ganse Aarde met swaar verdrukking, en hy het dit ‘n lang tyd met bedrog onderwerp. [DaniEl 8:25]
2Es 11:41 Want jy het die Aarde nie met Waarheid geoordeel nie.
2Es 11:42 En jy het die sagmoediges verdruk, die wat in die rus was, beledig, jy het leuenaars liefgehad, die wonings van hulle wat vrug ingebring het, afgebreek, en die mure van hulle wat jou geen kwaad aangedoen het nie, het jy omgestamp.
2Es 11:43 Daarom het jou verkeerde handelinge voor die Hoogste El gekom en jou trots voor die Almagtige.
2Es 11:44 Die Hoogste El het ook op die trotse tye gesien, en kyk, hulle is beëindig, en hulle besoedelde dade is vervul.
2Es 11:45 En daarom, arend, verskyn nie meer nie, nog jou afskuwelike vlerke, nog jou besoedelde vere, nog jou besoedelde koppe, of jou pynigende kloue, of jou hele nuttelose liggaam.
2Es 11:46 Sodat die hele Aarde verkwik kan word, en nadat sy van jou geweld bevry is, mag terugkeer en mag hoop op die oordeel en Barmhartigheid van Hom wat haar gemaak het.

2Es 12:1 EN dit het so gebeur dat terwyl die leeu hierdie woorde aan die arend gespreek het, het ek gesien,

## Lesing 47 van 04.10.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

2Es 12:2 en kyk, die kop wat oorgebly het en die vier vlerke wat hulleself gereedgemaak het om te regeer, het verdwyn en hulle koninkryk was klein en vol oproer.
2Es 12:3 En ek het gesien, en kyk, hulle het nie meer te voorskyn gekom nie en die hele liggaam van die arend was aan die brand en die Aarde was in groot angs; toe het ek wakker geword uit die verrukking van my sinne en van die groot gewoel en die groot vrees, en ek het aan my gees gesê:
2Es 12:4 Kyk, dit het jy aan my gedoen omdat jy die Weë van die Hoogste El ondersoek.
2Es 12:5 Kyk, my verstand is uitgeput en baie swak in my gees, en daar is geen krag meer in my nie, vanweë die groot vrees wat my hierdie nag verskrik het.
2Es 12:6 Daarom sal ek nou by die Hoogste El pleit dat Hy my tot die einde toe sal versterk.
2Es 12:7 En ek het gesê: O Almagtige JaHWeH, as ek Barmhartigheid in U Oë gevind het, en as ek tot U geregverdig is voor baie ander, en as my gebed inderdaad voor U Aangesig gekom het,
2Es 12:8 versterk my dan en toon aan my, U dienskneg, die verklaring en onderskeid van hierdie vreesaanjaende visioen, sodat U my gees ten volle mag versterk,
2Es 12:9 Want U het my waardig geag om aan my die eindtye te openbaar.
2Es 12:10 EN Hy het aan my gesê: Dit is die verklaring van die visioen:
2Es 12:11 Die arend wat jy uit die see sien opkom het, is die vierde koninkryk wat in die visioen van jou broer, DaniEl, gesien is.
2Es 12:12 Maar sy was nie aan hom uitgelê nie, daarom verklaar ek haar nou aan jou.
2Es 12:13 Kyk, die dae sal kom dat daar 'n koninkryk op Aarde sal verrys en dit sal vreesliker wees as al die koninkryke wat vantevore was.
2Es 12:14 In dieselfde koninkryk sal daar twaalf konings regeer, die een na die ander:
2Es 12:15 Wanneer die tweede sal begin regeer, sal hy langer heers as enige van die ander twaalf.
2Es 12:16 Dit is wat die twaalf vlerke beteken wat jy gesien het.
2Es 12:17 En wat betref die stem wat jy hoor spreek het en wat nie uit die koppe gekom het nie, maar vanuit die middel van die liggaam,
2Es 12:18 dit is die verklaring: Dat na die tyd van daardie koninkryk sal daar groot worsteling wees en sy sal gevaar loop om tot 'n val te kom, nogtans sal sy nie val nie, maar weer herstel word na wat sy vroeër was.
2Es 12:19 En dat jy die agt klein ondervere gesien het wat aan hulle vlerke geheg was,
2Es 12:20 dit is die verklaring: Daar sal in hom agt konings verrys wie se tye kort en hul jare vinnig sal wees. En twee van hulle sal vergaan,
2Es 12:21 maar wanneer die middeltyd aanbreek, sal vier behou word totdat hulle eindes nader kom, maar die twee sal tot die einde toe bewaar word.
22 En die drie rustende koppe wat jy gesien het,
23 dit is die verklaring: In die laaste dae sal die Hoogste El drie koninkryke opwek en baie dinge daarin nuut maak en hulle sal heerskappy oor die Aarde hê,
2Es 12:24 en oor diegene wat daarop woon, met groter verdrukking as almal wat voor hulle was: daarom is hulle die koppe van arende.
2Es 12:25 Want hierdie is hulle wat hulle ongeregtigheid tesame te voorskyn sal bring en tot die uiterste toe sal volbring.
2Es 12:26 En dat jy gesien het die groot kop is nie meer daar nie, dit beteken dat een van hulle op sy bed en ook in pyn sal sterf.
2Es 12:27 Want die twee wat oorbly, sal met die swaard verslaan word.
2Es 12:28 Want die swaard van die een sal die wat by hom is verteer, maar ten laaste sal hy self ook deur die swaard val.
2Es 12:29 En die twee vere wat jy gesien het en wat onder die vlerke oor die kop aan die regterkant verbygegaan het,
2Es 12:30 dit beteken dit is hulle wat deur die Hoogste El bewaar word tot die einde toe, dis 'n klein koninkryk, maar vol oproer. [Boekrol van Henog 57:2]
31 En die leeu wat jy uit die woud sien kom het en wat gebrul en met die arend gepraat en haar bestraf het oor al haar ongeregtigheid, soos jy gehoor het,
2Es 12:32 dit is die Gesalfde wat die Hoogste El vir hulle bewaar het tot die einde toe. En Hy sal hulle bestraf en verwyt oor al hulle wrede dade.
2Es 12:33 Want Hy sal hulle voor Hom lewendig laat staan in oordeel, en nadat Hy hulle tereggewys het, sal Hy hulle vernietig.
2Es 12:34 Want die oorblyfsel van my volk sal Hy met Barmhartigheid bevry van die ellende, hulle wat dwarsdeur my grense bewaar is, en Hy sal hulle vol Vreugde maak tot die koms van die einde, tot op die dag van Oordeel waarvan ek met jou van die begin af gespreek het.
2Es 12:35 Dit is die droom wat jy gesien het en dit is die verklarings.

# Lesing 48 van 5.10.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

2Es 12:36 Jy alleen is waardig geag om hierdie verborgenheid van die Hoogste El te ken.

2Es 12:37 DAAROM skryf al hierdie dinge wat jy gesien het in 'n boek en versteek dit; 2Es 12:38 en leer dit aan die wyse manne van die volk wie se harte jy weet hierdie geheime kan begryp en bewaar.

2Es 12:48 En wat my betref, ek het julle nie verlaat nie, en ek het ook nie van julle gewyk nie, maar na hierdie plek toe gekom om te bid **vir Sion in Haar verwoesting** en omdat ek Barmhartigheid gesoek het vir die **verval van die Apartheid**.

2Es 12:49 En nou, gaan elkeen terug na sy huis en na hierdie dae sal ek na julle toe kom.

2Es 12:50 Toe het die volk teruggegaan na die Stad soos ek hulle beveel het,

2Es 12:51 maar ek het steeds in die veld gebly vir sewe dae soos die Boodskapper my beveel het, en ek het in daardie dae net die blomme van die veld geëet en kruie het my spys geword.

2Es 13:1 EN dit het gebeur dat na sewe dae het ek 'n **droom** in die nag gehad.

2Es 13:2 En kyk, daar het 'n wind uit die see opgekom wat al die golwe daarin beweeg het. Terwyl ek bly kyk het, het die wind iets soos 'n **figuur van 'n Man** laat opkom vanuit die see. En ek het gesien hoe Hy met die **Wolkkolom** van die Hemele vlieg.

2Es 13:3 En ek het gesien, en kyk, daardie Man is **versterk** met die duisende van die Hemele, en waar Hy Sy Aangesig gedraai het om te kyk, daar het alles wat onder Sy blik is, gebewe.

2Es 13:4 En waarheen Sy **Stem uit Sy Mond** gegaan het, dan het almal wat Haar gehoor het, gesmelt soos was wat smelt as dit die vuur voel.

2Es 13:5 En hierna het ek gesien, en kyk, daar het 'n groot menigte mense, wat nie getel kan word nie, saam vergader, vanuit die vier winde van die Hemele, om **teen die Man** wat uit die see opgekom het, **oorlog te voer,**

2Es 13:6 Maar ek het gesien, en kyk, Hy het vir Homself 'n **groot berg** uitgebeitel en daarheen opgevlieg.

2Es 13:7 Maar ek het die plek of streek probeer sien waaruit die heuwel gebeitel was en **ek kon nie**.

2Es 13:8 En daarna het ek gesien, en kyk, almal van hulle wat saam vergader was om Hom te onderwerp, was baie bang, maar nogtans het hulle geveg.

2Es 13:9 En kyk, toe Hy die geweld van die menigte sien wat aankom, het Hy **nie Sy Hand gelig** of 'n swaard gevat nie, ook **nie enige oorlogswapens** nie,

2Es 13:10 maar ek het gesien dat Hy uit Sy Mond 'n **vurige Gees** laat gaan en oor Sy Lippe 'n gloeiende asem, en van Sy Tong af het Hy vonke en storms gewerp. En dit is alles saam gemeng: die rukwinde, die vlammende asem en die groot storm,

[Rev 19:11 Toe het ek die Hemele geopend gesien; en daar was **'n wit perd**, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in Geregtigheid.

Rev 19:12 En Sy Oë was soos 'n Vuurvlam, en op Sy hoof was baie krone; en Hy het 'n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self.

Rev 19:13 En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en **Sy Naam is: Die Woord van die Elohim.**

Rev 19:14 En die leërs in die Hemele het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en skoongewaste fyn linne.

Rev 19:15 En **uit Sy Mond** gaan daar 'n skerp Swaard om die nasies met haar te slaan; en Hy sal hulle met 'n Septer van Yster regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die Grimmigheid en van die toorn van El, Almagtig.

Rev 19:16 En Hy dra op Sy kleed en op Sy heup die Naam wat geskrywe is: **Die Koning van die konings en die Meester van die meesters**. [Deuteronómium 10:17]]

2Es 13:11 en dit het met geweld geval op die menigte wat gereed was om te veg en dit het elkeen van hulle **verbrand** sodat daar van die ontelbare menigte niks te merk was nie, maar net stof en die reuk van rook. Toe ek dit sien, was ek bang. [Openbaring 19:2]

2Es 13:12 Daarna het ek **dieselfde Man** gesien afkom van die berg af en 'n ander **menigte van 'n vreedsame volk na Hom roep**. [Openbaring 19:4 - 9]

2Es 13:13 En daar het baie mense na Hom gekom van wie sommige **verheug** was en ander **treurig**, sommige van hulle was vasgebind en sommige het hulle wat gebloei sou word, gelei. Toe was ek siek vanweë 'n groot vrees en ek het wakker geword en gesê: [JirmeJaH 31:8; MattithJaHûW 22:9-10]

2Es 13:14 U het aan U dienskneg hierdie wonderlike dinge van die begin af getoon en U het my waardig geag dat U my gebed sou beantwoord.

2Es 13:15 Toon my nou tog die verklaring van die droom.

2Es 13:16 Want soos ek dit verstaan, wee hulle wat sal oorbly in daardie dae? En nog meer, wee aan hulle wat nie agtergelaat word nie!

# Lesing 49 van 6.10.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

2Es 13:17 Want hulle wat nie agtergelaat is nie, was treurig.

2Es 13:18 Nou verstaan ek die dinge wat gereedgemaak word **vir die laaste dae**, wat met hulle sal gebeur en ook met hulle wat agter gelaat word.

2Es 13:19 Want hulle sal in groot gevare en baie nood verkeer soos wat hierdie drome wys.

2Es 13:20 Tog is dit draagliker vir die adamiet om in hierdie gevare te verkeer, en die dinge te sien wat in die laaste tyd sal gebeur, as om deur die wêreld te gaan soos 'n wolk.

En Hy het my geantwoord en gesê:

2Es 13:21 **Die verklaring van die visioen** sal Ek aan jou toon, en Ek sal aan jou openbaar waarvan jy gespreek het.

2Es 13:22 Wat jy gespreek het oor hulle wat agtergelaat word, dit is die verklaring:

2Es 13:23 Die wat die gevare van daardie tyd sal deurmaak, sal Hy bewaar; **hulle wat die werke en die vertroue in die Almagtige bewaar**.

2Es 13:24 Weet dus dat hulle wat oorbly, meer geseënd is as hulle wat dood is.

2Es 13:25 DIT is die betekenis van die visioen, toe jy die **Man uit die middel van die see** sien opkom het:

2Es 13:26 Dit is Hy wat die Hoogste El vir 'n lang tyd bewaar het, deur Hom sal HY die wêreld **bevry** wat HY gemaak het en Hy sal **rigting gee** aan hulle wat oorgebly het.

2Es 13:27 En dat jy uit Sy **Mond** Gees van Vuur en storms sien kom het,

2Es 13:28 en dat Hy nie 'n swaard gehad het nie, ook nie enige oorlogswapens nie, maar dat Sy storm nogtans die hele menigte wat Hom kom onderwerp het, vernietig het. Dit is die verklaring:

2Es 13:29 Kyk, die dae kom wanneer die Hoogste El hulle wat op Aarde is, sal begin verlos.

2Es 13:30 En Hy sal 'n verrukking van sinne laat kom oor hulle wat op die Aarde woon. [Openbaring 16 - 18]

2Es 13:31 En die een sal teen die ander opstaan, die een stad teen die ander, een volk teen die ander en een koninkryk teen 'n ander. [Lukas 21:10]

2Es 13:32 En wanneer hierdie dinge gebeur, en die tekens wat Ek jou getoon het, plaasvind, **dan sal My Seun geopenbaar word**, Hom wat jy gesien het as die Man wat opstaan.

2Es 13:33 En wanneer al die volke Sy stem hoor, sal elke mens in sy eie deel van die Aarde die onderlinge stryd laat vaar.

2Es 13:34 En 'n **ontelbare menigte** sal versamel asof hulle wil kom **om Hom te beveg**.

2Es 13:35 Maar Hy sal op die **kruin van die Berg van Sion** staan.

2Es 13:36 **En Sion sal kom en aan alle mense getoon word, gebou en voorberei**, soos wat jy gesien het die **heuwel sonder mensehande** gebeitel word. [Openbaring 7:4]

13:37 Maar **My Seun sal die volke bestraf** vir die dinge wat hulle gedoen het en vir hulle besoedeling, en hulle pynigings waarmee Hy hulle sal begin pynig.

13:38 Hy sal hulle pynig oor hul besoedelde gedagtes; en Hy sal hulle moeiteloos vernietig **deur die Wet.**

*[Joh 12:47 En as iemand na **My Woorde** luister en nie glo nie, **Ek oordeel hom nie**; want Ek het nie gekom om die wêreld te oordeel nie, maar om die wêreld te red. Joh 12:48 Wie My verwerp en My Woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: **die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag.]***

2Es 13:39 En dat jy gesien het hoe Hy 'n ander **vreedsame menigte** by Hom versamel het, [Openbaring 7:9]

2Es 13:40 **dit is die tien stamme** wat uit hulle deel van die Aarde as gevangenes weggevoer is, uit hulle eie Adamah [die adamiet se Aarde] in die tyd van koning Hosea, wat Salmanéser, die koning van Assirië, in gevangeskap weggelei het, en hy het hom **oor die water geneem en so het hulle in 'n ander Aarde gekom**. [2 Konings 17:6]

2Es 13:41 Maar hulle het besluit dat hulle die menigte nasies sou verlaat en weggaan **na 'n ver deel van die Aarde waar geen adamiet nog ooit gewoon het nie**.

2Es 13:42 Sodat hulle daar **hulle Verordeninge kon hou** wat hulle nooit in hulle eie deel van die Aarde gehou het nie.

2Es 13:43 En hulle het ingegaan deur die **nou deurgange** van die Eufraatrivier.

2Es 13:44 Want die Hoogste El het toe tekens aan hulle getoon en het **die strome teruggehou** totdat hulle deurgegaan het.

2Es 13:45 Want deur daardie Aarde was daar 'n lang pad van een en 'n halwe jaar om te gaan, en daarom word die landstreek Aszareth genoem.

2Es 13:46 **Toe het hulle daar gewoon tot die laaste tye**. En wanneer hulle weer begin terugkom,

2Es 13:47 sal die Hoogste El weer die strome terughou dat hulle mag deurgaan, daarom het jy die menigte mense vreedsaam gesien.

2Es 13:48 **Maar hulle wat van jou volk sal agterbly, is hulle wat binne My grense gevind word**.

2Es 13:49 En wanneer Hy die menigte van nasies wat hulle uit die volke versamel het, begin vernietig, sal Hy **Sy volk wat oorgebly het, beskerm**.

# Lesing 50 van Sabbat 07.10.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder?

## 2 Esra 14-15

2Es 14:46 **Maar bewaar die laaste sewentig boekrolle**, sodat jy hom net **aan die wyses** onder die volk kan oordra.

2Es 14:47 Want in hulle is die **bron** van Kennis, die **Fontein** van Wysheid en die **stroom** van die wetenskap. En ek het so gedoen.

2Es 15:1 KYK, jy sal in die **ore van My volk** die woorde van profesie spreek wat Ek in jou mond sal lê, spreek JaHWeH.

2Es 15:4 Want al die ongelowiges sal sterf in hulle **ongelowigheid**.

2Es 15:5 KYK, spreek JaHWeH, Ek sal **rampe** oor die wêreld bring, die **swaard, hongersnood, dood en verwoesting.**

2Es 15:6 Want besoedeling (*BOOSHEID*) het die oorhand oor die Aarde gekry, en hulle skadelike werke is voltooi.

2Es 15:7 Daarom, spreek my Meester:

2Es 15:8 Ek sal nie swyg oor hulle ongeregtigheid wat hulle **roekeloos** pleeg nie, ook sal Ek hulle nie verdra dit wat hulle onregverdig doen nie. **Kyk, die onskuldige en regverdige bloed roep tot My en die siele van die regverdiges roep onophoudelik.** [Génesis 4:10; Openbaring 6:9,10]

2Es 15:9 Ek sal hulle sekerlik **wreek**, spreek JaHWeH, en Ek sal al die onskuldige bloed onder hulle ontvang.

2Es 15:10 Kyk, **My volk** word soos **'n kudde skape ter slagting gelei,** en Ek sal dit nou nie meer duld dat hulle in die **Aarde van Egipte** *(AFRIKA Suid vd riviere van KUS)* woon nie.

2Es 15:11 Maar Ek sal hulle **bring met 'n Sterke Hand en 'n Uitgestrekte Arm**, en Ek sal daardie Aarde met **plae** tref soos voorheen en die hele Aarde weer vernietig.

2Es 15:12 Egipte *(AFRIKA Suid vd riviere van KUS)* sal weeklaag en **sy fondament** sal met plae geslaan word en met straf wat JaHWeH daaroor sal bring.

2Es 15:13 Hulle wat die **grond bewerk**, sal treur, want hulle saad sal deur **brand** en **hael** en met 'n vreesaanjaende **stormwind** verwoes word.

2Es 15:14 Wee die Aarde en hulle wat daarop woon!

2Es 15:15 Want die **swaard** en hulle vernietiging kom nader, en **een volk sal opstaan en veg teen 'n ander** en die swaard wat hulle sal vernietig, is nie ver nie.

2Es 15:16 Want daar sal **opstoking** onder die mense wees, en die een sal die ander oorweldig, en hulle sal **hul konings en prinse nie ag nie**, en die vorste sal die pad van hulle handelinge met geweld afmeet.

2Es 15:17 En 'n mens sal begeer om by 'n stad in te gaan, maar **sal nie daartoe in staat wees nie**.

2Es 15:18 Want vanweë hulle **hoogmoed** sal die stede in **chaos** wees, die huise sal vernietig word en die mens sal **in vrees lewe**.

2Es 15:19 Die een mens sal **geen deernis** met 'n ander hê nie, maar sal hulle huise met die swaard vernietig, en hulle **goed roof** vanweë die **honger** na brood en die baie **benoudhede**.

2Es 15:20 Kyk, sê Elohim, Ek sal al die **konings** van die Aarde saamroep om My te vrees (ontsag te hê)- die wat daar is vanuit die weste, die suide, die ooste, en van die Libanon; om hulleself die een teen die ander te draai en te vergeld dit wat aan **hulle** (*My volk*) gedoen is.

2Es 15:21 Soos wat hulle tot vandag toe aan My **uitverkorenes** doen, so sal Ek aan hulle doen, en Ek sal dit **in hulle skoot** vergeld; so spreek My Meester JaHWeH.

2Es 15:22 My Hand sal die oortreders nie spaar nie, en My Swaard sal nie tot 'n einde kom oor hulle wat **onskuldige bloed** op Aarde vergiet het nie.

2Es 15:23 Die vuur van Sy Woede het uitgegaan, en die fondamente van die Aarde verteer en die oortreders soos strooi wat aangesteek is.

2Es 15:24 **Weë hulle wat die Wet oortree en nie My Gebooie bewaar nie, sê JaHWeH.**

2Es 15:25 Ek sal hulle nie spaar nie. Gaan weg julle kinders uit hulle mag, **besoedel nie My Apartheid nie**.

2Es 15:26 Want Elohim ken almal van hulle wat teen Hom oortree, en daarom **gee Hy hulle oor** aan dood en verwoesting.

2Es 15:27 Want nou kom die plae oor **die hele Aarde**, en julle sal in hulle bly, want Elohim sal julle nie bevry nie, want julle het teen Hom oortree.

2Es 15:28 KYK na die verskriklike visioen en sy aankoms is uit die **Ooste**:

2Es 15:29 Daar sal nasies van Drake uit **Arabië** kom met baie rytuie en soos 'n wind sal hul menigte oor die Aarde gedryf word, sodat almal wat hulle sal hoor, sal vrees en bewe.

2Es 15:30 Ook die **Karmeliete** (*nasie wat vrugbaar is*) raas in hulle woede, en hulle sal kom soos wildevarke uit die bos, en hulle sal **met groot mag** kom, en teen hulle oorlog maak, en hulle sal 'n deel van die Aarde van **Assirië** verwoes met hulle tande.


2Es 15:31 En dan sal die Drake die oorhand kry, en hulle oorsprong onthou; en hulle sal omdraai, en as 'n **groot mag saamsweer** om hulle te vervolg.

2Es 15:32 Dan sal die wat agtervolg word, ontsteld wees en stilbly deur die mag teen hulle en op die vlug

slaan.
2Es 15:33 En van die Aarde van die Assiriërs sal die vyand hulle beleër en sommige van hulle doodmaak, en daar sal **vrees en skrik** in hulle geledere wees, en **tweedrag** onder hulle konings.
2Es 15:34 Kyk daar kom wolke vanuit die **ooste** en die **noorde** na die **suide** en hulle is verskriklik om na te kyk, **vol van toorn en storms**.
2Es 15:35 Hulle sal teen mekaar stamp en 'n groot **storm** op die Aarde neerslinger, en die **bloed** wat deur die swaard vergiet is, sal tot by 'n perd se buik reik. [Openbaring 14:20]
2Es 15:36 En die **mis** van mense sal reik tot aan die gordels van die kamele, en daar sal **groot vrees en bewing op die Aarde wees;**
2Es 15:37 en hulle wat die onstuimigheid sien, sal verskrik wees en bewing sal hulle oorval.
2Es 15:38 En daarna sal geweldige **storms kom uit die suide** en **uit die noorde** en 'n ander deel **uit die weste**.
2Es 15:39 En die **sterk winde uit die ooste sal die oorhand kry** en sal dit wat hy in sy onstuimigheid opgewek het, in die wolk opsuig, en **die Ster** wat opgekom het om verskrikking na die ooste- en suidewind te bring, sal vernietig word. [Openbaring 8:10 en 9:1]
2Es 15:40 En daar sal groot en magtige **wolke**, vol onstuimigheid, **saam met die Ster opkom** sodat hulle oor die hele Aarde en die wat op haar woon, **vernietiging** sal bring; en ook sal hulle oor elke hoë en verhewe plek 'n **afgryslike storm** uitgiet.
2Es 15:41 [Ook] **vuur** en **hael** en **vlieënde swaarde** en **watervloede**, totdat al die velde vol is, en alle riviere deur die water oorstroom word.
2Es 15:42 En hulle sal die **stede afbreek**, en die mure, en die berge en die heuwels, en die bome van die bosse en die gras van die weivelde, en hulle vrugte.
2Es 15:43 EN hulle sal onstuitbaar **na Babel toe gaan** om haar uit te wis. [Openbaring 18]

2Es 15:44 Hulle **sal haar omsingel en haar beleër**, en sal **die Ster** en al sy onstuimige verwoesting op haar uitgiet; dan sal die stof en die rook opgaan tot in die Hemele en almal wat om haar is, **sal haar betreur**.
2Es 15:45 **En die wat in haar oorbly, sal diegene dien wat die verskrikking gebring het**.
2Es 15:46 En jy, **Asië**, wat eens deel gehad het aan die **hoop van Babel**, en die glorie van haar persoon is,
2Es 15:47 wee jou, jou ellendeling, want jy het jouself aan haar gelykgemaak en het **jou dogters getooi** in hoerery dat hulle hulle mag verheug en verlustig in jou geliefdes wat altyd begeer het om met jou **te hoereer**.
2Es 15:48 **Jy het die gehate stad altyd nagevolg in al haar werke en uitvindings**. Daarom, sê Elohim,
2Es 15:49 sal Ek plae oor jou stuur: **weduweeskap, armoede, hongersnood, die swaard en pes, om jou huise met geweld en dood te verwoes.**
2Es 15:50 En die glorie van jou krag sal soos 'n blom verwelk wanneer die hitte sal opstyg wat oor jou gestuur word.
2Es 15:51 Jy sal verswak word soos 'n arme wat geslaan en getugtig word deur die vroue, sodat die magtiges en die geliefdes jou nie sal kan ontvang nie.
2Es 15:52 Sou Ek ook so jaloers op jou wees, vra JaHWeH,
2Es 15:53 **as jy nie altyd My uitverkorenes gedood het nie**, en jou hande nie oor hulle opgehef het om hulle te slaan nie, en jy nie, toe jy dronk was van wyn, oor hulle dooies gesê het nie:
2Es 15:54 Versier nou die skoonheid van jou aangesig!
2Es 15:55 Die loon van jou **verbastering** is in jou **skoot**, daarom sal jy vergelding ontvang.
2Es 15:56 **Soos wat jy aan My uitverkorenes gedoen het, sê JaHWeH, net so sal Elohim aan jou doen en jou aan besoedeling oorgee.**
2Es 15:57 Jou kinders sal van **honger** sterf en jy sal deur die **swaard** val; jou **stede** sal afgebreek word en **almal** wat aan jou behoort, sal vergaan deur die swaard in die veld.
2Es 15:58 Hulle wat op die berge is, sal van **honger** omkom en **hulle eie vlees eet en hulle eie bloed drink** deur verskriklike honger vir brood en dors na water.
2Es 15:59 O ongelukkige, jy sal **oor die see uitwyk** en daar sal jy weer **plae** ontvang.
2Es 15:60 En met die deurtrek sal hulle op **die verslane stad** aanstorm, 'n gedeelte van jou Aarde verwoes en 'n gedeelte van jou glorie verteer en na die verwoeste **Babel** terugkeer.
2Es 15:61 En jy sal deur hulle **neergewerp** word as stoppels, en hulle sal teenoor jou wees soos **vuur**;
2Es 15:62 En hulle sal **jou verteer**; en **jou stede**, jou deel van die Aarde en **jou berge**, al **jou woude** en jou **vrugbare bome** sal deur vuur





**Sirië** **SOWJET UNIE** **SJINA**





verbrand word.

**NOORD KOREA** 2Es **PAKISTAN** **IRAK**

# Lesing 51 van 09.10.17 - Wat is `n Huis sonder `n Moeder? 2 Esra 16

2Es 16:1 WEE jou, Babel en Asië! Wee jou Egipte en Sirië!
16:2 Trek sakke en harige klere aan, beween julle kinders en treur, want julle vernietiging is op hande.
16:3 ‘n Swaard word oor jou uitgestuur en wie sal haar kan wegkeer?
16:4 ‘n Vuur is oor julle aangesteek en wie sal hom kan blus?
16:5 Plae word na julle gestuur en wie sal hulle kan afweer?
16:6 Kan iemand ‘n honger leeu in die bos verdryf? Of die vuur in ‘n stoppelland blus wanneer hy begin vlamvat?
16:7 Kan ‘n mens die pyl weer draai wat afgeskiet is deur ‘n sterk boogskutter?
16:8 JaHWeH Elohim stuur die plae en wie is hy wat hulle sal kan verdryf?
16:9 Vuur van Sy Woede sal voortkom, en wie is hy wat hom sal kan blus?
16:10 Hy sal weerligte werp en wie sal nie bevrees wees nie? Hy sal donder en wie sal nie bewe nie?
16:11 JaHWeH sal dreig en wie sal nie heeltemal vermorsel word in Sy aanskyn nie?
16:12 Die Aarde se fondamente bewe; die see bruis op uit die dieptes en die golwe kom in beroering en ook die visse, voor die Aangesig van JaHWeH en voor die Glansrykheid van Sy Krag.
16:13 Want sterk is Sy Regterhand wat die boog span, Sy pyle wat Hy afskiet, is skerp en sal nie mis wanneer hulle geskiet word na die eindes van die Aarde nie.
16:14 Kyk, die plae is gestuur en sal nie weer terugkeer totdat hulle op die Aarde gekom het nie.
16:15 Die Vuur is aangesteek en sal nie geblus word voordat Hy die fondamente van die Aarde verteer het nie.
16:16 Net soos die pyl wat deur ‘n magtige boogskutter geskiet word, nie terugkeer nie, net so sal die plae nie terugkeer wat na die Aarde gestuur word nie.
16:17 Wee my! Wee my! Wie sal my in daardie dae verlos?
16:18 Die begin van die smarte en die groot geweeklaag; die begin van die hongersnood en baie sterftes; die begin van oorloë, en die magtige sal bevrees word; die begin van plae, en julle sal almal bewe!
16:19 Wat sal ek hierin doen wanneer die plae sal kom?
16:20 Kyk, hongersnood en pes, verdrukking en benoudheid word gestuur as kastyding tot verandering.
16:21 Maar onder al hierdie dinge sal hulle hul nie bekeer van hulle ongeregtigheid nie, en sal ook nie altyd dink aan die kastyding nie.
16:22 Kyk, lewensmiddele sal so goedkoop op Aarde wees dat hulle sal dink dat daar vir hulle voorspoed gegee is, maar dan sal die plae op die Aarde uitspruit: die swaard, hongersnood en groot verwarring.
16:23 Want baie van hulle wat op die Aarde woon, sal vergaan van hongersnood en die ander wat die honger vryspring, sal deur die swaard vernietig word.
16:24 En die dooies sal soos drek uitgewerp word en daar sal niemand wees om hulle te vertroos nie; want die Aarde sal woes en die stede afgebreek wees.
16:25 Daar sal geen man oorbly om die grond te bewerk en te saai nie.
16:26 Die bome sal vrugte dra en wie sal dit versamel?
16:27 Die druiwe sal ryp word, en wie sal dit trap? Want al die plekke sal verlate wees.
16:28 En een mens sal begeer om ‘n ander mens te sien of sy stem te hoor.
16:29 Ja, van ‘n stad sal daar net tien oorbly, en in die veld net twee wat hulleself sal versteek in die digte bosse en in die rotsskeure.
16:30 Soos daar in ‘n vrugteboord drie of vier olywe aan elke Boom oorbly,
16:31 of soos wanneer ‘n druiweoes ingesamel word en daar net ‘n paar trosse gelaat word deur hulle wat ywerig deur die Wingerd soek,
16:32 net so sal daar in daardie dae drie of vier gelaat word deur hulle wat hulle huise met die swaard deursoek.
16:33 En die Aarde sal verwoes wees en haar velde sal oud word en die weë en al die Paaie sal met dorings bedek wees, want geen mens sal daardeur reis nie.
16:34 Die maagde sal treur omdat hulle geen bruidegom sal hê nie; die vroue sal treur omdat hulle geen mans sal hê nie; hulle dogters sal treur omdat daar vir hulle geen hulp is nie.
16:35 In die oorloë sal hulle bruidegomme omkom, en hulle mans sal weens hongersnood vergaan.
16:36 Luister nou na hierdie dinge en verstaan dit, julle dienaars van JaHWeH.
16:37 Hierdie is die Woord van JaHWeH, neem Hom ter harte en moenie twyfel wat Hy sê nie, glo nie die gode waarvan Elohim gespreek het nie.
16:38 Kyk, die plae kom nader en word nie vertraag nie.
16:39 Soos wanneer ‘n swanger vrou na nege maande haar seun moet baar, omdat die tyd van haar barensnood naby is, en die barensweë een, twee of drie uur vantevore begin, en nie ‘n oomblik lank verslap nie,
16:40 net so sal die plae wat oor die Aarde kom ook

nie verslap nie, en die Aarde sal treur en smarte sal van alle kante daarop toesak. [Lukas 21]

16:41 O My volk, hoor my woord: **Maak julle gereed** vir die geveg teen daardie besoedeling, gedra julle soos vreemdelinge op die Aarde.

16:42 Hy wat verkoop, laat hom wees soos een wat wegvlug, en hy wat koop, soos een wat sal verloor;

16:43 Hy wat koopware het, soos een wat geen wins daaruit maak nie; en hy wat bou, soos een wat dit nie sal bewoon nie;

16:44 Hy wat saai, soos een wat nie sal oes nie; so ook hy wat 'n Wingerd plant, soos een wat nie die druiwe sal insamel nie;

16:45 Hulle wat trou, soos hulle wat geen kinders sal hê nie; en hulle wat nie trou nie, soos weduwees en wewenaars.

16:46 En daarom hulle wat arbei, arbei tevergeefs.

16:47 Want **vreemdelinge** sal hulle vrugte oes en hulle goedere roof, hulle huise omgooi en hulle kinders gevange neem, want in gevangeskap en hongersnood sal hulle kinders hê.

16:48 En hulle wat hulle **koopware met rowery** bedryf, hoe meer hulle hul stede versier, hulle huise, hulle besittings en hulle persone,

16:49 hoe meer sal Ek kwaad word vir hulle oor hulle oortredinge, sê JaHWeH.

16:50 Soos 'n eerlike en deugsame vrou 'n hoer haat,

16:51 so sal Geregtigheid die ongeregtigheid haat wanneer Sy haarself versier en Sy sal haar in haar aangesig beskuldig wanneer Hy kom om diegene te verdedig wat ywerig elke oortreding op Aarde ondersoek het.

16:52 **En daarom, wees jy nie soos hulle nie, en ook nie soos hulle werke nie**;

16:53 want nog 'n klein tydjie en die ongeregtigheid sal weggeneem word van die Aarde af, en die regverdige sal oor julle heers.

16:54 Laat die wetsverbreker nie sê dat hy nie oortree het nie, want vurige kole sal Hy op diegene se kop laat brand wat sê: Ek het nie oortree voor Elohim en teen Sy Glansrykheid nie.

16:55 Kyk, JaHWeH ken al die werke en planne van die mens, hulle gedagtes en hulle harte.

16:56 Want Hy het gesê: die Aarde is, en die Aarde was daar, en laat die Hemele wees, en dit was so.

16:57 Deur Sy Woord is die Sterre gemaak en Hy ken hulle getal.

16:58 Hy deurgrond die dieptes en die skatte van haar; Hy het die see gemeet en alles wat in hom is.

16:59 Hy het die see in die middel van die water gesluit en deur Sy Woord het Hy die Aarde op die water gehang. [Job 26:7]

16:60 Hy het die Hemele soos 'n Koepel gespan; op die waters het Hy hom gegrondves. [Psalm 104:2]

16:61 In die wildernis het Hy waterfonteine gemaak, en mere op die kruine van die berge sodat die riviere sal afvloei van die hoë rotse en die Aarde benat.
16:62 Hy het die adamiet gemaak en sy hart in die middel van sy liggaam gesit en hom asem gegee, lewe en verstand

16:63 en die Gees van die Almagtige Elohim wat alle dinge gemaak het, en wat al die verborge dinge in die diepte van die Aarde deurgrond.

16:64 Hy ken sekerlik julle raadsplanne en wat julle in jul harte bedink wanneer julle oortree en julle oortredinge probeer bedek.

16:65 Daarom sal JaHWeH al julle werke ernstig deursoek en Hy sal alles te voorskyn bring.

16:66 En wanneer jou oortredinge openbaar word, sal jy beskaamd staan voor die mense en jou ongeregtigheid sal op daardie dag jou aanklaers wees.

16:67 Wat sal jy doen? Of hoe sal jy jou oortredinge voor Elohim en Sy Boodskappers verdoesel?

16:68 Kyk, Elohim is self die Regter, vrees Hom; laat los jou oortreding en vergeet jou ongeregtigheid om jou vir ewig nie weer met hulle te bemoei nie, so sal Elohim jou uitlei en jou verlos van al jou ellendes. [Psalm 75:8]

16:69 Want kyk, die brandende Woede van 'n groot menigte word oor julle aangesteek en hulle sal sommiges onder julle wegneem, en hulle doodmaak om vir julle gode tot spys te wees.

16:70 En hulle wat met hulle saamstem, sal deur hulle gespot word en met veragting bejeën word en onder die voete vertrap word.

16:71 Want dan sal daar in elke plek en in die omliggende stede **groot opstande** wees **teen hulle wat JaHWeH vrees.**

16:72 Hulle sal **soos waansinniges wees** en niemand spaar nie, om die wat JaHWeH vrees, te vernietig en te beroof.

16:73 Want hulle sal hulle **aanval**, hulle goed **beroof** en **vernietig** en hulle **uit hulle huise verjaag**.

16:74 DAN sal die **beproewing van My uitverkorenes** geopenbaar word, en hulle sal wees soos goud wat deur vuur getoets is. [1 Petrus 1:7]

16:75 Luister, o jy My geliefde, sê JaHWeH: Kyk, die dae van die verdrukking is naby, maar Ek sal jou daarvan verlos.

16:76 En wees nie bevrees nie, wees ook nie beangs nie, want **JaHWeH is jou Leidsman**,
16:77 En die van hulle wat **My Gebooie en My Insettinge bewaar**, sê My Meester JaHWeH, laat jou oortredinge jou nie oorval nie, en laat jou ongeregtigheid haarself nie ophef nie.

16:78 Weë hulle wat deur hulle oortredinge gebind is en deur besoedeling bedek word soos 'n veld bedek word deur bosse en die